

Vrye Weekblad

29 MEI - 25 JUNIE 1993 R3,00 (BTW INGESLUIT)

*Hierdie is die laaste uitgawe
van Vrye Weekblad die koerant -
Maar dit is 'n gelukkige einde -
oor 'n maand is ons terug
met 'n opwindende tydskrif.*

W&E

weekblad

R5,00

INHOUD N^o 222


28 Mei - 25 Junie 1993

10 & 11 Die Afrikaner Broederbond - of wat daarvan oor is - is diep onseker oor sy toekoms. **HENNIE SERFONTEIN** doen verslag oor nog twee onlangse Broederbond-dokumente wat die lusteloosheid en verwarring binne die organisasie weerspieël

16 - 19 Dié uitgawe van Vrye Weekblad wat jy nou in jou hande vashou, is die laaste uitgawe van Vrye Weekblad die koerant. **MAX DUPREEZ** het dié week deur al 221 uitgawes van Vrye Weekblad sedert 4 November 1988 geblaai en sy gedagtes laat teruggaan na die eerste sukkeldae

22 & 23 As aanbieder van Agenda is hy een van die bekendste gesigte in Suid-Afrika. Maar agter die skerms is Freek Robinson ook die bestuurder van die SAUK se aktualiteitsprogramme - sekerlik een van die verantwoordelikste beroepe in die land. **CHARL BLIGNAUT** praat met hom.

28 & 29 Daar is baie pynlike beelde op die huidige tentoonstelling in die Mark-kunssaal van kunswerke wat nege voormalige politieke gevangene agter tralies gemaak het - beelde waarin persoonlike reaksies op geweld, ontbering en eensaamheid intiem onthul word, sê **JOHANNES BRUWER**



AKTUEEL

4 - 7 DIÉ WEEK

8 THE BIGGEST BATTLE ON THE EAST RAND

9 ONDERHANDELINGE: DIE JONGSTE
13 WAT SE KLEUR IS 'N KLEURLING NOU EINTLIK?

MENSE

14 & 15 INA VAN DER LINDE GESELS
MET FRANK CHIKANE

26 BESSIE HEAD: DIE BRILJANTE
VERSTOTELING

31 LUCKY DUBE LOVES REAL LIFE

INTERNASIONAAL

12 VAN PARANOIA TOT PARAGUAY

RUBRIEKE & MENINGS

3 VRYDAGOGGEND SAAM MET MAX DU
PREEZ

24 & 25 BRIEWE VAN ONS LESERS

27 NETTIE PIKEUR

33 KLIPOOG OOR DIE WEEK SE TV

BOEKE

30 'N ANTI-KIND KULTUUR

KUNS EN VERMAAK

20 & 21 VITA ART NOW - SMEULENDE
SPANNINGS, MIN ONTPLOFFINGS

32 SA LOVE

34 CHARL BLIGNAUT KYK NA MAIDS

35 TEATERRESENSIES

36 ROLPRENTRESENSIES

37 CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN OOR
GLENGARRY GLEN ROSS

38 & 39 VRYE KEUSE

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike nuustydskrif wat uitgegee word deur
Wending Publikasies Beperk
(Reg. No. 88/40168/06)

WENDING PUBLIKASIES BEPERK EN
VRYE WEEKBLAD SE ADRES IS:
Breestraat 153, Newtown, Johannesburg.
POSADRES: Posbus 177, Newtown 2113.
TELEFOON: (011) 836-2151
FAKS: 838-5901

PRETORIA-KANTOOR (012) 83-4879

REDAKTEUR: Max du Preez

ASSISTENT-REDAKTEUR: Ina van der Linde

POLITIEKE KORRESPONDENT: Hennie Serfontein

SUB-REDAKTEUR: Ryk Hattingh

KOPIEREDAKTEUR: Johannes Bruwer

ONTWERP: Anton Sassenberg

VERSLAGGEWERS: Esmá Anderson,

Wally Mbhele, Charl Blignaut, Christi van der Westhuizen,

Virginia Keppler, Beverley Mitchell

OMGEWINGSKONSULTANT: Tienie du Plessis

REDAKSIE-ASSISTENT: Nicolette Viljoen

FOTOREDAKTEUR: Sally Shorkend

FINANSIËLE BESTUURDER: Mark Beare

BESTUURDER (BEMARKING): Elize Viljoen

KANTOOR-ASSISTENTE: Joseph Moetaesi, Vernon Zulu

so sê hulle

"Die Afrikanervolk was vir dekades sluimerend toe dit nie nodig was om politiek te bedryf nie. Maar ons moenie die Afrikanervolk onderskat as hy bedreig word nie. En as die Afrikanervolk bedreig word en hy staan op en ons word gestuur tot die stadium dat ons onself moet verdedig, sal ons dit doen met al die mag tot ons beskikking."

Genl CONSTAND VILJOEN, voorsitter van die vier generaals wat die Afrikaner-Volksfront (AVF) help mobiliseer

"This is not a joke. It is important."

European Commission spokesman **NICOLAAS WEGTER**, denying a British press report that the group intends to ban sales of curved cucumbers

"Die ANC hoef nie om verskoning te vra vir die dood van mense wat ANC-ondersteuners aanval nie."

TOKYO SEXWALE, leier van die ANC in die PWV-gebied, oor die geweld in Kathlehong

"To my mind, we're really talking about a much more complicated universe than we would like to think."
Pennsylvania State University astronomer **ROBIN CIARDULLO**, on why some stars seem to be billions of years older than the Big Bang

"Ons wil ons geld hê. Wat se soort burgemeester is jy wat met sy werkers praat terwyl jy agter die polisie skuil."
'n SAMWU-WERKER aan Frank van der Velde tydens 'n opmars in Kaapstad

"Ons het hier te doen met iemand wat nie eers die ervaring of die ondervinding het om die moeilikste pos ter wêreld aan te pak nie."

ROSS PEROT oor Bill Clinton

"Although Madonna lost her virginity in her high-school days and has a devil-may-care attitude, up to now she has had no traces of sexually transmitted diseases or Aids, so she is still an idol to youths in the West."

China's Jiangxi Daily, preparing readers for the pop singer's possible trip to the People's Republic next December or January



SOWETAN

het jy geweet?

Die oudste onveranderde letter in ons alfabet is O - wat nog dieselfde lyk sedert dit omstreeks 1 300 vC in die Feniesiese alfabet opgeneem is. Wêreldwyd is sowat 65 alfabette in gebruik.

Niemand kan van die vroulike saëwurms van die spesie *Bonellia viridis* sê hulle is die "swakker geslag" nie. Die vroulike wurms word tot 100 cm lank - maar die mannetjies se lengte is maar 1 mm. Die vroulike wurms weeg tot 100 miljoen keer meer as die klein mannetjies.



vrydagoggend MET MAX DU PREEZ

ONS SOEK 'N SKALPEL, NIE 'N VOORHAMER NIE

VAN nou af weet ons: geen "deurbraak" is deurbraak genoeg om nie met 'n handomkeer ongedaan gemaak te word nie; geen golf van optimisme oor die toekoms het genoeg momentum om nie deur 'n muur gestuit te kan word nie.

Daar is eenvoudig net te veel wilde jakkalse in ons politiek - en miskien moet ons ook begin raaksien dat 'n ooreenkoms tussen die onderhandelars in Kemptonpark maar 'n deel is van die oplossing van ons land se konflik. Dit gaan-veel dieper as 'n oorgangsraad of 'n verkiesingsdatum.

Miskien is daar iets positiefs aan 't gebeur in die land die laaste twee weke: ons het die ware kleure van ons verskillende politieke leierskapsgroepe gesien.

Begin by die bloedvergieting in die townships aan die Oos-Rand. Die ANC het gewéét dit is uiters uitlokkend om 'n opmars verby 'n problematiese Inkatha-hostel te hou, maar hulle doen dit in elk geval - in die woorde van 'n plaaslike ANC-leier: "It is our township, we can go where we want."

Inkatha het gewéét daar kom 'n ANC-opmars verby en dat dit 'n plofbare situasie kan wees, maar weier om vir dié uur of wat sy mense binnenshuis te hou.

Die polisie het gewéét die opmars gaan groot moeilikheid veroorsaak, so hulle moes voorberei gewees het. En toe tree hulle op soos kitskonstabels met net twee weke se opleiding, en verder verlustig hulle hul daarin dat hulle mos gesê het die twee partye soek moeilikheid. En toe die bloed eers vloei, toe staan hulle terug. Hoe anders kon groepe gewelddoers vir ure lank dosyne huise afbrand en nie deur iemand gesteur word nie?

OM ALLES TE KROON: die oggend voor die onderhandelings vervat het en die "deurbraak" moes begin konkretiseer, toe slaan Hernus Kriel en sy manne in blou soos in die ou dae landwyd toe en arresteer dosyne PAC-leiers.

Die sein aan die onderhandelars was klokhelder: te hel met julle. Want daar gaan sit Roelf Meyer en Dawie de Villiers by die tafel aan sonder om te weet dat hul eie regering van hul mede-onderhandelars aanhou.

Ek het lanklaas die regering só sien lieg en kleitrap. Die SAP se politieke kommissar, kaptein Craig Kotzé, sê die arrestasies het bloot gekom die oomblik toe die polisie-ondersoek "came to fruition". Die kommissaris, genl Johan van der Merwe, sê die tydsberekening was om 'n debat daaroor tydens die begrotingspos van die minister van Wet en Orde moontlik te maak. De Klerk sê dit sou die langnaweek gebeur het, maar toe is ontdek die meeste PAC-mense sou nie tuis wees nie.

Van der Merwe sê hy het Kriel Maandagoggend al ingelig, maar nie die staatspresident of 'n anderminister nie. Dawie de Villiers sê Kriel én Van der Merwe het hom "deur die loop van Dinsdagoggend" ingelig.

Al die ministers sê dit was 'n "suiwer polisie-aangeleentheid". Dink hulle ons is almal kinders? Van die aangehoudenes was top-onderhandelars! En hulle sê die polisie hoef nie toestemming by 'n politikus te vra nie. So hoekom het hulle 'n volle dag voor die tyd vir Kriel gaan sê? Doen hulle dit met alle arrestasies? Nee, hulle doen dit net as die optrede 'n politieke kleur het. So?

DIE GROOT VRAAG IS: as FW de Klerk al Maandagaand deur Kriel oor die planne ingelig is, soos hy sê hy was, hoekom het hy nie self vir Meyer en De Villiers ingelig nie? Dié twee ministers was duidelik hoogs verleë toe hulle by die onderhandelinge oor die arrestasies gekonfronteer is, en De Villiers het op *Agenda* erken dat dit "waardevol" sou gewees het om die inligting te gehad het voor hy gekonfronteer is.

Hier is twee moontlikhede: Of De Klerk wou nie hê Meyer en De Villiers moes weet nie, want hulle sou dalk 'n kabaal kon opskop oor die tydsberekening en manier van optrede, óf hy lieg dat Kriel hom ingelig het. Watter kant toe ook al, dit laat 'n mens ernstige bedenkinge oor sy vermoëns as regeringshoof kry.

G'n wonder nie Kriel het geweier om sy optrede op TV te gaan verduidelik - toe stuur hulle ame Dawie. Ek stem met Cyril Ramaphosa saam: solank Kriel die politieke hoof van die polisie is, kan daar nie regtig vordering gemaak word nie.

Dit was onvermydelik dat die polisie-optrede teen die PAC tot nuwe geweld en rassesspanning sou lei. Hoe kan die polisie 73 PAC-lede op onbekende aanklagte aanhou, terwyl almal in die land weet die AWB, die KP, die Wit Wolwe, die Wêreld Apartheidsbond en talle ander flentergat-groepies gewelddoers dreig net so openlik met geweld en van hulle ondersteuners is net so betrokke daarby, en tog word nie 'n vinger teen hulle verroer nie? Die gevolgtrekking onder die meeste Suid-Afrikaners was onvermydelik dat die een groep wit en die ander groep swart is. Soos CCV se *Newsline* wat Woensdagaand video's van die polisie se hardhandige optrede teen voornemende PAC-betogers afgespeel het teen die polisie se passiwiteit jeens jillende, dreigende AWB's en KP's in kakie met rewolwers aan die sy.

DIT BRING ONS BY die PAC se rol. Met hulle kan daar min simpatie wees. Oneerliker en meer opportunisties kry 'n mens waarskynlik nie onder ons land se politici nie.

Dié week het ons by monde van senior PAC-leiers soos Clarence Makwethu, Benny Alexander en Mark Shinnars moes hoor: Apla is ons gewapende vleuel, maar ons kan nie namens hulle praat nie. Die PAC en Apla voer 'n legitieme gewapende stryd, maar ons vermoer nie mense nie. Die wit boere het ons grond gesteel en moet aangeval word, maar ons soldate mag nie weens moord aangekla word nie.

Alexander het sover gegaan om op TV te sê: Apla het nog nooit 'n enkele moord gepleeg nie. Maar die gewapende stryd lei onvermydelik tot aanvalle. Beteken dit nie moorde nie? Dit sal jy vir Apla moet vra. Maar jou kollega sê Apla-beleid is om boere aan te val? Dié saak is nou *sub judice*, ek kan nie daaroor praat nie.

Nou ja. Wie kan só 'n politieke leier ernstig opneem? Om "oorlog" te verklaar teen iemand is een ding, maar om dan te verwag jou "vyand" mag niks doen om homself te verdedig nie, is mos absurd.

DIE JAMMERTE IS dat daar aanduidinge is dat dié absurditeit nie deur die meeste gepolitiseerde swartmense, veral jongmense, raakgesien word nie. Baie, waarskynlik die meeste, swartmense glo ook die witmense het hulle grond gesteel. Dis die plaasboere wat dié grond beset, en boonop is die persepsie dat die meeste wit boere rassiste is wat hul werkers onderbetaal en mishandel. G'n wonder nie die PAC sê honderde plaaswerkers is besig om by Apla aan te sluit.

Die PAC is ongelukkig nie die soort beweging wat in 'n posisie van redelikheid ingespraak kan word nie. En hoe meer die PAC 'n teiken van hardhandige polisie-optrede word, hoe meer is die ANC onder druk om hul kan te kies.

Het ons maar 'n regering gehad wat met 'n skalpel sny eerder as met 'n voorhamer voortdonder.



PERTH, AUSTRALIË - Vladimir Brissev speel sy viool vir 'n ongewone gehoor tydens 'n besoek aan die Perth-dieretuin. Brissev is 'n lid van die Moskouse staatsorkes wat tans in Australië op toer is om die honderdste herdenking van Tchaikovsky se dood te herdenk. (Foto: AP)

VITAMIE E EN HARTSIEKTE

VOORKOMING van hartsiektes behels gewoonlik die volgende: hou op rook, oefen genoeg en eet maer, plantgebaseerde kosse.

Maar nou is daar dalk hulp in pil.

Navorsers vermoed al lank dat vitamien E en die ander sogenaamde anti-oksidente (betakaroteen en vitamien C) kan help om are te beskerm teen die skadelike invloed van cholesterol.

Twee nuwe studies dui daarop dat hulle dalk al die tyd reg was, ten minste oor vitamien E.

Die twee studies wat onlangs in die *New England Journal of Medicine* gepubliseer is, het bevind dat onder 120 000 mense wat vitamien E aanvullings geneem het, omtrent 40 persent minder gely het aan hartsiektes as dié wat nie vitamien E geneem het nie.

Die studies moet nog geverifieer word, maar die nuwe bevindinge dui daarop dat vitamien E dalk ons sterkste wapen teen een van die grootste oorsake van dood kan word.

AMERIKANERS ONTDEK CLINTON SE KLEIVOETE

DIT was amper te goed om waar te wees: 'n jong, charismatiese, sexy en progressiewe president met 'n op-en-wakker vrou - 'n nuwe Kennedy, as't ware.

Maar skielik in die laaste paar weke het Bill Clinton se kleivoete lelik begin uitsteek, en nou is dit net afdraande vir sy gewildheid in Amerika.

En asof hy homself nie kan help nie, maak Clinton die een flater na die ander wat sy posisie verder verswak.

Soos om 'n R600 se haarsny van ene Christophe van Hollywood in Air Force One te kry terwyl twee landingstrome van die Los Angeles-lughawe gesluit moet word en verskeie vliegtuie vir byna 'n uur moet sirkel om te wag vir 'n landingstroom.

Soos om sewe staatsmaker-werknemers in die Wit Huis se reiskantoor summier in die pad te steek en met 'n Clinton-neef en 'n agentskap in sy tuisdorp, Little Rock, te vervang.

Maar dit word nou duidelik dat die siekte dieper loop as slegte

openbare skakeling. Koerante en tydskrifte berig nou weekliks oor watter verkiesingsbelofes hy gemaak het en nie nakom nie, soos die posisie van gays in die weermag. En sy gewik en weeg en verskeie bollemakiesies oor Bosnië het hom baie skade gedoen, ook internasionaal.

Neusweek haal dié week 'n "Clinton-vertroueling" aan dat die Wit Huis "a place beset by suspicion and intrigue" is. Volgens dié bron word die Clintons "gesaboteer" deur Republikeins-gesinde ondersteuningspersoneel, en beskinder selfs die Geheime Diens hom en sy vrou en hul beweerde huweliksprobleme.

CANNES-WENNERS

THE PIANO en *To My Concubine* was die gesamentlike wenners van die Goue Palm-toekening by die Cannes-filmfees dié jaar. Die keuse dra die goedkeuring van die meeste kritici weg in 'n jaar waar die oes maar oninspirerend was.

Daar was 'n opvallende gebrek aan Amerikaanse films: Martin Scorsese en Robert Altman se nuwe films is vir die Venesiese filmfees oorgehou. *Falling Down* is die Amerikaanse film wat die beste ontvang is. Tog was die film te kommersieel om werklik by die beoordelaars aanklank te vind.

Min werklik vernuwendes films was te sien. *Naked*, Britse regisseur Mike Leigh se swart komedie oor sosiale uitgeworpenes, lyk die belowendste.

Jane Campion se *The Piano* is die eerste Australasiese film om die gesogte Goue Palm in te palm - en ook die eerste film met 'n vrou as regisseur. Chen Kaige se *To My Concubine* is die eerste Chinese film wat wen.

Wat verras het, is die spesiale vermelding van *Friends*, 'n Brits-Suid-Afrikaanse ko-produksie met Elaine Proctor as regisseur. Dis moontlik net die aanmoediging wat Suid-Afrikaanse filmmakers nodig het. - CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN

REGSTELLING

Só lyk Wilhelm Verwoerd rêrig. In ons onderhoud met hom verlede week het ons per abuis die foto van sy neef Hendrik gebruik. Ons vra om verskoning vir die blaps.



DAAR IS NET ÉÉN UITWEG, SÊ SLABBERT



IN 'n onlangse onderhoud in *Embark*, die publikasie van Wits se Sakeskool, sê Frederik Van Zyl Slabbert:

"Ek wil vir geen oomblik die gevoel van ongemak onderskat wat jou gemiddelde middelklasfamilie in die Noordelike Voorstede ervaar nie. Die goeie ou dae is verby, maar dit was nog altyd te wagte gewees. Maar neem 'n mens in ag die vlak van vergelding en wraak wat almal in politieke kroegpraatjies voorspel het, is dit nie naastenby so sleg soos almal gedink het nie. Ek sê altyd, draai daai ou kaart in die rondte. Stop dit met jou vinger en vra jouself af of jy nou dáár wil wees. Sewe uit tien keer sal jy oor die betrokke plek waar jou vinger is, sê: 'Nee, in die tussentyd is ek heel gelukkig hier.'

"Ons gaan nou deur 'n oorgangstyd wat baie ooreenstem met sommige van die probleme wat in Latyns-Amerika en sekere Oos-Europese lande ervaar word. Anders as die gekonsolideerde demokrasieë van die Weste (selfs dié met 'n koloniale verlede) wat 'n meerderheid witmense gehad het, is die koloniale situasie wat ons hier in die gesig staar een waar 'n wit minderheid 'n lang tyd oorheers het.

"Ons kan dus nie 'n soort koloniale oorgang verwag waar die wit minderheid óf onttrek na 'n moederland óf waar 'n eksterne formule op ons afgedwing word as gevolg van die twyfelagtige soewereiniteit van die binnelandse situasie nie (byvoorbeeld Zimbabwe of Namibië). In plaas daarvan kan ons eerder 'n dinamika verwag soortgelyk aan dié van Pinochet se regering in Chile of Jaruzelski se regering in Pole: die amptelike regering sal deurgaans teenwoordig wees in die oorgangsproses. Daarom kan ons nie gaan kers opsteek by ander koloniale samelewings of gekonsolideerde demokrasieë in die Weste nie. Ons sal die ding moet onderhandel. En alle vlakke van die samelewing is betrokke by dié proses. Verskillende vlakke van onderhandel vind gelyktydig plaas en geen belangrike area in die samelewing sal van dié oorgang uitgesluit word nie.

"Anders as in Oos-Europa waar die sakewêreld maar begin om hul spiere te bult, het ons 'n goed gevestigde sakegemeenskap. 'n Gemeenskap wat betrokke is omdat hy kan sien waarvoor onderhandel word, dinge soos fisieke ontwikkeling en sosio-ekonomiese ontwikkeling sal die klimaat waarbinne die sakegemeenskap sake moet doen, regstreeks beïnvloed.



CHIMOIO, MOSAMBIEK - Twee lede van die Italiaanse kontingent van die VVO-vredesmag in Mosambiek bekijk dié vreemde wêreld uit hul pantsërkar. Die vredesmag probeer help om dié verseurde, platgeslane land ná twee dekades van burgeroorlog terug te kry op die pad na voorspoed en vrede. (Foto: AP)

PAC-LEIERS WEET VAN APLA-BEDRYWIGHED

SENIOR leiers van die PAC soos Clarence Kakwetu, die president, en Benny Alexander, die sekretaris-generaal, is op hoogte van die planne van Apla wat blanke boere as hoofteiken uitsonder in hul huidige strategie van geweld.

Trouens, die PAC-leierskap is ten volle deel en in beheer van die Apla-strukture, en dit is nie waar dat Apla nie met die goedkeuring en medewete van die PAC-leiers optree nie.

So vertel 'n senior lid van die PAC wat nou betrokke is by die leierskap en organisatoriese strukture van dié organisasie dié week aan my.

Die bron, wat ook 'n grondige kennis het van die omstandighede en opleiding in Apla-kampe in Zimbabwe, Tanzanië, Uganda en Libië, sê Makwetu en Alexander besoek dié kampe gereeld tydens hul reise. Die reise geskied gewoonlik amptelik as "besoeke aan die OEA".

Hy sê dit is egter waar dat die PAC-leierskap nie kennis dra van die besonderhede van operasionele optrede van bepaalde aanvalle nie. Dit is 'n fundamentele denkfout om die PAC se huidige reeks aanvalle op blankes as "gewone misdaad en moord" voor te stel, sê hy.

Die aanvalle op blanke boere is 'n weerspieëling van 'n bepaalde filosofie van die PAC oor dié bevrydingstryd, sê hy. Hy wys daarop dat as 'n mens die wyse ontleed waarop PAC-leiers soos Makwetu, Alexander en Ebrahim in die afgelope paar dae vroeë oor die aanvalle op boere beantwoord of ontwyk het, dit geen twyfel laat dat dié PAC-leiers bankvas daaragter staan nie.

Daar is na bewering 'n sterk groep binne die PAC wat steeds teen verdere deelname aan die onderhandelinge gekant is omdat hulle vrees dit kan 'n einde van die huidige geweldsveldtog van die party beteken. Volgens dié groep kan slegs 'n volgehoue "vryheidsoorlog" soos die terreur teen die boere, die party later in staat stel om in 'n sterk bedingingsposisie by onderhandelinge te hê.

Die bron verduidelik dat die PAC/Apla-strategie slegs verstaan kan word teen die agtergrond van die militêre opleiding

in en ondersteuning van lande soos China, die bevrydingsorganisasie in Eritrea, die Khmer Rouge in Kamboedja en die kommunistiese National Republic Army van die Filippyne.

Filosofies is daar 'n ooreenstemming met die strategie en denke van Zanla-guerrillas in Rhodesië en Unita. Zanla het ook die boere hul teiken gemaak. Die doel is, volgens die bron, om sogenaamde "bevrydingsones" te skep.

Hy wys daarop dat die werwing van en ondersteuning vir Apla-guerrillas die afgelope paar jaar baie meer omvattend is as wat die polisie beseft.

In die tagtigerjare het Apla hergroepeer in sogenaamde task forces, sê hy en beskryf dit as 'n herlewing van die POQO-aktiwiteite van die vroeë sestigerjare - hoewel hulle baie meer gesofistikeerd is.

Daarvolgens werf Apla-guerrillas wat in die buiteland opgelei is doodgewone mense op grassrootsvlak. Die opdrag is dat die persone - wat slegs elementêre opleiding in die gebruik van wapens ontvang - blanke plase moet aanval. Die doel is om die boer dood te maak en beslag op wapens te lê wat dan aan die ervare Apla-mense oorhandig word. Die grassroots-lede kan dan alles wat hulle op die plaas buit vir hulself hou.

Die onlangse geval in Noord-Transvaal waar 'n blanke boer voor sy vrou doodgeskiet is en van die Apla-aanvallers daarna doodgeskiet is, word as 'n klassieke aanval beskryf. In dié voorval was die gesneuwelde Apla-offisier besig om 'n groep grassroots-lede die land uit te neem vir verdere opleiding.

Dit word gedoen wanneer sulke lede 10 tot 15 binnelandse aanvalle uitgevoer het.

Die bron wys daarop dat die PAC-leierskap gekant is teen sogenaamde blindelinge aanvalle op blanke burgerlikes soos dié op King Williamstown. In PAC-geledere word vermoed dat die offisier verantwoordelik vir dié aanvalle buite magte opgetree het en dat daar waarskynlik teen hom opgetree is. "Miskien is sy knieskywe afgeskiet," het die bron wrang opgemerk.

HENNIE SERFONTEIN

RASPOETIN-DAGBOEK ONTDEK

DIE wêreld gaan binnekort meer te wete kom van daardie legendariese Russiese priester met die reusagtige seksuele aptyt wat die huishouding van die laaste Tsaar in die palm van sy hand gehad het, Grigory Raspoetin.

David Raskan, 'n argivaris in Rusland, sê hy het Raspoetin se dagboek ontdek en is besig om dit te vertaal om binnekort wêreldwyd te publiseer. Hy sê van sy medewerkers weet al lankal van die dagboek, maar het óf daarvan vergeet, óf is afgesit deur die byna onleesbare handskrif en swak grammatika.

Raspoetin was, volgens alles wat oor hom geskryf is, 'n rowwe kleinboer met 'n groot baard, 'n weghol-libido en 'n ongeëwenaarde kapasiteit vir vodka. Maar terselfdertyd was hy 'n soort mistikus en 'n filosoof wat helende hande gehad het.

Hy was tsaar Nicholas se vrou, Alexandra, se vertroueling en waarskynlik ook haar minnaar. Hy was die enigste mens wat Nicholas en Alexandra se seun, Alexei, van sy hemofilie kon genees, en het gou 'n groot invloed oor die tsaar se denke en besluitneming gehad.

Die Russiese koerante en die kerk het ontsteld geraak oor dié onbehoorlike beïnvloeding deur wat hulle as 'n barbaar beskou het, en historici glo dit het bygedra tot die revolusie van 1917.

Raspoetin is in 1916 deur 'n groep Russiese nasionaliste vergiftig, maar hy het niks oorgekom nie. Toe skiet hulle hom deur die hart, maar hy wou maar net die sterf nie. Hy is uiteindelik in die ysige Nevarivier gegooi en is nooit weer gesien nie, maar die gewone mense het nie geglo dat hy werklik dood is nie.

AXE HERNUS, DEMANDS SOWETAN

"Nothing less than the axing of HERNUS Kriel and the immediate replacement of the security forces under multi-party control can assuage our anger at the carnage on the East Rand," the daily *Sowetan* wrote in a front page editorial on Wednesday.

"In the face of inexplicable police incompetence (or even connivance), more than 50 people have died in East Rand townships since last Saturday.

"While accusations and counter accusations are being made about culpability for the violence, the police have much to explain.

"How is it possible, for instance, for a mob to kill so many, torch and loot dozens of houses and shacks over several hours without police intervention?"

"Why not the same mobilisation of forces to restore peace in East Rand townships as in the recent blockade of the Transkei?"

"Instead, Kriel uses hundreds of police in dawn raids on PAC officials and alleged Apla members in an obvious attempt by the government to show its own constituency it still has 'muscle'.

"Kriel's act of stupidity to order the arrest of PAC members has jeopardised the talks and will undoubtedly fuel the violence.

"The country has been plunged into a fresh crisis and decisive action is demanded of black political organisations.

"Forums like the Kempton Park talks and the National Peace Accord and other measures must be used effectively to stop the senseless slaughter of our people."



HI-TECH HITS THE SUPERMARKET SHELVES



PICK 'n PAY have announced that they will soon be marketing both the hardware and the airtime for cellular technology. Cellular telephones are, throughout the world, becoming the new means of telephonic communication. They allow for wireless, mobile communication and can be used in conjunction with fax machines and computers of the new digital technology flooding the communications market.

The real news, though, is that the company have picked up on European trends and are also marketing air time cards (operating like a credit card) which can be used on any cellular unit.

Pick 'n Pay say that they will be using a portion of the profits on installing the new telephone service in areas where people do not have ready access to a telephone. Their new scheme is likely to prove to be the first real private challenge to Telkom's dominance of local communication lines.

- CHARL BLIGNAUT

SEX SELLS



THE controversial Steers commercial with the horny burgerman and the two seductive girls in the convertible has been selected for a slot in *Sbois*, Britain's prestigious video-magazine. The reel, which will be seen by up to 12 000 advertising industry workers, poses the question: "Does Sex Sell?". Their marketing blurb reads: "Takes a look at the passion and the shock tactics and asks just how effective is sex as an advertising device".

Hunt Lascaris' Linda Notelovitz says: "They loved the Steers ad. Their research and programme production suggests that people wish to use it as a celebration of the new woman's sexuality on her own terms."

The commercial was made by The Gatehouse (a local film production company) for FMC (part of the Hunt Lascaris group). - CHARL BLIGNAUT



SARAJEVO, BOSNIË-HERZEGOVINA - Bosko Bokio, 'n Serwiër, en sy Moslem-vriendin, Admira Ismic, is deur skerpskutters doodgeskiet toe hulle probeer het om uit Sarajevo te glip. Dié foto is geneem vyf dae nadat die paartjie doodgeskiet is - die stuk niemandsland is voortdurend onder skerpskuttersvuur en niemand wou dit nog waag om die lyke te gaan haal nie. (Foto: AP)

WAT SKORT MET MANDELA?

DIE president van die ANC, Nelson Mandela, het sy beeld as 'n waardige leier en rustige denker kwaaï skade aangedoen met sy vreemde eis dat die ouderdom vir stengeregtiges na 14 verlaag moet word.

Mandela se voorstel is oor 'n breë spektrum in die Suid-Afrikaanse politiek as absurd en selfs onverantwoordelik bestempel, en diplomate het net in ongeloof hul koppe geskud.

Vir die ANC self was dit 'n verleentheid, en die National Working Committee het hom binne enkele dae gerepudieer deur te sê hulle staan by 18 as die kwalifiserende ouderdom.

Die ANC-leier wat hom glo die sterkste teengestaan het, is Zola Skweyiya, die voorsitter van die ANC se grondwetlike komitee. Hy het glo gesê dat 'n verlaging van die stemouderdom deur die ouer geslag swart Suid-Afrikans as 'n belediging en 'n gevaar gesien sal word. Dié mense is erg bekommerd oor die bandeloosheid en gebrek aan respek van die jeug.

Daar is ook verleentheid dat Mandela gesê het daar is reeds sewe lande wat 14 jaar as ouderdomsperk het - en daar is nie. Met een of twee uitsonderinge, waar 16 jaar geld, is alle werkende demokrasieë se ouderdomsperk 18.

Die ANC is nou bekommerd dat Mandela 'n wilde perd opgesaal het en dat die jeug nou op dié verlaging gaan aandring. ANC-bronne sê Mandela is baie besorgd oor sy beeld onder die jongmense.

PIK IN EGIPTE


PIK BOTHA, die minister van Buitelandse Sake, het dié week in Kaïro, Egipte, gesê Suid-Afrika het "bykans normale" verhoudinge met die meeste Afrika-lande, maar dat dié land nie aktief sal probeer om 'n lid van die Organisasie vir Eenheid in Afrika (OEA) te word nie.

Botha se besoek aan Egipte is deel van die regering se strategie om verhoudinge tussen Suid-Afrika en die Arabiese lande te normaliseer. Hy het Oman en Bahrain verlede maand besoek asook ontmoetings gehad met amptenare van Tunisië, Morokko, die Verenigde Arabiese Emirate en Jordanië.

Botha sê Suid-Afrika wil graag 'n handelskantoor in Kaïro open. Egipte het dit egter duidelik gestel dat hulle slegs te vinde sal wees vir diplomatieke betrekkinge tussen dié twee lande as deel van 'n OEA-inisiatief.

Botha het gesê hy sien uit na die dag dat Suid-Afrika sy plek kan inneem by die OEA, maar dat dit nie 'n saak is wat die regering oorhaastig gaan aanpak nie.

Hy sê handel tussen Suid-Afrika en ander Afrika-lande het die afgelope twee jaar verdubbel.



SIX DAYS OF HELL

Violence and death descended out of the blue on many East Rand residents this week. **WALLY MBHELE** describes the week of terror

THE war that broke out on the East Rand this week was the biggest and bloodiest carnage the country has seen this year. As residents yesterday started recovering from the effects of six days of pitched battles with both the hostel dwellers and the police, questions were left hanging as to whether this was a spontaneous outburst or a planned action.

As the death toll on the East Rand rose to above 60 on Wednesday, Katlehong and Thokoza resembled a war zone - with fierce battles raging between hostel dwellers and township residents on the one hand and between the police and township residents on the other.

Over 600 Katlehong and Thokoza families took refuge at Palmridge, 200 at the nearby Eden Park and 500 more at Natalspruit hospital this week as fighting raged throughout Monday, Tuesday and Wednesday.

On Monday Katlehong residents woke up to a pre-dawn raid by hostel dwellers reminiscent of the East Rand violence of 1990. Men wearing red headbands went from house to house in sections near the hostels, shooting and hacking indiscriminately at residents. Some houses were set on fire when hand-grenades were lobbed into them. By the end of the day, 13 people had been killed.

The latest clashes on the East Rand followed the killing of 14 ANC supporters who were marching past the Thokoza hostel to Alberton police station on Saturday. They were to present a memorandum calling for the announcement of an election date and the speedy settlement of the negotiation process.

While the ANC, the IFP and the police were on Sunday trying to explain and apportion blame for Saturday's massacre, they could not have been aware that more violence was about to follow. Inkatha-supporting hostel dwellers were already gathering their troops in kwé-Sine hostel to prepare for an attack early on Monday against residents living near the hostels in Mavimbela, Radebe and Mngadi sections.

Eyewitnesses and survivors of Monday's pre-dawn attack say people were stopped and forced out of taxis en route to work and forced to join a large group of hostel impis which was already raiding houses with spears and pangas, rifles and handgrenades.

In one house in Mavimbela section almost all the occupants - including a three year old - were killed in their sleep during Monday's raid when a handgrenade was lobbed inside. Scores of residents were badly injured.

WHEN VWB VISITED the Natalspruit Hospital, wounded survivors speaking from their beds were shocked at the intensity of the attack, which they said was totally unexpected.

The wards resembled a military hospital this week as almost every day more victims were admitted to the casualty section - some barely clinging to life.

On Monday afternoon barricades were set up everywhere by angry youths. Women and children hastily gathered clothes and blankets and fled to seek refuge on the grounds of the Natalspruit Hospital - leaving their men and youths to "defend property and lives".

By late Monday afternoon, all taxis had stopped operating



'They came as we slept'

A high school student from Mavimbela section who was shot in the stomach this week described the agony of the East Rand war to *Vrye Weekblad* from his bed in the Natalspruit Hospital:

"I was sleeping in a shack with my brother when all of a sudden we heard gunshots ringing outside.

"I realised that something bad must be happening when I heard women screaming and people running past our shack. When I looked out of the window, I saw a group of people wearing red headbands setting houses on fire and indiscriminately shooting at people. There were big clouds of smoke outside.

"I told my brother that it's bad outside, we are going to be burned inside the shack unless we try to run away. I can't even remember how I managed to dress. I can only remember when an AK-47 shot hit my stomach. I was trying to jump a fence when I was shot.

"I never turned back. I kept on running and running not knowing where I was going to. All I could feel was a pain burning on my stomach and the reverberating sound of AK-47s and hand grenades behind me.

"The next thing, I was here in hospital. I don't know how I came here and I don't know if my brother is still alive. I last saw him before I was shot. The nurses told me that I was found unconscious somewhere in Mavimbela section."

in the township and all major entrances to the township were blocked with burning barricades, including worn out cars and tyres. All night defences were set up at the corners of most sections.

As night descended, gun battles broke out between the police and residents. In one battle, the police fought with residents in the vicinity of Mandela squatter camp for more than 5 hours on Tuesday morning.

The fight - which saw youths from the nearby Nhlapho section joining the squatters - was probably sparked by Monday's attack on a police helicopter, in which several shots narrowly missed the Regional Commissioner of Police, Lieutenant General Koos Calitz.

Workers who had already started leaving for work were forced back to their homes by the sounds of gunfire from both the police and the squatters. Not a single car could be spotted in the heavily barricaded streets.

As skirmishes continued between the police and the squatters, there were reports that more houses had been attacked and burned down the previous night in Mngadi section, where the fight was described as "very fierce". Among the casualties in Mngadi were a young couple who burned to death inside their house. Neighbours said they had only recently been married.

WHILE THE POLICE were still exchanging fire with Mandela Park residents, irate youths launched a massive manhunt against IFP members and those believed to be sympathisers in the township.

In one such raid on Tuesday afternoon, a man believed to be an IFP member was trapped in his house by an angry mob of youths. They set upon the house with petrol bombs and stones. Shots rang out from inside but the determined mob continued the attack with petrol bombs.

As the house caught fire, the police arrived and fired a volley of rubber bullets and teargas before rescuing the man from the burning house.

Shortly thereafter, *Vrye Weekblad* witnessed armed youths chasing another man, whom they said was an "Inkatha", down Credi section towards the police station. When he fell to the ground, a rain of fists and knobkerries descended on his face. While the youths were looking for petrol to douse the man, the police arrived and rescued him.

By late Tuesday afternoon, shots were ringing out from all directions in the township as pitched battles between police and youths continued unabated. During these battles the municipal offices were burned down and dustbins looted.

On Tuesday night, Phola Park squatters - backed by armed Thokoza residents - were said to have launched a heavy attack on Thokoza hostel which was stopped by the police. During this raid a woman was kidnapped from the hostel and necklaced at the nearby Phola Park.

The next morning, the Thokoza hostel dwellers joined their Katlehong counterparts in pouncing upon residents of Moleleki section.

IN THE MORNING, exhausted youths were still manning the street corners, faces black with tyre smoke. Warming themselves at burning barricades, some openly wielding their



pistols, they wearily told people not to go to work as "the battle seems to be far from over".

Indeed the battle was far from over. On Wednesday morning, sporadic shootings were reported to be continuing in Siluma section between hostel dwellers and residents on the one hand, and between police and residents on the other.

On Wednesday, according to ANC monitors:

* The treasurer of the Thokoza ANC branch, Dan Makhanya, was abducted to Thokoza hostel.

According to the ANC, Makhanya is one of several people abducted when taxis were stopped and forced into Thokoza hostel.

* A policeman was killed in Phola Park.

* Three people were reported to have been killed in Mokae section near the hostel and several houses attacked and set on fire.

* Two houses were burned down next to Buyafuthi hostel in Mngadi section, where forced recruitment by Inkatha was reported. It was also reported by refugees at Natalspruit hospital that hostel dwellers had taken complete control of all the sections next to the hostel.

According to the Human Rights Commission (HRC), by Wednesday 25 people had been killed and 71 injured in Thokoza; while 26 people had been killed and an unknown number injured in Katlehong.

The HRC said it had recorded the violent deaths of 64 people in East Rand townships this week - "the highest recorded this year". Prior to this incident, HRC said, only two people had been injured in incidents of violence in the PWV area.



BONN, DUITSLAND - Betogers teen strenger Duitse asielwetgewing skeur 'n Duitse vlag naby die Bundestag. Die parlement was op dié tydstop besig om 'n wet te bespreek wat die aantal vreëmdelinge wat Duitsland jaarliks binnekom, skerp sal laat daal. (Foto: AP)

UNITA DREIG OLIEMAATSKAPPYE

UNITA dreig met vergeldingstappe teen buitelandse oliemaatskappye wat gebaseer is in die Soyo-gebied in Noord-Angola, wat Unita dié week vir die tweede keer sedert Januarie ingeneem het.

Volgens die rebelle-sender Radio Unita help die maatskappye die Angolese regering in die oorlog deur wapens te verskaf en die werwing van huursoldate te finansier. Die maatskappye fnuik glo ook Unita se pogings om wapens te koop.

Radio Unita het nie uitgespel presies wat die "vergeldingstappe" sal behels nie, maar verskeie van die maatskappye - onder meer Texaco Inc van Amerika en Elf Aquitaine van Frankryk - se olieplatforms in die see is binne trefafstand van Unita se artillerie in Soyo. Die Soyo-gebied lewer sowat 'n derde van Angola se olieproduksie.

In nog 'n uitsending het Radio Unita dié week ook gedreig om teen Zambië op te tree as dié land instem tot die Angolese regering se versoek om gesamentlike militêre patrollies aan die grens tussen hulle om te keer dat voorrade na die rebelle deurkom.

"Enigiets wat roer in die oostelike grenssone sal beskou word as 'n teiken wat vernietig moet word," het Radio Unita gesê. Die rebelle-sender het ontken dat gevegte steeds in die Soyo-gebied voortwoed, en gesê buitelandse joernaliste word genooi om die dorp te besoek.



WIE HET SAL NOG KRY

KONINGIN Elizabeth en Prins Charles van Brittanje, lede van een van die heel rykste families ter wêreld, het vanjaar al R300 000 aan subsidies van die Europese Gemeenskap gekry - omdat hulle niks op hulle plase doen nie.

Die EG betaal boere subsidies om, weens die oorskot van landbouprodukte, niks te plant nie. Charles self het dié beleid onlangs as "die grootste monster in die doolhof" van die EG se landboubeleid beskryf.

Die twee koninklikes kry ook nog honderdduisende ponde aan subsidies van die Ministerie van Landbou in Brittanje. 'n Woordvoerder van dié ministerie het aan die Britse *Sunday Express* gesê die koningin en Charles is "meticulous about claiming every subsidy available".

MICK SE MANEWALES

VOLGENS 'n nuwe boek wat pas in Amerika verskyn het, wil dit voorkom of Mick Jagger van die Rolling Stones bedoel het wat hy sê toe hy gesing het: "I can't get no satisfaction."

Volgens die boek deur Christopher Andersen, *Jagger Unauthorized*, het dié veteraan-popster onder andere saam met Madonna, Eric "Slow Hand" Clapton, David Bowie, Andy Warhol en Rudolf Nureyef ingekruip.

Sels prinses Margaret het glo in die sestigerjare, toe sy nog met Lord Snowdon getroud was, 'n draai by Hot Lips gemaak. Die Koningshuis in Brittanje wil nie dié storie bevestig nie.

BELANGRIKE KENNISGEWING

Vrye Weekblad trek op 14 Junie van sy gebou in Newtown na Scout Hall, 91 Carolinestraat, Brixton, Johannesburg. Die posbus bly Posbus 177, Newtown 2113. Vanaf 14 Junie is die nuwe telefoonnommer 837 8049, maar die ou telefoon- en faksnommer kan tot einde Junie ook gebruik word.

'N SKOOT IN EIE VOET VIR REGERING

Dit is Staatspresident FW de Klerk en sy regering - en nie die onderhandelingsproses as sodanig nie - wat die grootste knou weg het weens die storm wat losgebars het nadat meer as 70 PAC-leiers en -amptenare in 'n landwye veiligheidsoptrede in hegtenis geneem is, skryf **HENNIE SERFONTEIN**

ONDANKS die storm oor die polisie se optrede teen die PAC vroeg Dinsdagoggend het die ANC dit twee dae later wonder bo wonder beklemtoon dat dit noodsaaklik is dat onderhandelinge moet voortgaan.

Nelson Mandela, die president van die ANC, het gesê die demokratiese proses is sterk genoeg om dié storm te oorkom - net soos talle probleme sedert 1986 in die onderhandelingsproses oorkom is.

Dié duidelike standpunt van die ANC is insiggewend, veral omdat dié organisasie uiters kwesbaar is vir kritiek vanuit hul jonger radikale gelede, wat groot simpatie met die PAC se standpunt het.

Alles dui egter daarop dat die ANC, soos die regering en ander partye, steeds verbind bly tot 'n spoedige besluit oor 'n verkiesingsdatum, grondwetlike beginsels en die Uitvoerende Oorgangsrade (TEC's).

'n Belangrike aspek van die gebeure dié week is dat die PAC-afgevaardigdes nie Dinsdagoggend hul goed gevat en uitgeloopte soos Benny Alexander, sekretaris-generaal van die PAC, voorspel het nie.

Die PAC se amptelike standpunt, by monde van president Clarence Makwetu, is dat die organisasie se voortgesette deelname daarvan afhang of die regering gaan voldoen aan hul eise om die aangehoudenes vry te laat, die gekonfiskeerde dokumente terug te besorg en die skade te herstel wat tydens die klopjagte aangerig is.

DAAR IS OOK diepe verdeeldheid in die PAC oor die kwessie van deelname aan die veelparty-onderhandelings. Dinsdagoggend voor en tydens die kort vergadering van die onderhandelingsraad het die ander partye opsigtelik uit hul pad gegaan om te verseker dat die PAC binne die onderhandelingsproses bly.

Die krisisbyeenkoms vooraf agter geslote deure van die beplanningskomitee het drie uur geduur, twee uur langer as wat beplan is. Hul was in gesprek met Gora Ebrahim 'n senior PAC-vertegenwoordiger. In die oop gesprek wat daarop gevolg het, het Ebrahim - in teenstelling met die wilde uitlatings van Benny Alexander - sy woorde opvallend versigtig gekies, hoewel die regering vanselfsprekend bitter veroordeel is. Hy het gevra dat die vergadering met twee dae uitgestel word. Hy het nie ná vyf minute uitgeloopte soos Alexander voorspel het nie.

Die meeste sprekers, ook dié van die IVP, het daarna opsigtelik uit hul pad gegaan om die PAC en hul toegewydheid tot die onderhandelingsproses én hul waardige reaksie op die provokatiewe polisie-optrede, sterk aan te prys.

Die manier waarop die polisie die arrestasies en die regering die PAC-saak hanteer het, het die regering op verskeie vlakke ernstige skade berokken.

'n Belangrike ontwikkeling was dat die regering se natuurlike bondgenoot, die IVP by monde van Frank Mdlalose, hul op 'n besadigde maar ferme wyse agter die ANC en andere geskaar het in hul kritiek teen die regering.

Die regering het 'n gulde geleentheid deur sy vingers laat glip om die PAC, met die ANC se ondersteuning, in 'n hoek te dryf oor sy geweldstrategie.

Dinsdagoggend sou die Demokratiese Party 'n voorstel ingedien het om die PAC se goedkeuring van geweld en Apla te veroordeel. Daarna sou die tegniese komitee aanbeveel het dat alle partye die vredesakkoord onderteken - iets wat sowel die PAC as die KP nog nie gedoen het nie.

Die PAC sou dan geen keuse gehad het as om dit te

onderteken nie - veral vanweë druk uit die Organisasie vir Eenheid in Afrika (OEA) en hul ander internasionale ondersteuners.

MAAR WEENS DIE POLISIE se optrede het die situasie oornag dramaties verander. Nou is dit die regering, en nie die PAC nie, wat in die beskuldigdebank staan en wie se integriteit bevraagteken word.

Die debakel versterk ook die eis van die ANC en andere vir 'n vorm van gesamentlike beheer oor die veiligheidsmagte in die oorgangsfase voor die verkiesings - 'n eis wat tot dusver botweg deur die regering verwerp is.

Die ANC en ander partye sê die voorval bewys dat De Klerk en elemente van sy regering nog nie die nuwe politieke realiteit begryp nie, en geweldsprobleme streng wetties hanteer asof die huidige parlement en regering nog steeds oppermagtig is.

Dit bewys die regering is nog steeds sowel speler as skeidsregter, het Cyril Ramaphosa, die Sekretaris-generaal van die ANC, in Dinsdag se debat gesê.

Dat senior onderhandelars van die regering en die NP soos Roelf Meyer, Dawie de Villiers, Leon Wessels en Tertius Delpont hoegenaamd nie vooraf hieroor ingelig of geraadpleeg is nie, weerspieël die onsensitiewe van elemente in die regering - en blykbaar van De Klerk self - oor die onderhandelingsproses. Dit was Dinsdag pynlik om die geweldige persoonlike en politieke verleentheid te aanskou van die regeringsonderhandelars, wat intieme vertrouensverhoudinge in die onderhandelinge opgebou het.

"Ek is persoonlik diep beskaamd oor wat vandag gebeur het," sê 'n senior regeringsman agterna.

EERS IS GEMEEN dat die polisie nie vooraf vir Hernus Kriel, die minister van Wet en Orde, en De Klerk ingelig het nie - wat die indruk gewek het van rebelse polisie-generaals wat die onderhandelingsproses wou vertraag.

Maar nou blyk dit dat Kriel reeds Maandagoggend en De Klerk Maandagaand daarvoor ingelig is. Die ergste is dat nóg Kriel nóg De Klerk dit belangrik genoeg geag het om dié belangrike nuus mee te deel aan hul onderhandelars in die World Trade Centre.


Dit alles lyk na 'n manifestasie van diep verskille binne die kabinet oor die onderhandelingsproses en die hantering van geweld. Parlementariërs sê aan VWB dit was Woensdagmiddag tydens De Klerk se beantwoording van vrae hieroor in die parlement opvallend hoe ontsteld en afgesonder mense soos De Villiers en Meyer voorgekom het.

Veral Meyer as hoofonderhandelaar het binne die koukus die teiken van 'n "venynige persoonlike smeerveldtog en rugstekery" geword, sê NP-bronne.

De Villiers was duidelik ongemaklik in Woensdagaand se Agenda-bespreking, waaraan Kriel geweier het om deel te neem. Hy het bloot tegnies die polisie se verduidelikings weergegee en dit was duidelik dat hy nie daarmee saamgestem het nie.

Ewe betekenisvol was 'n hoofartikel Donderdag in *Beeld*. Skerp kritiek is daarin op Kriel uitgespreek omdat hy nie sy onderhandelars in kennis gestel het nie. Dit beteken by implikasie ook kritiek op De Klerk. *Beeld* sê sarkasties dat minister Kriel waarskynlik "nie gedink het dis nodig dat hy as regeerder sy handeling moet verduidelik nie".

TOE DE KLERK sy gewig agter die polisie-optrede ingegooi



Hernus Kriel Foto: SALLY SHORKEND

het en beklemtoon het dat die handhawing van wet en orde ewe belangrik is as die onderhandelingsproses en daarmee saamhang, het dit duidelik die mening weerspieël van die oorgrote meerderheid van die NP-parlementariërs.

Dit weerspieël die persoonlike oortuiging van De Klerk - en waarskynlik van alle regeringsleiers, hetsy "duiwe" of "valke" - dat die sogenaamde "dualisme" van die PAC om te onderhandel en terselfdertyd moord te beplan nie langer geduld kan word nie - 'n ongeduld waarmee die meeste Suid-Afrikaners, swart sowel as wit, saamstem.

Volgens 'n regeringsbron kan dit dus verwag word dat die regering - ongeag of hulle toegee dat die PAC-arrestasies 'n fout was of nie - sal voortgaan om op die PAC se geweldstrategie te fokus. Die probleem is natuurlik dat die regering nou nie meer in die sterk posisie is waarin dit Maandagaand was nie. Boonop kan dit moeiliker wees om die ANC se openlike ondersteuning daarvoor te kry.

Dit was trouens opvallend hoe Ramaphosa op 'n perskonferensie bespiegeling oor die moontlike onttrekking van die PAC ontwyk het. Dit weerspieël die ANC se siening dat alles gedoen moet word om die PAC binne die proses te behou.

Afgesien van hoe De Klerk persoonlik mag voel oor die manier waarop die polisie opgetree het, wys sy sogenaamd onbuigsame standpunt dat hy geensins van plan is om óf Kriel óf die polisie in die openbaar te kritiseer nie. As sensitiewe politikus is hy terdede bewys van groeiende spanninge in die koukus, van kritiek dat die regering nie meer wet en orde kan handhaaf nie, en van dreigemente in die koukus van lede wat hulle by die IVP wil aansluit.

Dis juis omdat die ANC maar alte goed weet van De Klerk se ernstige interne probleme dat hulle tot elke prys so vinnig moontlik wil voortgaan met die onderhandelingsproses voordat die posisie van die Staatspresident self in die gedrang kom en verswak.

'n Swaar wolk hang oor die Broeders

Die Afrikaner Broederbond - of wat daarvan oor is - is diep onseker oor sy toekoms. **HENNIE SERFONTEIN** doen verslag oor nog twee onlangse Broederbond-dokumente wat die lusteloosheid en verwarring weerspieël

DIE huidige debat binne die Afrikaner Broederbond (AB) weerspieël die onsekerheid en verwarring oor die toekoms van die organisasie asook 'n geworstel met die vraag of die AB nog hoegenaamd bestaansreg as 'n geheime organisasie het.

Uit verskeie dokumente van die afgelope paar jaar word met kommer verwys na die laksheid, die verlies van geesdrif en die gebrek aan toewyding onder sommige lede en selle.

So is daar in sekere streke selle wat vanweë die ingrypende politieke veranderinge gevaar loop om te ontbind - 'n saak wat die dringende aandag van Hoofkantoor geniet.

Maar twee besprekingsdokumente van die afgelope twee maande weerspieël in besonder die diepliggende onsekerheid onder lede oor die toekoms van die AB as organisasie. Dit blyk ook uit die dokumente dat baie lede meen die aanbevelinge van die Uitvoerende Raad (UR) van die AB - dat sekere inligting wel openbaar gemaak kan word en dat die organisasie met minder geheimhouding voortgaan - nie die finale antwoord is nie.

Die twee besprekingsdokumente is blykbaar afkomstig van vooraanstaande lede in die organisasie en dra dus besondere gesag. Die een dokument van drie bladsye se opskrif stel duidelik dat die dokument "vertroulik" is, en onder aan die dokument is die afkorting "JMO."

Die tweede dokument, getiteld "Aanvullend tot vraelys", is 'n verwysing na die vrae wat aan lede gestuur is tydens die onlangse referendum in die AB. Dit is klaarblyklik deur 'n groepie besorgde Broers opgestel.

DIE EERSTE DOKUMENT van JMO bevestig dat die onlangse onthullings van die AB die organisasie onherroeplik skade berokken het en dat sy geloofwaardigheid selfs onder establishment-Afrikaners besig is om vinnig te verkrummel.

JMO erken: "Dit kan nie ontken word dat die AB tans onder groot verdenking verkeer onder landgenote nie, insluitend mede-Afrikaners. Die vertroulike aard van die organisasie en afguns sowel as teleurstelling by diene wat nooit lede geword het nie, het ongetwyfeld baie hiermee te doen. Negatiewe persberigte en afkeurende briewe in koerante het, ongeag die meriete daarvan, bygedra tot die wolk wat oor die AB en sy lede hang.

"Party beskuldigings was moontlik gegrond, ander nie. Die persepsie van 'n onheilige organisasie wat hom met duistere dinge besig hou, is egter onherroeplik geskep. Vir lede van die organisasie wat van beter weet, is hulle skoon gewetes egter geringe troos teen die agterdog wat daar by vriende, familie en kollegas bestaan wat 'n vermoede het rakende 'n persoon se lidmaatskap."

VOLGENS DIE ONTLEDING van JMO was politieke verskille in die verlede "die grootste enkele verdelende faktor onder Afrikaners".

Hy glo die nuwe politieke realiteite mag Afrikaners dwing om op grond van gemeenskaplike waardes en belange saam te werk.

Hy bepleit die propagering van "die vrye uitlewing van die Christelike godsdiens en alle aspekte van die Afrikaner se kultuurlewe en ook om nouer bande te smee met diene in

Europa wat dieselfde kultuur en strewes as die Afrikaner het".

Hy beklemtoon dat sodanige organisasie "moet egter politiek en die staatkundige gesprek aan die politieke partye oorlaat".

Die organisasie moet nie in die geheim optree nie, en moet in die openbaar sy doelstellings nastreef.

Dié pleidooi van JMO vir die stigting van 'n nuwe organisasie om Afrikaner-kultuurbelange te bevorder is natuurlik 'n vernietigende erkenning van hoe diep die AB die afgelope 50 jaar in die politiek betrokke was en hoe dit in die geheim agter die skerms gemanipuleer het.

Die tweede dokument is 'n weerspieëling van die gedagtes van verskeie persone.

Dit bevat die volgende kritiese opmerkings: "Ons missie is vaag en weens gebrek aan konkrete doelstellings en doelwitte nie meer goed genoeg in die veranderende situasie nie. Ons moet duideliker kan uitspel wat die rede is vir ons bestaan en wat ons wil bereik.


"Ons moet in 'n breër verband na ons toekoms ondersoek instel. Ons Afrikaners behoort te kyk na die rasionalisasie van al ons kultuurorganisasies. Elkeen se bestaansreg en staanplek moet opnuut bepaal word sodat duplikasie en dooie hout uitgekakel kan word, en ons die nuwe Suid-Afrika met 'n vaarbelynde, parate kultuurstruktuur tegemoet kan gaan. Dit sal ook oor ons eie organisasie groter helderheid bring."

DAN RAAK DIE GROEP besorgdes die hele kwessie aan van geheimhouding - "vertroulikheid" soos hulle dit stel. Hulle glo baie duidelik nie dat die huidige AB-leierskap van plan is om werklik met geheimhouding weg te doen nie.

Hulle sê: "Ons moet veel ernstiger besin oor die vraag of ons ons missie slegs in vertroulikheid kan nastreef. Ons moet dus oor die beginsel van vertroulikheid besin en nie slegs oor kosmetiese verstellings daarvan nie. As vertroulikheid nie noodsaaklik is vir die nastrewing van ons missie nie, trouens, dalk selfs kontra-produktief bevind word, moet ons daarmee wegdoen."

In 'n verdere opmerking blyk die toenemende krisis as gevolg van die lae moraal van lede duidelik: "... ons moet die hand in eie boesem steek oor die gebrek aan entoesiasme en dinamika wat tans in die organisasie te bespeur is. Die onsekerheid oor die toekoms, die gebrek aan 'n gekonkretiseerde missie, die aanslag teen ons organisasie, veranderende waardes (materialisme) en 'n sluipende selfvoldaanheid is faktore wat dreig om ons lam te lê. Te veel afdelings (selle) het blote ontvangers geword van omsendbriewe en studiestukke en tree nie meer self pro-aktief op nie. 'n Radikale besinning oor ons toekoms kan tot 'n nuwe visie lei wat hierdie neiging kan omkeer."

Dan volg aanbevelinge wat daarop gemik is om die geheimhouding af te skaf. Daar word voorgestel dat die AB ontbind en 'n nuwe oop organisasie gestig word waarheen alle oud-lede uitgenooi word. 'n Nuwe breë kultuurorganisasie wat "gematigde anderstaliges en anderskleuriges" insluit word beoog. Betekenisvol waarsku hulle dat dit belangrik is om so 'n nuwe organisasie "saam met hulle te stig en nie alleen sodat hulle na 'n voldonge feit uitgenooi word nie". Dié nuwe liggaam moet as 'n "gesinsorganisasie" gebou word.



AB-ledegeld verhoog

DIE Afrikaner Broederbond (AB), soos die meeste ander organisasies, worstel blykbaar om finansiële kop bo water te hou.

Volgens omsendbrief 1/93/94 van 1993-3-4 word die AB-ledegeld van R125 na R150 verhoog, en dié verhoging is klaarblyklik 'n sensitiewe saak want die hoofsekretaris staan byna twee bladsye daaraan af om dit te verduidelik.

Naudé Botha, die hoofsekretaris, sê die Uitvoerende Raad (UR) het besluit die lopende uitgawes wat nodig is om die organisasie in stand te hou, moet uit ledegeld verhaal word.

Hy sê: "Dit is egter nog nodig om die ledegeld redelik drasties te verhoog sodat dit nie nodig sal wees om enige bedrae uit die verdienste van die Christiaan de Wet-fonds aan te wend nie. Die verdienste van die Christiaan de Wet-fonds sal dan gebruik word vir ander optredes wat in belang van die Afrikaner-saak geag word."

Die Christiaan de Wet-fonds is 'n geheime fonds wat vandag miljoene rande beloop. In 1968 is die mikpunt om dit op R1 miljoen te laat staan op die vooraand van die 50ste verjaarsdag van die AB, bereik. In 1978 was dit reeds meer as R2 miljoen.

Om kritiek van lede vooraf te beantwoord verduidelik die Botha dat ledegeld tred moet hou met inflasie. Hy wys egter daarop dat indien ledegeld in ooreenstemming met die sogenaamde verbruikersprysindeks moes styg, dit in der waarheid R183,70 moes gewees het.

Broers werf bruin stemme

AKSIE 2000, die geheime program van die Afrikaner Broederbond (AB), word duidelik in Wes- en Noord-Kaapland gebruik om die Nasionale Party se politieke strategie om stemme onder die bruin bevolking te wen, agter die skerms te bevorder.

Dit blyk duidelik uit die dokument van einde 1990 waarin die AB-optredes in Griekwaland-Wes voorgehou word as voorbeeld hoe ander selle en streke moet optree.

So skakel een sel met "die kleurlingbevolkingsgroep" met die doel om "gelyke openbare gemeenskapsdienste" te verskaf.

Die projek-aktiwiteite van die sel behels openbare dienste en geriewe en die ontwikkeling van sake van gemeenskaplike belang.

Dan noem dit die "openbare arms" waardeur die sel werk as die bestuurskomitee (waarskynlik van die plaaslike stadsraad), werkklasse vir vroue en sportorganisasies.

Onder "mikpunte" wat bereik moet word, is daar die aanle van straatligte vir 'n hele woonbuurt, die verskaffing van afvalhouers vir rommel in die kleurlingwoonbuurt en die verspreiding van lektuur onder skoliere en huisvroue.

'n Tweede sel se doel is om by 'n bepaalde bruin skool leerlinge aan te moedig om te lees. Die projek-aktiwiteite sluit in besoeke aan die bruin skoolhoof, "die kweek van vertrouens verhoudinge" en die voorsiening van biblioteekgeriewe en boeke. As "openbare arms" wat die sel moet gebruik, word die bevolkingsontwikkelingsprogram van die hoofdirektorat bevolkingsontwikkeling genoem. Dit beteken natuurlik die plaaslike sel werk deur middel van Broers in laasgenoemde organisasie.

'n Derde sel is betrokke by "die opgradering" van 'n kleurlingdorp en die "voorsiening van inligting oor die revolusionêre klimaat".

Die "openbare arms" wat die sel gebruik, word genoem as die bestuurskomitee (van die plaaslike stadsraad), die Grenskomitee, Landelike Stigting, Rapportryers, Vroue Landbou-unie en die Boere-unie.

Gewese Broederbonders merk tereg op dat al dié oormerkte hoogs geloofwaardig is. Daar is egter duidelik 'n geheime politieke agenda daaragter, vandaar die streng instruksies onderaan die dokument dat dit vernietig moet word, en dat geen afdrucke daarvan gemaak moet word nie.



Tot u diens, Broer

DIE Afrikaner Broederbond (AB) werk deur 'n verskeidenheid van organisasies en amptelike instansies om sy strategie om verhoudinge met ander kleurgroepe te bevorder, te bereik.

Dit blyk uit 'n dokument wat middel 1991 aan alle selle versprei is. Dit bevat 'n terugvoer van selle met betrekking tot praktiese stappe wat gedoen moet word om die oogmerke van Aksie 2000 te bereik.

Daarvolgens word 'n wye veld gedek. Die "werksterreine wat geïdentifiseer is", waarop selle en lede moet konsentreer en deur middel van ander organisasies werk, bevat die volgende: Afrikaner-eensgesindheid, bedryfsterrein, jeug en onderwys, forums en kommunikasie, vroue-aksies, die godsdienssterrein, die veiligheidsterrein, ontspanningsaktiwiteite, kultuurterrein, hulpverlening en interkulturele skakeling.

Die verslag meld ook voorbeelde van aksies op die onderskeie werkerreine.

Wat Afrikaner-eensgesindheid betref, is daar projekte om regsies na die Rapportryers-byeenkomste te nooi en om "alle" Afrikaners by kultuurprojekte in te skakel.

Betreffende die bedryfsterrein word "voorligting aan werknemers oor aktuele sake gegee" en word die Landelike Stigting by ontwikkelingsprogramme "betrek".

Spesiale aksies word geloods om bepaalde hulp aan sekere bruin en swart skole te gee.

Wat die veiligheidsterrein betref, word AB-betrokkenheid by buurtwagte en kommando's as belangrik beskou.

Oor interkulturele skakeling word beklemtoon "gesprekke oor kleurgrense heen vind ook plaas sodat gesindhede verbeter word". Die verslag sê dat selle deur hul lede sorg dat bestaande organisasies aktief by die aksie betrokke raak. Die verslag noem Vroue-organisasies, Rapportryerskorps, Boereverenigings, Kerke, munisipale owerhede, die Voortrekkerbeweging, die Landelike Stigting, skole en gemeenskapontwikkelingsverenigings as van die organisasies wat deur die AB gebruik word.

'n Broer maak 'n plan

DIE Afrikaner Broederbond (AB) is besig met 'n omvattende geheime strategie om te verseker dat Afrikaanse skole as "eilande van voortreflikheid" oral in Suid-Afrika gestig word.

Dit hang nou saam met dié organisasie se strategie om te verseker dat die Universiteit van Stellenbosch te alle tye in Afrikaans sal onderrig en opgebou word tot 'n "eiland van voortreflikheid".

Andreas van Wyk, die aangewese rektor van die US wat twee weke gelede uit die AB bedank het, was die meesterbrein agter dié strategie om Stellenbosch, in sy eie woorde, tot 'n "eiland van voortreflikheid" te vestig.

Die AB-strategie oor Onderwys word in een van tien bladsye wat twee maande gelede aan alle selle gestuur is, uitgespel. Die titel van die beleidsdokument is: "Die daarstelling van 'n nuwe pre-tensiere onderwysstelsel in Suid-Afrika".

In dié dokument word onderwys - onder die opskrif "operasionele doelwitte" - soos volg onder 2.1 gestel:

"Ontwikkel die strewe in Afrikaanse gemeenskappe om binne die gegewe werklikheid Afrikaanse skole as 'eilande van voortreflikheid' tot stand te bring en skep 'n duidelike bewustheid dat vele (huidige) Afrikaner-skole ingeboet sal moet word."

Daar word na die voorbeeld van Nederland verwys, waar ver afstande gereis moet word om leerlinge te akkommodeer in skole met besondere filosofiese en godsdiensgrondslae. Dan word bygevoeg: "Hier te lande behoort die klem op kwaliteit onderwys deur die medium van Afrikaans te val."

DIE DOKUMENT SPEL eers die realiteite van die nuwe onderwysstelsel uit wat voorsiening maak vir 'n enkele onderwysstelsel.

Daarna word riglyne aan AB-lede en selle-neergelê hoe om die AB-strategie oor onderwys deur middel van bestaande Afrikaner- en staatsorganisasies te propageer en te bevorder.

In die deel wat handel oor "operasionele doelwitte" word dit baie duidelik gemaak dat hoewel die AB aanvaar dat 'n enkele onderwysstelsel op nie-rassigheid en gelyke beregtiging gegrond sal word, die plan steeds is om skole so Afrikaans as moontlik te hou.

Dit word gedoen op die grondslag van taal en met 'n nuwe veldtog om te sorg dat al die sogenaamde Afrikaanse skole 'n bepaalde eiesoortige Christelike karakter het. Met dié kriterium word dit natuurlik moeilik vir swart en selfs bruin kinders om dit by te woon.

Die AB-strategie is om 'n veldtog te loods vir die maksimum desentralisasie van onderwys wat in die hande van streek- en plaaslike regerings moet wees.

Lede word soos volg opgeroep: "Vestig op 'n berekende en goed gemotiveerde wyse die model van 'n enkele onderwysstelsel met 'n makro koördinerende beleidsdepartement, grootliks outonome streeksonderwysdepartemente en maksimale afwenteling van bestuur- en beheerbevoegdhede na die inhoudsvlak."

Daar moet gesorg word om inhoud te gee aan die begrip "gemeenskapskool" met 'n "eie etos en karakter".

Daar moet ook druk op die owerhede geplaas word dat private skole dieselfde finansiële ondersteuning as regeringskole van die staat moet kry.

Die hoop word uitgespreek dat kritiek verniy kan word "dat Afrikaanse privaatskole as verskanste apartheid beskou sal word".

Die opdrag aan lede en selle is: "Werk in die rigting van 'eilande van voortreflikheid' - sentraal geleë skole met behoud van Afrikaner-identiteit, beginsels en waardes. Eksklusiewe Afrikanerskap moet ook voorsiening maak vir inklusiewe Afrikanerskap."

Só konkel die Broers

TWEE dokumente van die Afrikaner Broederbond (AB) van 1991 is goeie voorbeelde van hoe dié organisasie deur middel van van hul lede se manipulasie in ander organisasies in die geheim konkel om AB-strategie te bevorder. Die betrokke twee dokumente handel oor die sogenaamde "Aksie 2000", 'n geheime veldtog wat die AB in 1988 geloods is.

Die doel van Aksie 2000 is om in die lig van die veranderende politieke situasie kontak met swart en bruin gemeenskappe te maak. 'n Sleutel-aspek daarvan is dat deur sosiale en ekonomiese opheffingsaksies die saak van die AB en natuurlik die Nasionale Party-regering - wat nêrens by naam genoem word nie - bevorder moet word.

Die AB beskryf self in hul dokumente die oogmerke daarvan soos volg:

"Die missie van Aksie 2000 is om 'n praktiese bydrae te lewer vir 'n gesonde samelewingsorde vir al Suid-Afrika se mense waarin ook die toekoms van die Afrikaner verseker word."

Op die oog af is die doelwitte van Aksie 2000 lofwaardig, maar dat daar ook 'n geheime politieke oogmerk met al dié prysenswaardige sosiale en ekonomiese opheffingswerk is, is duidelik. In die een dokument oor Aksie 2000 word die volgende waarskuwing geplaas: "Vernietig teen 31 Januarie 1991 - geen afdrucke nie."

Die saak is dus so sensitief dat lede net kennis moet neem daarvan en die dokument dan moet vernietig.

Die bepaalde dokument handel oor opheffingsprojekte wat deur die AB-streeksraad vir Griekwaland-Wes aangepak is, en wat as voorbeeld van hoe om te opereer aan die ander selle voorgehou word.

'n Ander dokument oor Aksie 2000 van 1991 bevat die volgende waarskuwing: "Vernietig asseblief na behandeling en kennisname teen laastens 31.10.1991."

van paranoïa tot Paraguay

ESMA ANDERSON trek los oor die nuwe trekgees in die land

TERWYL die politici kopkrap, die massas in aksie is, die PAC skree, die AWB dril en die ander asems ophou oor die Nuwe Suid-Afrika en alle oë maar steeds kyk in die rigting van die World Trade Centre by Kemptonpark, is daar 'n andersoortige gekrap wat gekrap word: die trekkersgees.

Want terwyl die meeste Suid-Afrikers hoop die demokratiseringsproses werp vrugte af en dat hulle uiteindelik volwaardige burgers van hul geboorteland kan word, begin sommige wittes voel dat hulle al meer 'n paria hier aan die suidpunt van Afrika word.

Dan dink hulle weer aan hul geskiedenis, toe hul voorvaders in die Kaap ook so gevoel het en die Oom Kose, Oom Piets en Oom Jans hul kruisbande styf getrek en oor die bo-deur geskrou het: "Vrou, pak die wa, ons trek!" Die einste Groot Trek wat sulke volksmondjuweeltjies opgelewer het soos lunsrieme en selfs by sommige familienaam 'n draai gemaak het met die Ossewanias, Kakebenias en ander hernias in sisrokkies.

Soos hulle voorvaders voor hulle - uit keelvol- en wanhopigheid - begin hulle ook 'n trek aanpak. Maar dié keer is dit die Nuwe Trek.

Daar kan nie meer osse ingespan, noord gekyk en grond afgekleim word nie. Verder noord is die grond klaar gevat, teruggevat om die waarheid te sê. Die ossewaens, tonteldose en wakiste moes plek maak vir vliegtuie, "die Buksie is 'n bielie"-vrachtoers, emigrasievorms en Spaanse woordeboekies.

DIE GETALLEIS nog nie groot nie en 'n mens kan beswaarlik daarna as 'n "Tweede Groot Trek" verwys. 'n Parallele maar nuwerwetse soort trek sou 'n mens kon sê. Paratrekkers dalk.

Maar as die noorde uit is, waarheen dan? Hulle kan nie eintlik terug gaan Nederland, Duitsland, Frankryk of Engeland toe waar sommige van hul voorvaders vandaan kom nie. En of Amerika, Kanada, Nieu-Seeland of Australië - die ander gewilde emigrasie-bestemmings - hulle met ope arms sal verwelkom, is te betwyfel. Wat bly oor?

En skielik staat dit groot in swart op wit in die advertensie-oortjie langs *Sake-Beeld* se mashoof: "Paraguay, die nuwe trek!" 'n Uitkoms..?


Maar voor hulle die emigrasievorms ingevul, vliegtuigkaartjies gekoop en vriende vaarwel geroep het, het hulle seker gewonder wat hulle hulself van nou af sal noem: Paragwanners, Paraguiete, of somer Paragese? Of word hulle nou Paraguane ná hul trek van Suid-Afrika na Suid-Amerika.

As jy dink dit klink effe vergesog, knip jou oë, knyp jouself en aanvaar maar die bisarre werklikheid: honderde Suid-Afrikaanse families verlaat inderdaad die land om 'n nuwe lewe, 'n nuwe begin weg van die Nuwe Suid-Afrika te gaan maak - in Paraguay.

AS JY REAGEER op die advertensie en die telefoonnommer sonder enige ander naam of verdere informasie skakel, vra 'n vriendelike stem jou of jy 'n faksnommer het waarheen hulle meer inligting kan stuur. En so beland 'n brief, geteken deur Peter Storms, die direkteur van United Global Travel, op jou lessenaar:

"Thank you very much for your interest in Paraguay, a small country about twice the size of the Transvaal. There are only 4 500 000 Spanish speaking people who are friendly, well educated and industrious."

Woorde reg in die kraal van menige awe- en ander regsies. Dit



word gevolg deur 'n verduideliking van hoekom baie Suid-Afrikers wil trek: die ekonomie, geweld, skoolontwrigtings en so aan wat niks gedoen het nie "to change their perception of what the future in South Africa will be like".

Jy word vertel hoe die maatskappy jou kan help met al die inligting en hulp wat jy nodig het om jou familie in dié "mooi, vriendelike land" te vestig. Maar eers wil hulle 'n "vertroulike onderhoud" met jou voer ná jy 'n tjekkie van R175 geos het. Dan wys hulle jou somer 'n video oor Paraguay ook.

Sien jy dié, besef jy Paraguay is nie die Beloofde Land nie, selfs al belooft die video dat jou nuwe tuiste "die sleutel tot besigheid in die Mercosur" sal wees.

Die Mercosur is die beoogde Suid-Amerikaanse weergawe van die EEG, wat ook Brasilië, Uruguay en Argentinië sal insluit en teen 1997 van krag moet kom.

Maar wat sal van Paraguay die sleutel tot dié "verenigde 200 miljoen-sterk mark" maak? Is hul ekonomie dalk die sterkste van die vier? 'n Mens kry die idee dis nie die rede nie, maar die video wil ook nie sê nie. Die video sê wel: "Paraguay lies right in the hub of South America's most ambitious integration project, the Mercosur." Daar het jy dit nou. Middelpuntvlietende krag en al.

Maar die video-grepiet wat dié trekkers uit Suid-Afrika waarskynlik die sterkste aantrek, is die verwysings na Paraguay se stabiliteit, 'n land sonder "radical politics and social upheaval" wat "greater social tranquility" geniet het as ander Latyns Amerikaanse lande.

Maar die goedkoop prys van landbougrond blyk 'n verdere aantrekking te wees vir die Paratrekkers. Voeg daarby 'n

reënvalsyfer van 1 600 mm per jaar en kontant-oeste pomp in die boereharte.

Arturo Franco, die eerste sekretaris van die Paraguaanse ambassade in Suid-Afrika, sê omtrent 70 persent van die sowat 150 Suid-Afrikaanse families wat verlede jaar na Paraguay geëmigreer het, het gaan boer.

Hulle is dus hoofsaaklik boere. Of hulle ook Boere is, wil niemand regtig sê nie. Storms sê hulle spits hulle nou veral toe op die Afrikaanssprekende gemeenskap, maar wil (weer) nie sê hoekom nie. Hy sê hulle vra ook nie uit oormense se ideologiese oortuigings nie.

Franco stem saam, behalwe dat hy wel vermeld dat hulle voornemende immigrante eers deeglik ondervra sodat hulle nie later probleme het nie. Hy sê ook nie wat se soort probleme nie.

EEN DING IS duidelik: die voornemende trekkers moet wel 'n soort versekering kan gee dat hulle hulself sal kan onderhou as hulle daar anderkant aanland, of soos Storms sê: "Hulle moet van hul agterstewe kan afklim en iets doen, mense wat vir hulself kan dink."

Die ander 30 persent, sê Franco, is mense wat sake-ondernemings in Paraguay begin het. En dis juis oor dié 30 persent waaroor Franco en Storms skerp verskil. Storms sê daar is baie werkgeleenthede en inderdaad 'n behoefte aan veral blouboordjiewerkers.

Franco verskil: "Ons het beslis nie 'n tekort aan enige soort geskoolde of ongeskoolde werkers nie. Maar as hulle oortuig is daarvan dat hulle hul families kan onderhou, is hulle welkom. Dit hang van hulself af."

Maar hulle kan maar verskil, want hulle werk nie eintlik saam nie. En elkeen van hulle het 'n gevestigde belang in dié trek-besigheid.

Franco se regering wil graag beleggers lok: mense wat een of ander hydrae tot die land se ekonomie kan maak. En Storms wil self 'n paar pennies maak uit dié besigheid sodat hy self 'n plasie in Paraguay kan koop en nog 'n kantoor daar kan oopmaak sodat hy ook die land kan uit.

DIS VREESLIK MAKLIK om na Paraguay te emigreer, vertel beide Franco en Storms. Hulle vereis nie 'n minimum bate nie, net selfonderhoudendheid. En waar dit 'n mens eintlik moet laat wonder hoekom, skree wanhopige treklustiges jippie!

Maar dit beteken beslis nie die lewe daar anderkant gaan maklik wees nie, waarsku Storms. "Om mee te begin is dit 'n Rooms-Katolieke land en hulle praat Spaans." En as jy 'n trekker is wat net weet van seniorita en die paar woorde wat Speedy Gonzales oor die TV-skerm geskreeu het, kan jy jou voorstel dat 'n mens nie ver sal kom met "aréeva, réeva" nie.

"It really is something completely different," sê Storms. 'n Mens wonder of Monty Python se ouens sou knipoog.

Maar met R200 000, die maksimum wat jy uit Suid-Afrika kan neem, sê hy, kan 'n familie maklik die volgende bekostig: 'n plaas, 'n huis, twaalf maande se lewensnoodsaaklikhede en genoeg kapitaal vir 'n inset om 'n kontantoes binne ses maande te lewer. "All the good fuzzy things that every family wants."

"Fuzzy things" wat volgens hulle binnekort nie meer hier gaan bestaan nie. Juis daarom, sê Storms, kry hulle al hoe meer aansoeke van voornemende trekkers. Tot 300 per week. "Die politici gee mense nie die hoop dat dinge sal verbeter nie. Daar is reeds 'n lekker bestendige vloei na Paraguay en gee maar kans, as die situasie hier verder versleg, sal hulle nog meer word."

watse kleur is 'n kleurling nou eintlik?

Suid-Afrika, seker meer as enige ander plek ter wêreld, het 'n obsessie met velkleur. Vir baie geslagte lank was pigmentasie die faktor wat 'n mens se burgerregte en sosiale en ekonomiese stand bepaal het. Die apartheidbase se beheptheid met velkleur het stadigaan deurgesypel na selfs dié wat deur die dekades heen self onderdruk was, skryf **VIRGINIA KEPPLER (kleurfoto)**

Foto: SALLY SHORKEN



DIE woord "kleurling" beteken letterlik "iemand van kleur". Nou maar watter "kleur" is 'n "kleurling" dan nou eintlik?

Dié "mense van kleur" word deesdae ook bruinmense genoem, soos teenoor witmense of swartmense. Maar bruin is partykeer swart en partykeer wit en partykeer soos koffie met melk in.

Verspot en irrelevant? Wel, nie as jy self só geklassifiseer is en jy nader aan swart as aan is bruin nie. Dan kan die kleurskaking van jou vel jou ook heelwat pyn bring, want baie mense, selfs heelparty "kleurlinge", diskrimineer op grond van 'n mens se skaking van "bruin".

As jy baie donker is, soos ek, en "etniese" hare het, is jy volgens die "wit" kleurling nie rêrig 'n "kleurling" nie, maar 'n "kaffer-kleurling".

Baie bruinmense se rassisme het met witmense en swartmense min te maak. Dit draai vir hulle om die wit kleurling teenoor die swart kleurling. As jy mooi is en 'n ligte velkleur het, is jy 'n kleurling, en dan is jy nader aan die witmense. Maar as jy donker is met wollerige hare, is jy nie eintlik 'n kleurling nie maar net 'n swartmens wat Afrikaans kan praat.

Dié diskriminasie onder kleurlinge is dalk 'n bewys dat

hulle nog steeds op soek is na 'n soort identiteit. Baie kleurlinge het 'n soort houding van: Ons is kleurlinge en nie net Suid-Afrikaners nie. Ons is nie soos die swartmense nie, maar ons sal nie omgee om soos die witmense te wees nie. "Wit" word met "mooi" vereenselwig en "swart" met "lelik".

BAIE OERS IN DIE BRUIN gemeenskappe spoor hul dogters aan om met 'n man te trou met 'n ligte vel of selfs met 'n blanke man, want dan hoef die kinders nie donker van kleur

te wees nie. Die nuwe generasie kinders móet mos nou mooi en wit wees.

Ek het nou die dag 'n vrou hoor sê: "In die nuwe Suid-Afrika gaan donker kleurlinge sleg behandel word en ek wil nie hê my kleinkind moet lyk soos 'n kaffer nie".

Voorheen het die oumense geglo as jy 'n "kaffer"-kleurling is, pas jy nie in by die kleurling-gemeenskap nie. Ek het 'n ou dame geken wat maklik vir 'n wit vrou aangesien kon word. Sy het niks gehou van swartmense nie en nog minder van donker kleurlinge. Ongelukkig het sy 'n hele klomp swart familie gehad en boonop 'n "donker" kleinkind. Haar dogter, wat self lig van kleur was, het met 'n baie donker kleurling getrou. Die vrou het haar

kleinkind aanvaar - en haar "my swart meidjie" genoem - maar van die skoonseun wou sy niks weet nie.

Wanneer haar swart familie by haar kom kuier - sy het altyd op haar voorstoep gesit - dan het sy haar buurvrou geroep en gevra: "Jane, is daai Helen en haar man wat daar aankom?" As Jane sê "ja", dan sê sy: "Laat hulle net daar omdraai, die swart gedruis kom al weer pla. Wat loop hulle in die son - sien hulle nie hulle is al klaar swart gebrand nie?"

Baie kleurling-ouers vryf gedurig die voorbeeld van "witmense" by hul kinders in. As die kind iets verkeerd doen, hoor jy: "Die witmense maak só - wanneer wil julle soos die witmense lewe?" Of: "Julle gaan nes kaffers aan. Die kinders mag ook nie met daai kinders daar onder in die straat speel nie, want hulle is nie soos ons nie".

DIE OER MENSE vertel graag hoe mense destyds "getoets" is om vas te stel of hulle kleurling of swart is. Hulle het jou met 'n naald gesteeek - en as jy skree "eina", dan is jy 'n kleurling. En as jy skree "eits-joe", dan is jy swart. Of hulle vra jou om "jakkals" te sê. As jy sê "djakkals" is jy kleurling. Maar as jy sê "jakalas", is jy swart.

As jy 'n baie "wit" kleurling is, het hulle 'n pen deur jou hare gesteeek om vas te stel of jy wit of kleurling was. As die pen in jou hare vassteek, dan is jy 'n kleurling - maar as dit deurgly, dan is jy wit. Daar is ook na die kleur van tandvleise en die vorm van neuse en wangbene gekyk.

Diskriminasie teenoor "donker" kleurlinge kom ook in in bruin skole voor. Baie onderwysers - veral in laerskole - behandel "ligte" kinders beter as wat hulle "donker" kinders sal behandel. As jy praat van die juffrou se "witbroodjie", is dit dikwels 'n letterlike beskrywing. Op hoërskool is dié diskriminasie nie so sigbaar nie.

Selfs in baie huisgesinne word die "ligter" kinders dikwels beter aanvaar as die "donker" kind.

In die vroeë tagtigerjare was die Baby Angel-poppe wat nes regte baba's baie gewild onder kinders. My pa bring toe vir my en my suster elkeen so 'n baba-pop - maar die poppe was nie



LLOYD COYTTS,
JOERNALIS BY
BUSINESS DAY:

Wel, daar is mense wat lig van kleur is wat teen donker van kleur mense diskrimineer, maar ek was nooit deel van hierdie groep nie. My vrou was donker en my kind is ook donker van kleur en en dit pla my nie. Ek kom uit 'n gewone werkersklas familie en in daardie omstandighede kan mens nie bekostig om neer te kyk op ander mense nie.

Op skool het die kinders my "whitey" genoem. Eers het dit my gehinder, maar later het ek daaraan gewoon geword. Ek was op skool by 'n vuisgeveg betrokke nadat een seun 'n donker van kleur seun 'n "tyre" genoem het. Ek beskou myself as swart en mense vind dit nogals snaaks want ek is so lig.

Een voordeel van my kleur is dat ek by 'n AWB- of KP-vergadering kan instap en niemand sal 'n wenkbrou lig nie.

Die nadeel is dat ek al moes luister na blanke mense se rassistiese grappe oor swartmense want hulle dink ek is wit. Ek haat dit.

ZUBEIDA BERA,
'N REKENAARPROGRAMMEERDER:

Ek dink die apartheidstelsel is verantwoordelik vir die rassisme wat daar


nou heers onder die kleurlingmense. Ek is van daal gewone kleurlinge, maar ek beskou myself as net 'n Suid-Afrikaner. Ek sou dalk langer hare wou gehad het, maar ek is

baie tevrede met my voorkoms soos dit nou is. Dalk sou ek donkerder wou wees. Mense kan sien ek is 'n kleurling en ek is bly ek is nie donker nie anders sou ek ook deur al die verwarring moes gaan.

As ek met van my donker kleurlingvriende uitgaan, word daar verskriklik na my gestaar en wenkbroue word hoog gellig. Mense wonder altyd wat ek met swartmense doen, maar dit pla my nie meer nie.



'Toe sê hulle die Bybel is 'n witmens-ding'



Dr Frank Chikane is nege jaar uitgesluit van sy kerk, die Apostoliese Geloofsending, en selfs van sy titel as pastoor gestroop. Maar ná die moeilike jare is hy nou pas verkies tot president van dié kerk se Gesamentlike Afdeling - en hy is weer pastoor. Hy gesels met **INA VAN DER LINDE** oor die draai van die wiel

DIEGENE gesteld op titels, het dit half ongemaklik met Frank Chikane. Want vir jare loop dié "anderster Apistool", soos een kerkleier hom noem, sonder titel. Tot onlangs toe.

Die Engelse koerante het verkies om hom "reverend" te noem - in Afrikaans "eerwaarde" - 'n titel wat gewoonlik beskore is vir predikante in die Engelse protestantse kerke, terwyl Chikane geskool is as predikant in die Apostoliese Geloofsending (AGS) se voormalige Swart Afdeling. Die AGS is tradisioneel onverdunde Pentekostalste. Die titel "pastoor" sou meer gepas wees, as dit nie was vir 'n ekstra komplikasietjie nie. Voor hy as hoofsekretaris na die SA Raad van Kerke is, is hy van sy titel as pastoor gestroop. Hy hou hom te besig met die politiek, was die rede wat die AGS verskaf het.

Meneer Chikane, dus, om korrek te wees. Die saak is vergemaklik toe hy in 1989 'n ere-doktorsgraad van die Universiteit van Groningen ontvang het, want toe kon almal hom doktor noem.

Twee jaar gelede is hy amptelik deur die Swart Afdeling van die AGS om verskoning gevra vir die destydse afsetting as pastoor, en is hy in sy amp herstel. So pas is hy verkies tot president van die Gesamentlike Afdeling, die swart, bruin en Indiër-Afdelings wat intussen saamgesmelt het, met die Wit Afdeling wat nog eenkant sit. En nou is hy weer pastoor.

DIÉ VERWARRING OOR TITELS skeel die 42-jarige pastoor min. Hy gooi sy kop agteroor, lag diep uit die keel, en vertel hy is ná ses jaar steeds by die SARK en die sogenaamde ecumenicals - kerke wat sterk politiek-sosiaal ingestel is teen-oor die evangelicals wat meer ingestel is op die red van siele - 'n "pentecostal-evangelical". Maar 'n anderster een met 'n lang en moeisame reis agter die rug, nie dat mens dit sou vermoed wanneer jy vir die eerste keer sy spontane glimlag en kort gestalte soos dié van 'n skoolseun, gade slaan nie.

Die reis loop van die AGS deur na die Swart Bewussyn, pastoor van die AGS deur die ellende van Kagiso, deur die Instituut vir Kontekstuele Teologie, en daarna na die SARK. Dit loop ook deur nege maande van aanhouding en marteling, deur 'n episode in die VSA waar dae lank vir sy lewe geveg is nadat kontakgif op 'n geheimsinnige manier in sy klere beland het. Maar nooit het die AGS hom heeltemal gelos nie.

Tot nou dat hy die swartman is om president te word van die sogenaamde Gesamentlike Afdeling van die AGS, wat so twee jaar gelede tot stand gekom



JERRY WILLIAMS,
TSS-AANBIEDER EN WERKNEMER
BY DIE ANC SE HOOFKANTOOR:
Hier in Johannesburg het ek minder rassisme ervaar as in die Kaap, waar ek grootgeword het. Ek is 'n kroeskop genoem, mense het my kaffer genoem en toe die Tempo-advertensie uitkom, het

hulle my Tempo genoem.

Daar was 'n tyd toe mense my Winnie Mandela genoem het want ek het gehou van tradisionele klere. In daardie tyd was dit 'n aanstoot vir die kleurlinge. As kind was dit vir my regtig moeilik. Op 'n tyd het ek altyd vir my self gesê, ek hoort nie tussen wit kleurlinge nie, want ek is grootgemaak met 'n soort van 'n swart kwaliteit.

Ek kom uit 'n half Engelse familie en selfs hulle het my 'n harde tyd gegee.

Voorheen as mense my gevra het watter ras ek is, het ek altyd gesê ek is 'n kleurling want ek het daarin geglo, maar nou beskou ek myself as 'n swart Suid-Afrikaner. Ek dink kleurlinge is verward. Ek weier om 'n verwarde ras genoem te word.

NOG 'NDING wat soms probleme gee, is dat swartmense kleurlinge wat donker van kleur is oor die algemeen aansien as swart. Ek het dié ervaring. Ek stap by 'n winkel in, 'n swart vrou vra my vriendelik in haar taal of sy my kan help. As ek sê ek verstaan nie en vra of sy nie Engels of Afrikaans met my kan praat nie, verander haar hele houding. Dan vra sy my of ek 'n kleurling is. Soms sê ek ja, ek is, en ander kere sê ek nee, ek is swart. Op die eerste antwoord sal sy net sê: "O!" Maar op die tweede antwoord wil sy weet van waar af kom ek as ek dan nie die taal kan praat nie, is ek dalk van Mozambiek of Swaziland? As ek sê nee, dan wil sy weet nou hoekom kan ek nie die taal praat nie, "jy lyk dan net soos ek." Dan wil sy weet of my pa of ma dalk swart is. Sommige mense wil weer weet waar ek skoolgegaan het. En as hulle eers hoor wat my van is, dan is dit nog erger - dan wil hulle weet of ek 'n uitlander is. Selfs toe ek nou die dag vir Nelson Mandela ontmoet en my naam vir hom sê, wou hy weet: "Are you a foreigner?"

mige mense wil weer weet waar ek skoolgegaan het. En as hulle eers hoor wat my van is, dan is dit nog erger - dan wil hulle weet of ek 'n uitlander is. Selfs toe ek nou die dag vir Nelson Mandela ontmoet en my naam vir hom sê, wou hy weet: "Are you a foreigner?"

► wit nie, maar swart. Ek het die pop gehaat en dit sommer weggegee. Vir my het dit aanstoot gegee omdat die pop net so donker soos ek was, en omdat al my vriende wit poppe gehad het. My suster het nie omgegee om 'n swart pop te hê nie, want sy was ligter as die pop.

het. Voor hom was dit 'n wit sendeling.

Hoe voel hy oor sy verkiesing? "Ek is oorweldig. Dit was 'n deeglike verkiesingsproses wat begin het met vyf nominasies en geëindig het met my en Japie la Poorta, die vorige president van die Kleurling Afdeling - 'n man wat sedert 1981 geveg het teen apartheid in die kerk.

"Die keuse was dus tussen twee mense met dieselfde visie, wat daarop wys dat hier 'n verskuiwing in die kerk plaasgevind het. Toe ek verkies is, was my eerste reaksie 'n besef van die implikasies. Ons weet dit beteken dat ons die kerk deur 'n oorgangstydperk moet dra. Hulle het nie 'n kantoor nie, en een tikmasjien waarop mens vir jouself moet tik. Die kerk het nooit sy eie kantoor gehad nie. Die kantoor was nog al die jare in die hande van die wit sendelinge en die wit kerk.

"Ons begin met niks. Ek ken die finansiële implikasies. Maar ek weet ook dat daar 650 gemeentes is, dat die kerk groei, en dat elke gemeente 'n verdere twee of drie takke het. Ek weet daar is meer as 500 predikante en 300 000 lidmate. Saam met die Wit Afdeling is daar 500 000 lidmate.

"Ek is nege jaar lank uit die Kerk uitgesluit. Toe verkies hulle my nie net as president nie, maar ek moet ook voorsitter van die Werkersraad (sinode) wees. "Ek wonder nog hoe ek dit gaan regkry saam met my verantwoordelikhede by SARK, maar ek glo as God jou op 'n sekere plek plaas, sal daar altyd hulp kom om dit te hanteer. Dis 'n kwessie van geloof".

DIT HERHAAL HY wanneer hy praat oor die tyd in aanhouding en toe hy by die dood omgedraai het nadat hy vergiftig is. "As 'n mens in die politiek betrokke raak, kan die wiele van onderdrukking jou vernietig. Maar as jy betrokke is by die politiek omdat jy glo God wil hê dat jy moet, maak dit 'n verskil. Pyn en lyding word anders geïnterpreteer. As jy glo dit gebeur ter wille van die Evangelie, ter wille van die Koninkryk van God, ter wille van die waarheid, dan identifiseer mens jou met die lyding van Christus. Dan kan mens sielkundig 'n krisis, ware pyn en marteling hanteer en is jy selfs bereid om te sterf. Ek is gemartel deur 'n diaken van my eie kerk wat geglo het hy doen God 'n guns. Ek het oorleef, maar ek kan nie sê dat daardie soort ervaring geen nagevolge gehad het nie.

"Ek leef met die verwagting dat enigiets kan gebeur. Dis 'n houding van as dit moet gebeur, dan moet dit gebeur, maar ek staan vir die waarheid. Dit maak 'n verskil. As jy skuldig voel oor iets wat jy gedoen het, en jy word gevang, kan jou skuldgevoel jou breek. Maar as jy werklik glo in wat jy doen, maak gevare jou sterker en selfs meer toegewyd."

Die laaste ses jaar by die SARK was 'n aanpassing vir die vreemdsoortige pentecostal. "Maar dit het my geleer dat as jy in Rome is, maak jy soos die Romeine. Dis belangrik wanneer jy mense wil bereik. Buigsaamheid is nie vir my 'n probleem nie. Die jare by die IKT, my ervaring in die Students' Christian Movement (SCM) en nou by die SARK het my geleer om met almal te kommunikeer - van Katolieke tot Anglikane, tot by politici."

HOE SIEN HY die toekoms van die AGS? "Toe ek verkies is, het ek bekend gemaak dat ek myself daartoe verbind om tot eenheid met die Wit Afdeling te kom. Die meerderheid van die Gesamentlike Afdeling dink nie dis die moeite werd om aan te hou praat nie omdat ons na jare geen vordering gemaak het nie. Maar ek het belowe dat eenheid vir my 'n prioriteit is. Vir my is dit 'n eenvoudige Bybelse vereiste en nie 'n keuse nie. Ons kan nie kompromieë aangaan oor kerkeenheid of oor rassisme nie. Die Wit Afdeling sleep voete as dit kom by eenwording met hul swart broers en susters. Baie mense is diep seergemaak...

"Ek onthou en ek sal dit nooit vergeet nie," sê Chikane stadig. "My pa het eendag na die sendeling se huis gegaan en dié het hom in die motorhuis laat sit en nie toegelaat dat hy die huis binnegaan nie. En dit was 'n leier van die kerk wat my pa so behandel het. Mens doen nie dit nie."

Hy meen die wit leiers van die AGS het nog nie genoeg

"Ek moes die Evangelie verdedig en dit het my gedwing om krities te wees oor apartheid en om rekenskap te gee van daardie Evangelie. Ons moes die sendeling-ding afskud en apartheid daarmee saam ten einde die Evangelie-boodskap te beskerm"

blootstelling gehad nie. "Dit was vir Ray McCauley nodig om die ellende in Boipatong te sien en om terug te kom en te sê nee, so kan ons nie aangaan nie... Die wit AGS is nog nie aan die realiteit blootgestel nie. Hulle ken net die swartes wat vir hulle in die kantore werk."

Sy pa was 'n pastoor van die AGS en hy self sekretaris van die gemeente op 18. Toe het hy al help tente opslaan en herlewingsdienste gelei. Maar hy self het eers die "realiteit" besef nadat leerlinge in Orlando High vir hom en ander lede van die (SCM) kom sê het die Bybel is 'n witmensding. "Hulle het die land van ons weggeneem en dit met die Bybel vervang sodat ons onderdanig moet bly en nie die stelsel moet beveg nie." Dit was 1968.

"Ek moes die Evangelie verdedig en dit het my gedwing om krities te wees oor apartheid en om rekenskap te gee van daardie Evangelie. Ons moes die sendeling-ding afskud en apartheid daarmee saam ten einde die Evangelie-boodskap te beskerm".

Hy is in 1972 na die Universiteit van die Noorde om 'n BSc-graad te doen. Daar aangekom ontmoet hy vir Cyril Ramaphosa, 'n ras-egte evangelical-pentikostalis en lid van 'n jeugklub bekend as die Young Ambassadors. "Toe ons daar aankom, moes lede van die SCM op 'n koppie gaan aanbied

"Dit was nodig om in 'n sekere tydperk van my lewe te sê black is beautiful wanneer gesê word swart is van die duiwel."

omdat die studente ons nie op die kampus wou toelaat nie. Die SCM het toe gesê politiek het niks met die Evangelie te make nie, terwyl ons gesê het dit het juis alles met die Evangelie te make en dat ons direk betrokke moet wees om die probleme van studente op te los. Toe besluit ons om die SCM te boikot totdat hulle hul standpunt oor apartheid verander."

Die einde van daardie jaar is Ramaphosa verkies tot voorsitter van die SCM en Chikane het evangeliese veldtogte op die kampus gelei. In 1974 is Ramaphosa verkies tot voorsitter van die SA Students Organisation. Die proses van ommekeer het begin.

VRA MENS HOM oor sy Swart Bewussyn-tydperk, sê Chikane dit het begin met die besef dat Evangeliste vergeet het om swartmense te vertel dat hulle mense is. "Swart Bewussyn en swart teologie het my gehelp om my menslikheid te ontdek, dat ek nie mag toelaat dat ander mense my behandel asof ek minder is as wat God my gemaak het nie. Die teologiese vrae het gegroei uit die kritiek op die apartheidbeleid."

Iets drasties het gebeur met die seun uit die AGS. Hy het deel geword van 'n intellektuele groep wat nie net leiding gegee het aan sy eie kerkmense nie, maar aan die voorpunt was van 'n verskuiwing in denke van 'n hele geslag swartmense.

"Ek glo dat God my in 'n baie komplekse situasie geplaas het. Dit was 'n verbrandingskamer waar swart studente op die voorpunt van die stryd was. Die Swart Bewussyn-beweging het 'n intellektuele beweging gebly en dit was nooit 'n massa-beweging nie.

"Daar is mense - ook in Azapo - wat sê ons het wegbeweeg van Swart Bewussyn omdat ons met die UDF saamgewerk het, wat bande het met die ANC. Ek glo nie dis waar nie. Ek glo eerder dat Frank Chikane gegroei het. Daar is 'n verskil tussen skuif en groei.

"Dit was nodig om in 'n sekere tydperk van my lewe te sê black is beautiful wanneer gesê word swart is van die duiwel. Mens het nodig om te sê ek is geskape na die beeld van God - en elkeen moet daardeur gaan, daarom is die Swart Bewussynsbeweging nog nodig.

"Dit was destyds ook nodig dat ons liberale wittes isoleer, omdat hulle die mees problematiese mense was om mee te werk. Liberale wittes het ons besig gehou met niks terwyl hulle nie begryp het waaroor dit gaan nie.

"Ek respekteer steeds die Swart Bewussynsbeweging en enige swartmense wat dink hy is minderwaardig teenoor wittes, moet deur dié ervaring gaan. Maar ek het nie van Swart Bewussyn 'n ideologie gemaak wat ek vereer en waarin ek glo en waarom ek 'n organisasie bou en myself soekende in 'n vakkie plaas nie.

"Dit is 'n tragedie dat dit 'n organisasie geword het, omdat my teologiese perspektief nie plek het vir 'n ideologie nie. My teologie sê mens moet eerder oor elke situasie nadenk en stry teen onderdrukking en onreg en dit is waar die kerk moet wees."

Hy het nooit sy graad voltooi nie. Sy hoofvakke in sy derde jaar was toegepaste wiskunde en fisika - en van sy lektore glo nou nog hy sou 'n lektor by UN geword het as dit nie was vir sy politiek nie! Maar die politieke klimaat het so verander dat hy sy studies moes laat vaar. Daarna het hy deelyds die diploma in teologie gedoen.

Laasjaar het hy nog kans gehad om sy MTh in die teologie aan die Universiteit van Pietermaritzburg te voltooi.

GAAN HY DIE SARK LOS? "Die afgelope ses jaar was vir my baie moeilik. Maar ek glo die Here het my hier geplaas en dat ek die SARK deur die oorgangstydperk moet neem."

En die Here wil vir Chikane ook as president van die Gesamentlike Afdeling van die AGS hê en moontlik ook in die SAUK-Raad en in al die vredekomitees en om 'n skool eiehandig te help bou in vakansietye. Die titel van Chikane se outobiografie is nie verniet nie: *No Life of My Own*.

Vrye Weekblad

Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika

Botha se era van korrupsie

Jong seun kry polisie-koel in die kop



OMNE DE NIEUWE SUID-AFRIKA

Vrye Weekblad

FW se Dopperse dinge - p8

BSB-bom bars

- * Adriaan Vlok het geweet
- * Cholera in Swapo-water
- * Selle tot in Zaïre

Ontmoet Joe Vorster, BSB-grootbaas



Die BSB-bom bars... (Main article text)

Vrye Weekblad

4 November 1988

Mandela: 'n nuwe era

Joe Slovo en die Boers...



Die nuwe era... (Main article text)

EINNE

NP-leier...
- bl 3

Ons eerste...
Minister...
- bl 7

Graven...
en die...
kabin...
- bl 16

Hier is...

sê wat julle wil: ons het darem heelwat grense verskuif én 'n paar koeie ook geslag

Hierdie uitgawe van *Vrye Weekblad* wat jy nou in jou hande vashou, is die laaste uitgawe van *Vrye Weekblad* die koerant. **MAX DU PREEZ** het dié week deur al 221 uitgawes van *Vrye Weekblad* sedert 4 November 1988 geblaai en sy gedagtes laat teruggaan na die eerste sukkeldae

DIT was érens in Julie 1987. Ek het in die verskriklike hitte van Burkina Faso langs die swembad van die hotel in Ouagadougou sit en flou bier drink saam met 'n paar mede-Dakar-gangers: Van Zyl Slabbert, Beyers Naudé, Thabo Mbeki, Mac Maharaj, Alex Boraine, en, as ek reg onthou, Gerhard Erasmus van Stellenbosch.

Ons het pas ons veelbesproke konferensie met die - in Suid-Afrika steeds verbode - ANC in Dakar afgehandel, en was op 'n kort toer deur Wes-Afrika. Dit was 'n opwindende ontmoeting wat ons toe al geweet het 'n invloed op denke en gebeure sou hê.


Ons het dae lank geen nuus van die huis af gehad nie, en dié betrokke dag het iemand daar aangekom met 'n handvol fakse van koerantberigte uit Suid-Afrika. Goedkeuring het ons nie verwag nie, maar die histerie van veral *Beeld*, *Die Burger* en *Rapport* het my geskok. Ons is alles genoem - van verraaiers tot naiewe dwase tot onverantwoordelike opportuniste en useful idiots van die kommuniste - in skreeuende hoofskrifte en onsmaklike kommentaar en spotprente, en die PW Botha-regering het begin dreig met optrede teen ons.

Ek het half verslae na die manne gekyk en gesê: Hoe de

hel gaan ons dié land en dié mense van ons sover kry om eendag 'n demokrasie te aanvaar?

Dit was Beyers Naudé wat my toe uitgedaag het. Daar moet nou 'n onafhanklike stem in Afrikaans kom wat nie in die Nasionale Party en die Totale Aanslag-koor sing nie, maar vir mense gaan sê wie en wat hul landgenote werklik is en wat werklik in die land aangaan. Jy is mos 'n joernalis (ek was toe nog politieke korrespondent van *Business Day*), dis jou werk, het Oom Bey vir my gesê.

EK HET DIE UITDAGING aanvaar. Maar hoe de hel begin



'n mens 'n koerant van niets af sonder enige geldelike steun? Ek was (is?) g'n organiseerder of sakeman nie, ek was my hele volwasse lewe net 'n koerantman.

Hoe dit ook al sy, met groot geesdrif en opgepomp met idealisme het ek begin rondgesels en binne 'n paar maande 'n soort van "komitee van eendersdenkendes" bymekaar gekry, want as politiek-korrekte demokrat kon ek mos nie só 'n daad op alleen aanpak nie.

Fout een. Dié komitee het keer op keer, maand na maand, ontmoet en nêrens gekom nie. (Ek sal liever die identiteite verswyg.) Die een probleem was dat die mense nie koerantmense was nie, en met idees gekom het wat ek eenvoudig nie gedink het kan werk nie. Die ander probleem was dat hulle nie gedink het ek behoort die koerant te begin nie, dat ek nie redakteursmateriaal was nie, en dat ek nie die regte image gehad het nie. (My beeld was te "links", ek was te lank in die Engelse joernalistiek, my hare was te lank en my persoonlikheid te onsmaklik. Ek het nogal gedink hulle het 'n punt gehad.)

Ek sê toe nou maar goed, kry 'n redakteur en ek sal die ding help stig. Hulle maal toe rond met Jan Spies van Namibia, Harald Pakendorf, gewese redakteur van *Die Vaderland*, en 'n paar ander, maar dit kom toe weer nêrens uit nie. Toe sê ek hulle moet nou maar aangaan en as ek na 'n ruk sien daar is geen vordering nie, sal ek op my eie die koerant begin.

VROEG IN 1988 NADER ek toe vir Elsabé Wessels, vroeër dae my kollega by *Die Burger*, *Beeld* en *Sunday Times*. Sy is vuur en vlam. Kort daarna gaan gesels ons met 'n belowende jong knaap van *Huisgenoot*, Jacques Pauw, en met 'n ou vriend van Stellenbosch en *Die Burger* se dae, Koos Coetzee. Karien Norval is 'n gefrustreerde Kaapse staatsaanklaer wat Johannesburg toe wil trek, en sy sluit by die span aan as 'n soort administratiewe jack-of-all-trades. Chris du Plessis sluit aan as kuns- en vermaakskrywer, en Victor Munnik as verslaggewer. En daar is die span.

Van Zyl Slabbert het die gedagte van 'n "alternatiewe" Afrikaanse koerant van die begin af sterk gesteun (al het hy sedertdien seker 'n paar keer moes wonder waarby hy hom ingelaat het...) en saam met Christo Nel, Chris Otto en Sampie Terreblanche die eerste direkteur van Wending Publikasies Bpk, die uitgewersmaatskappy, geword.

Ek leen toe 'n klomp geld, verkoop alles wat ek het en oortrek my kredietkaart met vyf keer my limiet. Toe huur ons 'n ou banksaal in Newtown vir R2 000, skraap 'n paar tweedehandse lessenaars en stoele bymekaar en huur ons eerste twee Taiwanese rekenaars. Niemand weet iets van desktop publishing nie, toe huur ons sommer deelydse mense. Dis mos die boodskap wat tel, nie hoe dit lyk nie, reken ons.

WEKE VAN PYN en angs later staan ons Donderdagnag 4 November by die drukker, en daar rol die eerste uitgawe af. Dit was een van die mees emosionele oomblikke in my hele lewe.

Die hoofberig was oor die intense debat aan die gang oor die vrylating van Nelson Mandela. Die opskrif het gelees: "Mandela: 'n nuwe era." Die hooffoto, van Joe Slovo, Wynand Malan en Sampie Terreblanche by 'n konferensie in Duitsland, het 'n opskrif gehad "Slovo en die Boere". Elsabé berig oor die konferensie oor Suid-Afrika in Leverkusen, Duitsland, en Jacques het 'n onderhoud met die swart Transvaalse LUK, John Mavuso, gevoer.

Ons verduidelik ook wie en wat ons is: ons is totaal onverbonde en ons wil die behoefte aan onafhanklike, betroubare inligting oor ons land en sy mense aan Afrikaanse lesers gee, wat hulle nie by die NP-gesinde pers of die SAUK kry nie.

Ons sê: "Na die duiwel met die Totale Anslag wat so gemanipuleer is om Suid-Afrikanders in die donker te hou." Ons skryf: "Vir ons is daar geen konflik tussen volwaardig Afrikaans wees en gekant wees teen wit oorheersing nie." Ons slagspreuk is: Ons steek niks weg nie.

'N DROOM HET WAARHEID geword. En 'n nagmerrie het begin.

Ons werk 16 uur 'n dag, sewe dae 'n week. Op 11 November verskyn die tweede uitgawe met die hoofopskrif "Kabinet verlam deur tweespalt" - dit gaan oor die rugstekery in die PW Botha-regering.

Ons dra 'n storie oor PW en Pik Botha wat saam met die berugte Mafia-skelm Vito Palazollo geëet het - en PW Botha dagvaar ons vir laster. Akademikus Mark Swilling ontleed die Leverkusen-konferensie en verduidelik die verskille tussen die argumente van die plaaslike akademici en dié van Joe

Slovo. Ons word ingevolge die Wet op Binnelandse Veiligheid aangekla, en uiteindelik kry ek 'n opgeskortte vonnis van ses maande tronkstraf en 'n boete.

Op die tweede uitgawe staan daar onderaan die mashoof 'n motto wat 'n jaar of twee later algemeen gebruik sou word: Die Nuwe Stem vir 'n Nuwe Suid-Afrika.

Net ná die tweede uitgawe kom hier 'n faksboodskap aan van die Minister van Justisie, Kobie Coetsee. Hy sê sy "voorlopige oordeel dui daarop dat *Vrye Weekblad* moontlik onder andere as middel gebruik sal word om die sienswyeses van onwettige organisasies uit te druk." Ons gaan sien hom in sy kantoor met 'n ellerslange verduideliking van wie en wat ons is, maar dit help nie. Hy eis 'n deposito van R30 000 voor ons *VWB* as nuusblad kan registreer. Dit was en is nou nog die hoogste bedrag wat ooit gevra is - die standaard-foo is R10. Ons het nie R30 000 gehad nie, en ons het dit só in die volgende uitgawe gesê. Binne twee dae het lesers meer as R65 000 aangestuur vir die deposito.

DIE DERDE UITGAWE het 'n ontledende artikel oor PW Botha en die NP. 'n Tekening van 'n moeë PW staan by die opskrif: Wil iemand dié ouman nog hê?

Afrikaanse koerantlesers het nie geweet wat hulle getref het nie. Die reaksie was omtrent onmiddellik: 'n klompie mense het dadelik laat weet hulle wag al lank vir so-iets en staan by ons, en baie meer inbellers en briefskrywers het laat weet hulle dink ons is verraaiers en drek.

Wonder bo wonder het ons elke week 'n nuwe koerant die lig laat sien. Die uitleg was swak en vervelig, en daar was net 16 bladsye.

Op 16 Desember 1988 het *VWB* gekom met 'n spesiale ondersoek oor hoe daar herbesin moet word oor Gelofedag, en met die eerste van baie latere aflewings oor die Eugene TerreBlanche en Jani Allen-strooisage.

Op 27 Januarie 1989 was die hoofopskrif "Botha se era van korrupsie". Medewerker Martin Welz skryf in wat nou blyk profetiese woorde was: "Die era van PW Botha, wat tien jaar gelede op die trappe van die parlement ingelui is met 'n belofte van skoon administrasie, is besig om sy einde te nader - as waarskynlik die mees korrupte tydperk van dié eeu."

Op 3 Februarie 1989 plaas *VWB* die eerste van verskeie verdoemende artikels oor Winnie Mandela en haar



Die Harms-kommissie in aksie



Klaar gepraat...

manewales.

Dit was die week wat FW de Klerk tot leier van die Nasionale Party verkies is. Die opskrif op 'n meningsartikel oor FW lui: "Visielose verkrampde of verbeeldinglose pragmatisme?" Ons het later 'n paar keer op dié verdoemende oordeel oor De Klerk teruggekrabbel.

Op 17 Februarie 1989 onthul VWB dat regter Jan Strydom, wat toe pas opspraak verwek het deur 'n boer wat 'n swart werker vermoor het 'n opgeskorte vonnis op te lê, ses kriminele veroordelings gehad het toe hy as advokaat aangestel is.

DIE SATIRIESE RUBRIEKSKRYWERS Brolloks en Bittergal en Egbertus Klaagvoort het in dié tyd gewild begin word. Op 24 Februarie vra Brolloks en Bittergal: "Gehoort

hoekom het Pretoriase mans meestal coitus interruptus as geboortebeperkingsmetode gekies? Hulle kan nie wag om vir hul vriende te gaan vertel nie..."

Die res van 1989 het VWB heelwat plesier gehad met die Groot Krokodil en met "Soetlief en die Ondier" - Eugène en Jani. En minder plesier gehad met nog verskeie kriminele aanklagte onder die noodregulasies, onder meer dat ons diensplig sou ondremyn het. Toe ons kla dat daar 'n vendetta teen ons gevoer word, vat die Prokureur-generaal van die Witwatersrand, Klaus Peter Constantin Otto von Lieres und Wilkau, SC, ons hof toe vir laster. Uiteindelik kos dit hom toe duisende aan regskoste.

Ons het darem ook weer plesier gehad het met 'n reusagtige eerste verjaardagpartytjie wat tot dagbreek geduur het en waartydens verskeie senior redaksielede hulle



wangedra het. Een het selfs binne-in die kantoor op 'n motorfiets teen die Kanadese ambassadeur vasgery...

OP 17 NOVEMBER 1989, na verskeie weke se intense ondersoek en nagtelike gerondhardloper, gooi Jacques Pauw die bom: "Bloedspoor van die SAP" - met 'n groot foto van moordbendeleier Dirk Coetzee op die voorblad.

Dit was 'n deurbraak en 'n keerpunt in die politiek en in die perswese. Vir die eerste keer kom 'n senior polisieman met klinkklare bewyse en vertel van apartheid se moordbendes en die polisie se kultuur. Tot op dié dag het geen koerant dit gewaag om hieroor te skryf nie.

Dié onthullings het regstreeks gelei tot 'n hele reeks polisiemanne en soldate wat begin bieë het oor die sondige verlede van die veiligheidsmagte en het, glo ek as ek terugkyk, daartoe gelei dat die meeste van dié aktiwiteite gou daarna afgeskaal is.

Die week ná die onthulling laat weet die toe nog gerespekteerde hoof van die polisie se forensiese afdeling, genl Lothar Neethling, hy wil ons vir 'n halfmiljoen dagvaar weens laster. Hy het nie, soos die berigte gesê het, gif aan Dirk Coetzee gegee waarmee aktiviste vermoor moes word nie. Ons doop hom gou "Doepa" Neethling, en kort daarna lui die hoofopskrif: "Dit was Doepa se doepa!" Toe sit hy nog 'n halfmiljoen rand by sy eis. Die res is, soos hulle sê, geskiedenis. Die laaste hoofstuk van dié peperduur sage sal hom later vanjaar in die Appèlhof in Bloemfontein afspeel.


Die dag toe Neethling se eis deur regter Johan Kriegler verwerp is, was een van die beter dae in my en my kollegas se lewens.

Die polisie en die regering se reaksie op die Coetzee-bom was voorspelbaar: ontken alles. Dit is ironies dat tot vandag toe, selfs ná al die verdere onthullings en die uitspraak van regter Kriegler in die Neethling-saak, die regering en die polisie amptelik ontken dat daar ooit so-iets soos polisie-moordbendes was.

In hul ontkenning is die regering en die polisie voluit en geesdriftig gesteun deur die Afrikaanse koerante, en dit is iets wat baie swaar op hul gewetens moet rus. VWB is uitgemaak as onbetroubaar en onverantwoordelik - op hul nuusblaaie en in 'n intense skinderveldtog. Dirk Coetzee is afgemaak as 'n mal man en 'n patologiese leuenaar.

En kyk hoe lyk hulle nou.

Was Adams
dalk swan




Viende breek uit in Angola
Plaaswerkers se bitter lot
Marx en Jesus moet praat

Sonksies...
nou dag vir BSB-
manne die reger...

WIE IS WIE IN SA:



Hoof van Hoenders



Hoof van Bokke



Hoof van Muise



Hoof van Wurms



Hoof van Welsyn



Die renegat-
kapitein
die...
generaal

12 Oktober 1990
R1,50 (R1,33 + 17c Aft)

Die groot
debat oor
grond
Die lyding
van 1913
Die
Broederbond
sak uit

ONS GELD HET 'N hele paar keer opgeraak, en moes ons leen, lieg en sonder salarisse klaarkom. Teen die einde van April 1990, byvoorbeeld, daag die balju op 'n dag by die kantoor op en vat al ons rekenaars terug waarvoor ons nie kon betaal nie. Ons verklaar toe dat ons in solidariteit met die werkers nie die eerste week in Mei sou verskyn nie, en gaan leen toe intussen 'n paar ander rekenaars. Die week daarna was ons weer op straat.

Op 2 Februarie 1991 onthul VWB dat Philip Nel en sy Instituut vir Sowjet-Studies aan die Universiteit van Stellenbosch fronte en/of agente vir die Nasionale Intelligensiediens was. Nadat NI se Niel Barnard 'n dag lank

in camera teen my getuig, kry ek 'n opgeskorte tronkvonnis en 'n groot boete - 'n vonnis wat later skerp deur 'n regter gekritiseer is en grotendeels ongedaan gemaak is.

Dié vyandskap tussen VWB en NI het lank aangehou en gekulmineer in 'n disinformasie-veldtog van NI dat VWB eintlik een van hul "projekte" is en van die redaksielede "agente" is.

Dieselfde Vrydag het FW de Klerk sy historiese toespraak in die parlement gemaak. In my kommentaar skryf ek: "As ek 'n hoed gehad het, sou ek dit nou vir FW afgehaal het."

DIT WAS DIE BEGIN van die einde van die Totale Aanslag-era, en ons het geweet dit sou ons hele identiteit ook uiteindelik affekteer. Maar die goeie stryd was nog nie klaar gestry nie. Daar was nog die hele BSB-nes wat oopgekrap moes word, en die ver-regses en hul geweldplannetjies wat ontbloot moes word.

Op 22 Junie 1990 onthul VWB dat 'n gewese NI-agent, Jannie Botes, regse ekstremistiese groepe binnegespyel en hul planne om mense soos Joe Slovo en Nelson Mandela te vermoor, ontbloot het. Maj Gary Cornish van die BSB erken dat hy 'n geweer voorsien het vir die beoogde sluipmoorde. Dié berigte lei tot 'n onderonsie tussen VWB en die SAP se genl Leon Mellet, en hy eis ook 'n groot bedrag vir beweerde laster. Dié saak kom eers in Oktober vanjaar voor die hof.

(VWB se regskoste die laaste vier en 'n half jaar beloop by die R2 miljoen, en is een van die belangrikste redes waarom ons nooit in 'n beter infrastruktuur of bemarkingsveldtog kon belê nie.)

Daar was 'n hele paar ander belangrike onthullings, soos dié in die uitgawe van 11 Januarie 1991 dat Swapo-leier Anton Lubowski wel deur die BSB vermoor is en dat Staal Burger, Chappie Maree en Ferdi Barnard daarby betrokke was. Soos sers Ronald Bezuidenhout van die SAP wat kom bieg het dat hy die Hamns-kommissie belieg het en deel was van 'n plan om Dirk Coetzee te vermoor. Soos Larry Barnett, 'n SAP-agent, wat vertel het dat hy tot in 1991 nog bokse vol kontantgeld van die polisie aan Inkatha moes gaan oorhandig. Soos die onthullings van veiligheidspolisiekolonel John Horak oor hoe en wie Steve Biko werklik vermoor het en die voortgesette kultuur van bandeloosheid en dirty tricks van die polisie. Soos die Mosambiekier Joao Cuna wie se onthullings oor sy deelname aan dirty tricks gelei het tot die ontmaskering van die weermag se afdeling Kovert

Insameling.

Soos die Nuwe Suid-Afrika stadigaan al hoe meer momentum begin kry het, het ons by VWB besef ons moet ons rol herdefinieer. Ons het geleidelik van harde nuus en sensasionele onthullings na agtergrond-joernalistiek en 'n tydskrif-aanslag beweeg, wat nou uitloop op die tydskrif wat ons op 25 Junie loods.

Maar ons kon darem ook nie die versoeking weerstaan om 'n laaste takie af te handel voordat ons ophou om 'n koerant te wees nie: die aftakeling van die geheime Afrikaner-Broederbond. Ek glo die geskiedenis gaan eendag leer dat Hennie Serfontein die grootste enkele faktor was waarom dié eens oppermagtige organisasie ontbind het.

ONS HET BAIE VYANDE gemaak die laaste paar jaar. Ons is as uitgeworpenes in ons gemeenskappe, en sekerlik in die koerantwêreld, behandel. Ons het finansiële baie swaar gekry. Ons het baie pyn verduur met al die hofsake; met 'n bomaanval wat die ingang tot ons kantoor in puin gelê het; met verskeie ander gewelddadige aanvalle, intimidasie en honderde dreigbriewe en -oproepe. Ons sirkulasie het nooit mooi bo die 10 000 'n week gekom nie, en adverteerders en advertensie-agentskappe is tot vandag toe sku vir ons. Ons het baie foute gemaak - dit weet ons beter as enigiemand anders.

Maar vir ons was dit die moeite werd.

Ons glo soveel as wat ons as joernaliste kon, het ons 'n bydrae gelewer tot 'n vernuwing in die denke van veral die Afrikaanssprekendes. Ons glo ons was deel van die katalisator wat die debat gestimuleer het en ons gebring het waar ons vandag as 'n land is. Ons glo ons het Afrikaanssprekendes gehelp om meer vrae te vra en nie gesag net klakkeloos te aanvaar nie. Ons glo ons het die parameters van persvryheid en -onafhanklikheid verder verskuif as enige ander koerant in die land. En ons glo ons het baie gedoen om Afrikaans van sy/haar borstrok ontslae te laat raak, en die stigma van die Taal van die Onderdrukker te laat afskud.

ONS WORD NOU wel 'n tydskrif met 'n nuwe aanslag en 'n formaat, maar lesers wat van Vrye Weekblad gehou het soos dit was, sal hulle ook met die tydskrif kan vereenselwig.

Soos hulle op TV sê voor 'n advertensiebreuk: Bly by ons...

die bekroondes

Die Vita Art Now-pryse word toegeken vir die beste tentoonstellings in 'n bepaalde jaar in Johannesburg. Die bekroondes vir 1992 is: William Kentridge - Jaarprys en medewenner van Prys vir Eerste Kwartaal.


Alan Alborough - Merieteprys vir die Jaar en Prys vir Vierde Kwartaal.

Marc Edwards - Merieteprys vir die Jaar. Günther Herbst - Merieteprys vir Jaar en medewenner van Prys vir Eerste Kwartaal.

Simon Stone - Merieteprys vir Jaar. Robert Hodgins - Prys vir Derde Kwartaal.

Jaarprys en die Prys vir die Eerste Kwartaal: William Kentridge Merieteprys

MIDDEL: "Latte per Tutte" ("Melk vir almal"), 'n beeldhouwerk deur Joachim Schönfeldt uit 'n tentoonstelling in die Newton-kunssaal. Die skoon lyne en simmetriese geometrie van Afrika-kuns versmelt met die klassieke tradisie van die Weste in Schönfeldt se monumentale werke. Soos gevonde voorwerpe (skulpe, stukke hout, ens) dikwels beskilder word met "plaaslike" tonele om as toeriste-aandenkings verkoop te word, so is dié beeld beskilder met afbeeldings in 'n banale styl van voëls en diere en 'n groepie jong mans besig om 'n koei te melk. Naas 'n tematiese verkenning van die kruisbestuiving tussen Europa en Afrika, verlustig Schönfeldt hom op formele vlak ook in die maniere waarop die beeldhouwerk 'n fisiese ruimte kan "aktiveer": die spasie tussen die vier houtsilinders op die vloer en die hangende "ulier" van laaghout is nie "leeg" nie, maar gelaai met stemming en 'n byna tasbare deel van die beeldstruktuur. Sou die spel met swaartekrag nog treffender gewees het as die swevende gedeelte nie van ligte laaghout gemaak was nie, maar van swaar, soliede hout? (Maar dit sou ook tegniese probleme meebring wat die ophang betref.) Schönfeldt het 'n fyn estetiese aanvoeling: 'n kunstenaar se kunstenaar.



smeulende spanning, min ontploffings

Vanjaar se Vita Art Now-tentoonstelling in die Johannesburgse Kunsmuseum is effens dunner as voorheen - 1992 was nie so 'n geïllustreerde jaar vir tentoonstellings in Johannesburg nie. Stap jy daardeur, kry jy die indruk van smeulende spanning, eerder as kreatiewe uitbarsting. Buiten die goeie ou skilderkuns en beeldhoukuns - onder meer treffende "to"-beelde deur Kevin Brand wat voel of hulle enige oomblik kan begin rol - is daar verkenning van rekenaarkuns en installasies, maar dié lyk merendeels baie tentatief. Nietemin is daar heelwat om te waardeer in die werk van die 20 kunstenaars wat op grond van uitstekende tentoonstellings gekies is. Die werke wat hier afgebeeld word met kort kommentaar deur **JOHANNES BRUWER** is nie noodwendig van die "bestes" of "belangrikstes" nie, maar gee 'n breë indruk van 'n paar rigtings waarmee Randse kunstenaars hulle besig hou.

BO: Harry on Pedestal - Wide Shot, 'n skets vir 'n animasieprent deur William Kentridge, uit 'n tentoonstelling in die Goodman-kunssaal. 'n Videoband met Kentridge se meesterlik evokatiewe animasieprente Mine, Woyzeck, Monument en Sobriety, Obesity and Growing Old is op die tentoonstelling te sien.

LINKS: Slave Painting Slave Sculpture deur Wayne Barker. Sy tentoonstelling 3 Bodies of Love in die Everard Read Kunssaal vir Eietydse Kuns, sê hy in die katalogus, het gegaan 'oor slawerny en banaliteit en die afbreek van ou strukture - die Lulus is verwant aan ongeleerde plattelandse vrou wat in Johannesburg kom werk soek en uiteindelik prostitute word. Die Lulus word in Hongkong gemaak. Ek vind die ironie van eerstewêreldse artefakte boeiend in die opsig dat dit spesifiek verband hou met swart Zoeloe-vroue. Die beeld spreek duidelik vir sigself." Die probleem is: sodra 'n mens met Barker saamstem dat dié karikature banaal, kru en rassities is, verloor die werke seggenskap, want die simbole wat gebruik word, is te leeg en oppervlakkig om 'n mens op sigself visueel te boei. 'n Mens kan jou vereenselwig met die kunstenaar se siening, maar nie met die kunswerk nie.


REGS: "Amazing New Life Form", 'n rekenaarkuns-triptiek deur Theresa-Anne Mackintosh, uit 'n tentoonstelling in die kunssaal FIG. Al hoe meer Suid-Afrikaanse kunstenaars begin die moontlikhede van rekenaar-grafika ondersoek. Mackintosh se triptiek herinner aan 'n kruis tussen die pop-kuns en die ekspressionisme, maar tref 'n mens nie juis diep nie. Dis asof die kunstenaar nie kon besluit waar die klem moet lê nie: die dekoratiewe of die inhoudelike? Die uiteindelige effek is dié van plakkate vir 'n tienerkamer. Mackintosh se animasie-prent The Red Fish word ook vertoon, maar die plat, tweedimensionale aanslag daarvan doen onpersoonlik emosieloos aan. Baie meer suggestief is haar olieverfskildery The Meeting.



BO: "That Game Chicken/Foul" en "That Game Chicken/Pluck" deur Alan Alborough, uit 'n tentoonstelling in die Everard Read-kunssaal vir Eietydse Kuns. Dié kunstenaar se werke laat jou lank stilstaan. Fyn vakmanskap (hoe kry Alborough dit byvoorbeeld reg om die gebarsde glas so vas te bout sonder dat dit aan skerwe spat?) word met digterlike sensitiwiteit ingespan om 'n onverwagse lewenskrag te gee aan materiale wat 'n mens gewoonlik met die konstruksienywerheid assosieer - glaspaneel, staalplate, houtplanke, metaalbout, ens. Ondanks die klinies simmetriese komposisies - wat ook verwys na die rasionele orde van konstruksiewerk - het die werke 'n sterk sintuiglike aanslag: die kontraste tussen "harde" en "sagte" stowwe (metaal teenoor papier, ens); die brose skoonheid waarmee die kraaknetwerke die "koue" glas versag; die byna tasbare spanning waarmee die metaalbout die fragile materiaal vasklem. Naas die verkenning van die sensuele eienskappe van sy fisiese media, boei Alborough ook op intellektuele vlak deur die verhouding tussen visuele beeld en verbale begrip te ondersoek. Stimuleer die titel van "That Game Chicken/Foul" 'n mens om die vorm van die skêr met die buitelyne van 'n hoender te verbind? In "Hangman" dra die woorde "Morning Sunrise Spells Death" by tot 'n beklemmende stemming; die woorde rig jou oog om die werke as selmure te beskou. In die reeks What The Eye Saw word dieselfde komposisie telkens herhaal - met 'n ander stel teenstellings verbaal daarop uitgespel: Soft, Hard; Dirty, Clean; Wet, Dry; ens - waarmee Alborough uitwis dat die verbale begrippe waarmee visuele beelde "verduidelik" word, die ervaring van die beeld se stemming kan wysig al hou die woorde in werklikheid geen verband daarmee nie.

LINKS: "Liggaamlike opvoeding vir meisies", 'n olieverfskildery deur Anton Karstel, uit 'n tentoonstelling in die FIG-kunssaal. 'n Reeks figuratiewe tablo's saamgebind deur 'n sterk komposisionele struktuur word opvallend dikwels gebruik wanneer kunstenaars aspekte van die Suid-Afrikaanse samelewing op 'n verhalende manier wil oordra om terselfdertyd kommentaar daarop te lewer. Kragtige stellings is al so gemaak (onder andere deur Justice Sifiso Mkhame se bitter-weemoedige pastelwerk "Letters to My Child" uit die laat tagtigerjare, 'n samestelling van "poskaart"-tonele van geweld en verdrukking in Suid-Afrika). In dié werk van Karstel is die komposisionele struktuur egter te ornaat en oorheersend, en gaan die suggestiwiteit van die mensfigure verlore. Die sorgvrye liggaamsoefeninge van die wit meisies word gekontrasteer met werkersklas-figure wat vir oorlewering op liggaamlike arbeid aangewese is. 'n Soortgelyke tema word baie kragtiger uitgedruk in Karstel se reeks "Vigor". Dit bestaan uit 'n groep swart en wit sifdrukke, elk met 'n afbeelding van 'n polisieman wat liggaamsoefeninge doen in 'n polisiekollege in 1948. Dié beelde van 'n "gesonde" lewenstyl word ironies gekontrasteer met klein olieverfskilderye wat eietydse polisiebrutaliteit oproep.

moenie baklei nie - praat én luister liever



Foto's: SALLY SHORKEND

As aanbieder van *Agenda* is hy een van die bekendste gesigte in Suid-Afrika. Maar agter die skerms is **Freek Robinson** ook die bestuurder van die SAUK se aktualiteitsprogramme - sekerlik een van die verantwoordelikste beroepe in die land. **CHARL BLIGNAUT** praat met hom

FREEK ROBINSON is in Pretoria gebore, "maar is nie in hart 'n Pretorianer nie". Want net na sy geboorte is sy ouers daar weg om verder noord in Afrika te gaan werk. Sy pa het sake gaan doen in die destydse Nyassaland en Noord- en Suid-Rhodesië.

Met hul terugkeer na Pretoria het hysy skoolloopbaan by die Hoërskool Hendrik Verwoerd voltooi ("Die skool het sy naam gekry voordat Verwoerd vermoor is en daai tyd was dit niks snaaks gewees nie"). Hy het toe 'n BA-graad by Tukkie gedoen asook sy honneurs in Afrikaans en Nederlands. Na sy universiteitsopleiding het hy by *Oggend-blad* met Harold Pakendorf as redakteur begin werk. Toe Suid-Afrika uiteindelik televisie kry, het hy aansoek gedoen en beland by die SAUK.

In die begin het hy berigte vir TV-nuus geskryf, later het hy 'n verslaggewer geword en toe programvervaardiger. Hy is tot die parlementêre redaksie bevorder en later werk hy op *Nuusfokus*, voordat hy die bestuurder van *Netwerk/Network* word in 1985. In 1988 word hy die SAUK se korrespondent in Londen en keer in 1991 terug. Hy word die uitvoerende regisseur van Sondag *Agenda* en toe sommer ook die redakteur van al die *Agenda*-programme. Vandag is Freek Robinson die bestuurder van die SAUK se aktualiteits-programme.

Die aksent van TV-nuus het taamlik verskuif oor die afgelope jare. Wat is jou bydrae in dié opsig? Het jou eie aksent ook verander?

Ek dink nie my eie aksent het ooit gewissel nie. Aanvanklik is 'n mens redelik onervare en weet jy nie noodwendig waar jy jousef as joernalis bevind nie. Maar ek dink vandat ek myself begin vind het, bly my standpunt en my benadering nog altyd dieselfde. En dit is soos enige joernalis s'n behoort te wees. Dit is: jy moet probeer om êrens in die middel objektief die nuus te bring...

Maar vroeër...

Maar dit was in 'n bepaalde tyd nie moontlik nie. En soos dit nie vir my moontlik was nie, so was dit nie moontlik vir al die

joernaliste in dié land nie - in dat daar so baie wetgewing was wat jou verbied het om bepaalde goeters te doen. So dis nie net ons wat daar onder gely het nie.

Hoe voel jy oor die openbare verhoor van die kandidate van die SAUK-Raad?

Ek persoonlik dink dis 'n goeie ding. Die beginsel is 'n goeie ding, dat enigiemand - ek sou sê nie net wat die SAUK betref nie, maar enigiemand in 'n amptelike posisie wat 'n verantwoordelikeheid het teenoor die land - getoets moet word op 'n manier. Soos byvoorbeeld in die Amerikaanse kongres. Hoekom kan ons dit nie in Suid-Afrika ook doen nie?

Dink jy TV-nuus gaan nou weer verander of het julle by 'n plek gekom waar julle wil wees?

Ek hoop nie die benadering soos dit nou is gaan verander nie. Ek dink ons het nou in dié stadium - kom ons sê maar die afgelope twee jaar tot nou - 'n wonderlike geleentheid waar niemand ons rêrig pla en aan ons voorskryf wat om te doen of nie te doen nie. Behalwe in die normale gang van sake waar partye 'n invloed probeer uitoefen. En dit is normaal in enige demokratiese samelewing. Elke party probeer jou beïnvloed, probeer die beste moontlike bedeling vir hom beding sodat hy, sê nou maar, óf alleen verskyn op 'n bepaalde aand óf dat hy stof opskop en probeer keer dat jy nie iemand anders teen hom sit met wie hy nie wil debatteer nie.

Hoe gaan julle te werk om 'n Agenda-program of 'n spesifieke onderhoud saam te stel?

Die eerste ding wat gewoonlik die bepalende faktor is, is die aard van die onderhoud. Ons besluit saam, rondom die tafel in die oggend - al die uitvoerende regisseurs en myself plus twee navorsers en die aanbieders. Ons sit saam en ons bespreek die nuus van die dag - wat nie te sê is dit gaan so uitwerk nie. Dan besluit ons wat is die storie vir die dag en probeer ons om daai persoon in die hande te kry. Die navorsers gaan dan heen om feite bymekaar te maak en min of meer wat ek dink nodig is om in die hande te kry. Dangaan ek aan met die res van my werk. So teen vieruur se kant

begin ek my ander werk los en sit ek en die navorsers saam en gesels oor die onderwerp en kyk na die navorsing wat ingekom het. So teen vyfuur se kant kom een van ons redakteurs en dan doen ons 'n bietjie brainstorming oor die persoon self met wie die onderhoud gevoer gaan word en ook oor die onderwerp.

Oor die onderhoude self. Sê nou jy sit teenoor iemand teen wie jy ideologies gekant is. Is dit werklik moontlik om objektief te bly?

Ja. 'n Mens moet jousef absoluut dissipleneer dat daar niks van jou eie gevoelens deurkom nie. Baie mense verwar gewoonlik 'n vraag met 'n persoonlike mening en dis 'n fout. Dit is logies dat as jy, sê nou maar, 'n lid is van die PAC en ek doen 'n onderhoud met jou, dan sal ek jou vrae vra uit verskillende oogpunte - dié van die ANC, dié van 'n boer op 'n plaas, dié van 'n regeringsman, en op dié manier word jy getoets teen 'n reeks standpunte. Dis nie my standpunt nie, dis vrae wat gevra móét word.

Wie is vir jou besonder interessant óf moeilik om te interview?

Wel, jy kry mense wat baie moeilik is om te interview. Nelson Mandela is een van hulle. Dis altyd interessant om met hom te gesels, maar geweldig moeilik.

Hoekom?

Omdat hy so 'n waardigheid rondom hom het. En hy dink jy gaan van die veronderstelling uit dat jy hom 'n redelike tyd moet gee om te antwoord. En hy het 'n stadige tempo - wat beteken as jy 'n vraag gevra het, neem dit 'n tyd voordat hy by 'n punt uitkom. Nou moet jy eers wag dat hy by 'n punt kom voordat jy 'n volgende vraag kan vra. En selfs dán wil hy jou nie eintlik 'n geleentheid gee nie. Cyril Ramaphosa is self baie moeilik, 'n hoogs kompeterende geselsgenoot in 'n onderhoudsituasie. Want hy probeer jou altyd lees en jou keer sodat jy nie kan inkom om 'n vraag te vra nie. Dieselfde met FW de Klerk, hy't al baie mooi geleer hoe om 'n mens te hanteer dat jy nie kan inkom om 'n vraag te vra nie. En dan is hy natuurlik die president ook, wat beteken jy moet in 'n mate kompromitteer en sê kyk, hy is die president, jy kan hom nie net sommer in die rede val nie.

Al kritiek wat ek so af en toe oor jou onderhoudstyl hoor, is dat jy te pushy is - dat jy te vinnig in die rede val.

Nee, dit is so. Ek dink veral die Afrikaner, ongelukkig, het 'n benadering dat jy alle persone in gesagsposisies met handskoene moet hanteer, groot respek vir hulle betoon en dat jy hulle nie in die rede mag val nie. Maar alle politici, alle politici is maar dieselfde - hulle wil so veel as moontlik van die tyd gebruik om te sê wat hulle wil sê, ongeag die vraag wat jy vra. Wat beteken jy moet altyd probeer om terug by die vraag te kom. En as jy iets optel uit dit wat hulle sê, dit natuurlik onmiddellik opvolg. Want as jy nou eers moet wag totdat die man 'n verdere drie, vier minute gepraat het, dan het hy al so baie ander goeters gesê dat jy vergeet het van die eerste punt wat hy gemaak het. Hoe vinniger jy by 'n punt kan uitkom, hoe beter. Sodat jy, soos wat die onderhoud vorder, gedurig duidelikheid het in jou eie gemoed oor presies wat het hierdie mens gesê het.

Gaan jy ooit voor die tyd deur die vrae met die mense?

Nee, my standpunt is dat as ek dit kan verhelp, wil ek nie die mense sien voor ons op die lug gaan nie. Hoogstens groet ek hulle en dis al. Ek probeer die ontmoeting voor die tyd so kort as moontlik hou en praat net oor nonsens sodat ons nie oor die onderhoud hoef te praat nie en daar nie 'n kans is dat ons mekaar gaan beïnvloed nie.

En na die tyd? Sê nou maar dit was 'n besondere skerp onderhoud. Raak hulle nie opgewonde na die tyd nie?

Nee wat, nie eintlik nie. Die jongste voorval was byvoorbeeld generaal Viljoen. Hy het na die tyd nog 'n hele rukkie gestaan en gesels met my, baie vriendelik, sonder enige probleme. Ek verneem daar was heelwat mense wat gedink het ek het hom nou nie heeltemal na wense behandel nie. Ek dink ek was heeltemal skaflik gewees en hy het dit ook so ervaar.

Het jy al 'n onderhoud met Winnie Mandela gevoer?

Winnie Mandela wou nog nooit met ons gepraat het nie. Ons het al naby daaraan gekom om met haar te praat, maar dinge het nooit uitgewerk nie.

En ander interessante figure?

Ag, die meeste van die politici is redelik interessante figure, die top-mense. 'n Man soos Roelf Meyer, dink ek, is altyd interessant om mee te praat omdat ek dink hy het 'n basiese eerlikheid. Sy groot probleem, ongelukkig, en ek hoop hy

sal my nou vergewe as ek dit sê, is hy druk homself nie so goed uit in Engels nie. Wat 'n probleem is, want dikwels kry ons hom saam met iemand van die ANC. In 'n persoonlike een-op-een in Afrikaans doen hy baie goed. Beyers dink ek doen baie goed. Andries Treurnicht was altyd 'n baie moeilike man want hy het nooit, nooit 'n vraag beantwoord wat jy hom gevra het nie. Hy't altyd op so 'n manier geantwoord dat jynie rêrig kan agterkom of hy nou die vraag beantwoord het of nie.

Is Jaap Marais ook so?

Jaap Marais is 'n baie reguit mens en 'n plesier om 'n onderhoud mee te voer. Ook dr Antonie Gildenhuys is 'n baie interessante man. Hy is waarskynlik van almal wat ek nog ooit teëgekomen het, dié ou wat die vinnigste en die beste op 'n vraag antwoord. Jy gee hom 'n vraag en binne 20 sekondes flat gee hy jou die antwoord. Klaar.

En mense soos Pik Botha wat so diplomatie is dat...

Wel, Pik Botha is natuurlik 'n baie interessante mens. Hy het 'n bepaalde styl en ons het al baie met mekaar gepraat, so ek weet hoe tree hy nou op. Gewoonlik in die begin dan lê hy mos so half vorentoe met daai grys stem van hom... Dan weet 'n mens dit gaan so tydjie vat om spoed op te tel.

'n Mens kan eintlik agterkom as iemand bullshit. Maak dit jou nooit aggressief in onderhoude nie?

Nee, dit is net meer van 'n uitdaging om te probeer oorkom... Jy dwing jousef om kalm te bly, rustig te praat en maar net saam met wat die mense sê nie, eerder waar is die logiese fout in wat hy sê of wat rym nie met vorige standpunte nie, of wat rym nie met ander mense binne daai partynie, of wat is teenstrydig met wat hulle in die openbaar geskryf of gesê het. Dis 'n kliniese proses wat niks te doen het met jou eie gevoel nie.

'n Kollega van my het 'n probleem met Agenda... She feels that women are trivialised on the programme, that there's only regard for male decisions...

No, of course not. The problem is, and it's something that all of us must face, that the majority of the decision-makers in this country are male. And that is, from a female point of view, a problem. But it's not a problem of our making, we cannot be accused of bias if the decision-makers themselves are all male. I find it unsatisfying, on the other hand, to actually go out and specifically decide to do a female programme just to appease the problem. Our job is to try to address issues and find people to address them - whether they're male, female, black or white.

Bel mense dikwels vir Agenda om te kla?

Ja, ons kry sulke oproepe elke dag. Hulle probeer jou kritiseer vir wat jy gedoen het, hulle probeer jou aanval. Maar ek is redelik seker ons is op die regte pad. En ek hoop dit bly so.

Ontvang jy ooit persoonlike dreigemente?

Ja... Dis welbekend dat ek een van die mense is wat op die Boere Bevrydingsleër se hitlist is. Ek het al ander dreigemente ook gekry van mense wat hierheen bel. Maar dis 'n snaakse ding, ek dink dis seker die geskiedenis in dié land wat in 'n groot mate daartoe gelei het dat mense 'n basiese intolleransie het, 'n onverdraagsaamheid teenoor dié standpunte van ander mense. Dit beteken nie as jy 'n ander standpunt hoor wat verskil met joune jy dadelik daardie ou se standpunt of die draer daarvan moet probeer doodmaak nie. Jy moet probeer redeneer met die man of jou eie redenasies toets teenoor syne. Daar is in die Suid-Afrikaanse gemeenskap mense wat dink jy moet dadelik daai ou iets aandoen, sy kop inslaan sodat hy dink soos jy.

Nadat jy met al dié mense gepraat het, bly jy hoopvol oor die stand van die Suid-Afrikaanse politiek?

Ja, ongetwyfeld. Ek dink daar is vordering, meer as wat ons dink. Ongelukkig word daar seker nie genoeg aandag daaraan gegee nie omdat dit baie moeilike sake is en dis nie die soort goed wat koerante verkoop of wat jy in 'n kort tydjie op televisie sommer vinnig aandag aan kan gee nie. Maar daar is baie positiewe dinge besig om plaas te vind, 'n uitkristallisering van standpunte, kompromieë wat gemaak word, ek bedoel al die belangrikste partye is nou reeds om die onderhandelingsstafel.

Jy vind dus dat dit 'n probleem is vir Agenda dat baie van die nuus nie noodwendig goeie kykstof is nie?

Ja, dit is 'n probleem. Daar is natuurlik sensasionele nuus wat makliker is om aan te bied en wat ons waarskynlik groter

kyksyfers gaan gee. Maar ons het ook 'n plig om te kyk na dinge wat nie noodwendig lekker kykstof is nie. Sê nou maar gróndwetlike onderhandelings... Baie moeilike onderwerp, ek dink die meeste mense hou nie daarvan om daarna te kyk nie. Maar jy kan dit nie los nie, dit raak absoluut fundamenteel aan almal van ons se toekoms.

En die aankoop van BBC- en ABC-insetsels wat julle op Sondag Agenda wys? Dis uitstekende werk...

Ons het nou net vandag die syfers gekry van *In the Eye of the Storm*, van die BBC - joernaliste se ervaring in verskillende dele van die wêreld. En daai program het 'n redelike syfer, maar nie so groot soos ons verwag het nie.

ABC is gewoonlik meer sensasioneel. Is daai syfers hoër?

Ja, die ABC-program *Aftermath of Waco* toon uitstekende syfers.

Hoe reageer jy as mense sê die uitbeelding van geweld op Agenda is te erg?

Ons het in die jongste tyd - nie net na aanleiding van daai programme nie, ek dink daai program het juis die probleem van geweld aangespreek - toenemend begin terugvoer kry van mense wat sê hulle is siek vir geweld. So ons probeer rêrig om dit af te skaal en soveel as moontlik te beperk want ons almal raak 'n bietjie dronkgeslaan van al die geweld.

Daar is mense wat sê die vlak van geweld op ons televisie-nuusprogramme is baie hoër as in enige ander land, dat dit ongesond is vir die volk?

Ek dink persoonlik ook dit is nie goed om so baie geweld te wys nie. Ek dink nou en dan is dit nodig dat ons miskien 'n bietjie meer in detail kyk na politieke geweld, net om mense 'n bietjie te laat wakker skrik en bloot te stel aan dié wat aandadig is. Kriminele geweld dink ek moet geweldig baie afgeskaal word. Ons moet altyd versigtig wees dat die prentjies van geweld nie in sigself 'n doel word om die storie te gebruik nie. Maar in *Agenda* konsentreer ons meer op dit wat die gewone mens se lewe raak.

'n Paar persoonlike vrae. Is jy gelukkig getroud met 'n swembad en twee Staffies?

Nee, ek is nie. Ek was, en ek het binne daai tradisionele prentjie gepas, maar nie meer nie. Ek weet nie of ek gou weer daar sal uitkom nie.

Is dit vir jou beter so?

Ag, ek weet nie, my lewe het so besig geraak dat ek nie veel tyd het om oor die goed te dink nie.

As jy tyd het, lees jy, luister jy musiek?

Ek luister klassieke musiek gewoonlik, dat al die frustrasies en so aan uit my uit kan trek. Ek probeer elke dag as dit moontlik is om by die gym uit te kom en vakansies is die enigste tyd wat ek rêrig kans kry om te lees. In die week is daar so baie dinge wat ek moet lees - nuustydskrifte en koerante en so aan.

Maak jy 'n goeie pasta, hou jy van die see of sekere dele van die land?

Wel, ek's 'n opgeleide duiker, jy weet, en ek hou baie daarvan maar kry min tyd daarvoor. Ek hou baie van Noord-Natal omdat ek baie lekker kan duik daar - en die Wildekus omdat ek deels daar grootgeword het. En in besonder Morganbaai - dis omtrent die fantastiesste plek aan ons kus. Maar die Transkei het nou so deksels gevaarlik geword. En afgesien van die gewone banale bedrewenheid van 'n Afrikaanse man wat kan vleisbraai, het ek nie ander kosmaak-talente nie.

Skryf jy?

Ag nêe, ek het 'n bietjie kortverhale geskryf en nooit eintlik iets daarmee gedoen nie. Liedjies wel. Laurika Rauch het al van my liedjies gesing. Sy't een opgeneem en dis op haar jongste CD. Dis nou meer vir ontspanning.

Toe jy korrespondent in Londen was, het jy nooit lus gehad om daar te bly nie?

Nee, nêe ek wou nooit daar gebly het nie. Dit was 'n bitter moeilike tyd, ek was baie alleen. Want toe ek daar aangekom het, was my eerste twee jaar die laaste twee jaar van die PW Botha-era. En dit was 'n tyd toe enige Suid-Afrikaner, veral as jy vir die SAUK gewerk het, rêrig die grootste muishond op God's aarde was. Ek kon nie eers met lede van die Britse Konserwatiewe Party praat nie. Oral waar jy gekom het, het jy jousef in 'n stryd gevind en mense het outomaties aanvaar omdat jy wit is, omdat jy Afrikaans is en omdat jy vir die SAUK werk, jy waarskynlik PW Botha se persoonlike handlanger is. Gevolglik is jy onmiddellik aangespreek en moes jy sy beleid probeer verdedig - wat ek natuurlik nie gedoen het nie.

Hoe voel jy oor Afrikaans as taal?

Baie sterk. Dis 'n fantasiese taal. Ek het net nou die dag 'n stuk gelees van Terror Lekota, wat natuurlik self 'n pragtige Afrikaans praat en vanweë daardie feit, dink ek, 'n groot rol gespeel het om vrede te bewerkstellig tussen die boere en die swart mense. Maar die taal is nie 'n taal van die verdrukker nie, dit is ander mense wat dit as medium gebruik het vir hulle beleid wat gesien is as verdrukkende beleid. En as mens dink aan die oorsprong daarvan - die werklike oorsprong daarvan het gekom van die slawe in die ou Kaap en die Oosterse invloed was baie sterk. Dis 'n unieke taal, dis 'n taal wat hier ontwikkel het. Terror Lekota het self daai opmerking gemaak van hoe dit 'n Afrika-taal is. Almal wat Afrikaans praat behoort trots daarop te wees, behoort die taal te probeer uitbou en terselfdetyd dan, kan hulle verskil - polities - van mekaar sonder om die taal aan te tas.

Gaan Agenda nie dalk heeltemal Engels word nie?

Ek sou graag wil hê dat dit moet bly soos dit is. Maar uit die aard van die saak sal mense moet besluit wat is die belangrikste medium vir mense om mekaar in hierdie land te verstaan. En as daar 'n besluit geneem is dat, sê nou maar, een kanaal in Engels uitsaai en dat daar vir ander verskillende tale - insluitende Afrikaans - 'n ander kanaal moet wees, dink ek 'n mens moet dit in belang van die groter geheel maar aanvaar. Maar dan moet Afrikaans gelyk beregtig word met ander groot tale - soos Zoeloe en Xhosa en Sotho - daar's baie mense, minstens sewe miljoen, wat Afrikaans praat in dié land en waarskynlik net soveel wat dit verstaan.

Is jy bang dat 'n nuwe stelsel weer eens druk op die SAUK gaan uitoefen?


Ek dink ons almal, alle joernaliste, moet bang wees daarvoor. En ook die publiek - want ons moet vrye vloei van inligting hê in hierdie land as ons mekaar gaan leer verstaan. Want ons het mekaar nog nooit geken nie. Nou is dit geweld, maar met die tyd gaan ons ook begrip ontwikkel. En ons behoort nie voorskrifte van enigiemand te kry oor hoe om ons werk te doen nie - behalwe om ons te toets teen ons kode, wat 'n openbare dokument is; tweedens om ons te toets in ons professionaliteit en derdens ook om te sorg dat in die normale gang van die demokrasie onself ook blootgestel word aan al die opinies. As ons van iemand vergeet, dan kos dit hulle net om ons te bel.

Dink jy ons gaan 'n herstrukturering van die SAUK se dienste sien?

Ek weet nie. Dit is baie moeilik om sommer net besluite te neem, want 'n mens moet onthou die SAUK moet finansiële oorleef. En as jy finansiële wil oorleef kan jy ongelukkig nie net doen wat jy wil nie. Jy kan nie net sommer besluit ons gaan al die vermaakprogramme uitgooi en net nuusprogramme opsit nie, want die mense gaan nie daarna kyk nie. Jy kan net soveel in verskillende dosisse vir die mense gee. Vermaak, sport, nuus - en jy moet 'n redelike balans probeer kry sodat jy die volle spektrum van jou gehoor kan betrek. As die SAUK nie finansiële redelik onafhanklik is nie, dan moet iemand hom die geld gee. En as iemand hom die geld gee dan kom daar gewoonlik 'n prys daarmee saam.

Ek sien soms op Agenda dat 'n onderhoud 'n punt bereik waar daar vrede gemaak word tussen sekere partye. Behoort 'n onderhoud-voerder 'n rol te speel in dié opsig?

Ja, dit is een ding wat ek sonderom te skroom probeer doen en ek vra nie om verskoning daarvoor nie. En dit is om te kyk of ek mense met mekaar kan versoen en begrip kan kweek vir mekaar se standpunte. En as ek aan die einde van die program kom en weet mense het nader aan mekaar beweeg of het groter begrip vir mekaar se standpunte, dan dink ek moet dit ook 'n invloed hê op die mense daar buite. Dat mense kan besef ons hoef nie met mekaar te baklei nie, ons kan net praat en luister. Want vryheid van spraak beteken twee goed: om te praat en om te luister. Begrip reg oor die spektrum vir alle standpunte. Elkeen het 'n standpunt, al hou jy miskien nie daarvan nie.



briewe

VREEMDE SPORT VIR AFRIKA

GERDUS KRUGER VAN ARCADIA, PRETORIA,

SKRYF 'N OPE BRIEF AAN MAX DU PREEZ:

Ek skryf oor Max du Preez se besondere oop brief aan die generaals (VWB - 14-20 Mei 1993).

Afrika is nie in 'n wedloop na demokrasie nie. Indien jy die moeite sou doen om Afrika se geskiedenis na te gaan, sal jy sien dat hy in die wedloop na demokrasie nog altyd 'n toeskouer op die pavieloen was. Hy het so af en toe 'n bietjie op die pylvak litte losgemaak en dan teruggekeer na sy sitplek.

Vreemde sport vir Afrika, dié wedloop wat die kolonialiste hierheen gebring het, kompleet met al hul dik boeke oor monogamie en menseregte. Maar dankie in elk geval vir die begrip dat ons 'n "sekere minimum morsigheid" mag veroorsaak na al die eeue van onderdrukking, sou hulle sê. Skuus dat die standaard minimum morsigheid nog steeds in die meeste ander Afrikalande geld, maar nou ja, daar was darem ook die lelke kolonialisme wat die morsigheid begin het en as 'n man eers momentum het, breek jy nie sommer in dertig jaar nie.

Ja nee, apartheid het die land arm gemaak. En moenie kom met praatjies oor die ses persent groeikoers en 2,5 persent inflasiekoers teen die einde van die sestigerjare nie. Jy sien, vandag pluk ons die vrot ekonomiese vrugte van daardie Verwoerd-jare. Dit werk alles in siklusse.

Verwoerd het die goeie ekonomiese vrugte gepluk van drie honderd jaar gelede toe die onproduktiewe "settlers" nog nie hier was nie en nou pluk ons die slegte ekonomiese vrugte van die Verwoerd-era van veertig jaar gelede.

Om 'n lang storie kort te hou: die Britte het Verwoerd se uitstap uit die Gemenebes in 1961 twintig jaar stil gehou. Dit is bloot toevallig dat buitelandse sanksies eers in alle erns begin het nadat "hervorming" 'n aanvang geneem het.

Nee Max, jy's reg. Die onderhandelinge moet voortgaan sodat ons 'n "verteenwoordigende regering" kan kry sodat ons vinnig by Afrika se politieke hiernamaals van melk en heuning kan uitkom. Sodat kapitaal die land kan instroom soos met die reuse-belegging van een kougomfabriek daar in Zimbabwe.

Daarna sal die "oppressed" nie meer hondjies se pote in petrol doop en aan die brand steek soos wat by Hani se begrafnis gebeur het nie. Jy weet, dit was maar "anger" van sommige kriminele elemente. Op ons erewoord, dit het net so min met politiek te doen as wat die afgelope moorde met die stout kinders se "kill a boer, kill a farmer" te make het.

Jy't hulle darem gesê Max, die Boere. Eers eeue se onderdrukking en tóe weer vier dekades se apartheid. Daarna die morsigheid weens politieke vrymaking wat skielik 'n veiligheidsprobleem word wat niks met politiek te make het nie. Lekker "slogans" van die "oppressed" dié. Jy gooi hulle so deurmekaar en teenmekaar en solank jy "politically correct" bly, sal niemand dink dat jou geheue korter as een paragraaf is nie.

ONS IS ALMAL SO

LOUIS LIEBENBERG VAN JOHANNESBURG SKRYF:

Peter John Massyn se holier than thou kommentaar op die "etniese gepuurde lysie" Afrikaners wat gesê het "ons is almal so" slaan die bal mis. Die realiteit van nie-rassige politiek het met 'n stok tot my deurgedring by Chris Hani se begrafnis. In die volgepakte stadion kon ek skaars 20 wit gesigte tel - ek twyfel of daar meer as 'n half dosyn Afrikaners onder die derduisende mense teenwoordig was.

Die ANC se nie-rassige beleid word as vanselfsprekend aanvaar. Maar hoe vanselfsprekend is die nie-rassigheid van post-apartheid wit Afrikaanssprekendes as hulle nie onder die massas gesien word nie?

SKUILING BESTAAN NIE MEER

LIEZE KOTZE VAN RAPE CRISIS MEDIA WATCH VAN KAAPSTAD SKRYF:

Dankie vir die insiggewende artikel wat die lot van slagoffers van vroueslanery en die omvang daarvan onder loep bring (VWB7-13 Mei 1993)

In die artikel word melding gemaak van die Kaapstadse skuiling vir slagoffers wat deur Rape Crisis bedryf word. Dit spyt ons om u mee te deel dat dié skuiling ongelukkig nie meer bestaan nie as gevolg van die hoë koste verbonde aan die onderhoud van so 'n skuiling. Teen die middel van 1992 het Rape Crisis 'n befondsingskrisis beleef en rasionalisasie het die sluiting van die skuiling genoodsaak. Dit laat 'n groot leemte.

Rape Crisis is tans totaal afhanklik van donasies van individue, maatskappye en die werk van vrywilligers. Ons sou graag wou sien dat die staat die hand in die sak steek en noodsaaklike nie-staatsinstellings help finansier sonder dat sulke instansies noodwendig 'n staatsinstelling moet word.

Enige persoon wat hulp nodig het, of graag betrokke wil raak as raadgever of 'n donasie wil maak, kan ons skakel by (021) 47-9762 of skryf aan ons by Cambridgestraat 20, Observatory 7925.

Ook 'n woord van gelukwensing aan Max du Preez as een van die min joernaliste in ons geweldgeteisterde land wat die hoë verkragtingsyfer in verband bring met ander vorme van geweld. Hoop julle doen so voort in julle nuwe tydskrif.

SEXIEST POLITICIAN?



SLEEPING WITH THE ENEMY OF YEOVILLE WRITES:

Sorry Brolloks, but Tokyo Sexwala is not South Africa's sexiest politician (VWB 21-27 Mei 1993).

What about Evita Bezuidenhout?? No!! Not after the Ambassador's insensitive "Kiss the farmer, kiss the Boer" letter (same paper, same issue).

And the gay who cast his/her vote for Roelf Meyer as the sexiest politician dealt a catastrophic blow to the campaign to allow gays to do service in the new SADF.

But the frustrated frippets from the northern suburbs and winsome Wasp's from Westdene could be in for a treat - Van Zyl Slabbert might make the new SABC board and soapsies will be replaced with more interviews with sexy politicians.

PS. What about the sexiest woman politician - Winnie, Cheryl Carolus, Gaye Derby-Lewis, Rina Venter??

SAAMSTAAN IN UPINGTON

FC MURPHY EN LP LOSPER VAN UPINGTON SKRYF:

Op Woensdag 19 Mei 1993 het honderde onderwysers, saam met die Inwonersverenigings (Civic Associations) van Upington en omgewing aan 'n vreedsame protesoptog deelgeneem.

Onderwysers het as 'n verenigde front vanaf die gemeenskapsaal na die kantore van die Departement van Onderwys en Kultuur: Administrasie Raad van Verteenwoordigers opgeruk, waar 'n memorandum met eise deur MD Mouton aan die plaaslike Streekhoofinspekteur, CB Scholtz, oorhandig is.


Talle petisielyste ter ondersteuning van onderwysers, onderteken deur ouers, was saam met die memorandum oorhandig. Die gewraakte hersiene diensstate wat voorheen aan skole gestuur is, asook die briewe oor die vroeë uitdiensstelling van onderwysers, is voor die kantore verbrand as simboliese verwerping van die eensydige rasionaliserings- en besparingsmaatreëls van die Departement.

Die Inwonersvereniging het hierna memoranda aan Verteen-

woordigers van die plaaslike polisie- en die munisipaliteit oorhandig.

Die optog het hierna vreedsaam verdaag. Upington kan saamstaan!

MELLET IS NIE CAPRIVI NIE



ADJ-OFF LETTIE STANDER VAN DIE SAP SE AFDELING OPENBARE BETREKKINGE VAN PRETORIA SKRYF:

Na aanleiding van 'n berig onder die opskrif "Kaptein Caprivi" (VWB 14-20 Mei 1993), wil ek graag die volgende onderu aandag bring.

U verwys telkemale na genl-maj Mellet as "Kaptein Caprivi" as 'n persoon wat vroeër jare as 'n fotoverhaalheld die rol van kaptein Caprivi gespeel het.

Leon Mellet het nooit in 'n fotoverhaal met die naam "Kaptein Caprivi" gespeel nie - daarop sal ek my salaris verwerd! Sal u nie asseblief u huiswerk doen en dit in u laaste uitgawe regstel nie.

Ten tweede, met verwysing na die Agenda-program waarin Mellet opgetree het, beweer u hy het ontken dat persone deur die polisie gemartel is.

Gaan vra gerus vir 'n opname van die program en kyk weer daarna - u is totaal verkeerd! As ek reg onthou het hy begin deur te sê dit sou naïef wees om te glo dat marteling nie plaasvind nie maar dat dit beslis teenstrydig met polisiebeleid is en dat daar streng opgetree word teen oortreders, soveel so dat polisie-manne selfs tronkstraf opgelê is.

Ek hoop met julle nuwe poging om as 'n tydskrif te verskyn, Vrye Weekblad 'n groter poging sal aanwend om die korrekte feite te bepaal.

(Groot ekskuis. Was by kaptein Duivel? Ruiters in Stuart? Suster Teresa? Ons het 'n bietjie vergeet - Red.)

SWANESANG VAN DIE IDIOTE

JAN DU TOIT VAN WINGATE PARK, PRETORIA, SKRYF:

Goeie vriend, Allamagtig, maar u het my nou redelik verward! U gee u blaadjie hoog op as 'n "onafhanklike tydskrif", en dit kan miskien selfs waar wees ten opsigte van sekere mense en instansies. U is beslis onafhanklik (miskien selfs verwyderd) van die veiligheidsmagte van die RSA, die KP en enigiemand of enigiets wat ruik na konserwatisme: die hele "ou establishment" is natuurlik hierby ingesluit. Sover gee ek u dus gelyk; u is onafhanklik van diegene!

Maar my vriend, dit wil tog lyk of die onafhanklikheid van Vrye Weekblad so effe struikel as dit kom by die "Nuwe SA" (Lees ook Ruwe SA). Ek gaan nou nie 'n groot oefening maak van voorbeelde opdis nie. Kom ons kyk net na die publikasie wat u vir 14-20 Mei 1993 gepleeg het:

Constand Viljoen is drek, sy broer ('n libbie) is reg. Baas Hendrik se plaas is hel, kommunis Joe Slovo, met al die bloed van kommunisme op sy hande, is 'n goeie ou oom, sonder enige bymotiewe of verskuilde agendas. Dit moet seker maar 'n geval wees van die swanesang van die "useful idiots"?

U moet tog sterk uitkom in u oortuigingsgesprek en vir hulle

sê dat u slegs onafhanklik is in soverre dit gaan oor u erfenis... Maar u is beslis by die "freedom fighters". Viva, Amandla ensovoorts vir Max du Preez en sy ponieblad!

TYD OM KANT TE KIES

AL SANDER VAN AUCLANDPARK,

JOHANNESBURG SKRYF:

Die land staan op die drumpel van 'n verkiesing, vry of nie. Die staf van die Wye Vreekblad was nog altyd aan die voorpunt van die ontwikkelinge in die wording van 'n hopelik beter Suid-Afrika.

Dit kom egter voor asof die mense van VWB besig is om die prentjie se geheel asook sy afsonderlike dele kwyt te worstel. Wat nog altyd as belangrik geag is deur dié wat direk of indirek betrokke was by die stryd, word nou omvergegooi.

Die regering is besig om voorspraak te maak vir juis dit wat ons al die bedreigde jare gehaat het. En dit is 'n afwating van die hoeveelhede wat werklik saak maak. Die regering is baie lus om aldus Roedolf Meyer seker te maak dat elke stem wat uit Afrika kom, weer minder gaan tel as wat dit met ordentlike intensies en stelsels behoort te tel.

Daar behoort deur dik en die dunste geveg te word teen die konsep van desentralisasie om politieke, religieuse, etniese, linguïstiese en materiële motivering. As ons weer gaan toelaat dat Walvisbaai se mense se stemme meer tel as dié van Soweto, gaan ons dit waarvoor duisende gesterf het in die vergetelheid verloor.

Stelsels en politieke meganismes is nou belangriker as ooit tevore. Die regering van die afgelope 45 jaar is weer besig om hulle onnodige voorvereistes aan die mense van Suid-Afrika vir ware demokrasie te stel. Hulle strategie om dit te vermag, is reeds uiteengesit, en as die mense van Suid-Afrika nie op hulle wragtige hoede gaan wees nie, gaan hulle wéér wen. En dié keer gaan hulle wen met hoofletters.

Dit is ongelukkig tyd om kant te kies, ongeag die kleur van velle en die note wat jy in jou sak rondra. As die partye aan die onderhandelingsstafels, wat 'n historiese en tradisionele verbinde is tot die bevryding van Suid-Afrika se mense, nie gaan begin kyk na die regering se subtielere metodes om weer Wit Politieke Voortplanting te laat voortbestaan nie, gaan die bevryding van die mense se welbehag sy eie koers kies. As een stem nie een stem is nie, is dit nie die stem van Suid-Afrika nie.

Die Wye Vreekblad sal in dié opsig die voortou moet neem, anders gaan die respektabele koerant die respek van die land verloor. Dit sal moet gaan oordie land en stemme, nie oor watter gesig die toesprake maak nie. As ons wil hoop dat dit wat in die kop aangaan belangriker bly as die vuis, moet ons niemand, en nimmer onself, om die bos lei nie. Die Bos kan net soveel oorloë hanteer.

ONS SLAAN DIE KITAARI!

JOHAN GROBLER VAN PRETORIA SKRYF

Dit is betekenisvol om te sien hoe uitgeworpenes en skadukarakters uit hul gate knip wanneer hulle die reuk van verandering en onstabiliteit kry. Hulle teer op en gedy in chaos. Soos wildehonde sak hulle op die ontwrigte gemeenskap toe en neem hulle beheer oor.

In die swart gemeenskappe is die Tsotsis besig om amok te maak en voer hulle 'n skrikbewind. Alles wat leef word doodgemaak en dit wat waarde het, word verbrand of vernietig. Wat vroeër as barbaars en dierlik beskou is, word nou skielik geregerd aan die hand van die nadelige gevolge van 'n onderdrukkende era.

Niksbeduidende swart karakters, sonder enige besondere kennis, karakter of insig, word skielik leiersfigure wat toegelaat word om dom en dwase uitsprake deur die media aan die gemeenskap voor te hou as universele wysheid.

Die blanke en getinte gemeenskappe het ook nie aan dié tendens ontsnap nie. U blad is hiervan 'n sprekende voorbeeld. Soos wat beskaafde norme, standaarde en opvattinge ontwig en afgebreek word, tree die "Outcasts" en die ondergemiddeldes na vore. Gays, luiaards, papperds, perverte, kriminele en afwykendes neem oor en begin die kitaar slaan.

Net soos die Tsotsis in die townships, val hulle alles van waarde aan met hulle banaliteit, dekadensie, godslastering en bandelose arrogansie. Skielik word die meriete-mislukkings en die vaal gemiddeldes onder die politici, regslui en sogenaamde kunstenaars en kerkmense verhef (omgekeerd eweredig aan die graad van hulle mislukking in die ou era) op grond van hulle opportunistiese verdoeming van die ou ideologie ten gunste van 'n nuwe ideologie.

Wanneer rus en vrede, sin en rede weer tot die gemeenskap toetree (indien dit enigszins moontlik is) - dan sal die barbare

weer in hulle grotte terugkruip, die perverte in die donker skuil, die vaal middelmatige politici en regters in hulle klein kantoorjies wag op aftrede, sogenaamde kunstenaars probeer om eerlike werk te bekom en koerantjies met hul 'transisie mentaliteit' van die toneel verdwyn.

Mag hierdie swart komedie homself vinnig uitwoed.

ON THE BEACH

JENNY WILLIAMS OF YEOVILLE WRITES



Uys Krige

I know little about the Afrikaanse Skrywersgilde, but the recent comments on the Maselspoort gathering took me back over the years to Gordon's Bay 1970 (or there about).

I was swimming at about 6am and as I emerged from the very cold sea was greeted by a figure who was towelling himself on the beach, and whom I immediately recognised as Uys Krige. I had met him during the '50s when he had undergone a gastrectomy at Groote Schuur hospital and had teased and entertained the nurses during his stay.

I asked him what he was doing in Gordon's Bay, to which he replied: "Skrywersgilde - klomp kinderagtige ***" and other unprintable things. He had decided his time was better spent on the beach.

I wondered recently if his ghost was hovering over Maselspoort, and what he might be muttering to himself! On the other hand, he probably didn't bother with Maselspoort and hovers over interesting beaches instead!

DIÉ KRU TAAL ONTSTEL

M VREY VAN MOGWASE, BOPHUTHATSWANA SKRYF

As daar nog nooit kontradiksie bestaan het nie, het ek dit eerlikwaar in VWB teëgekomp. Ek woon in Bophuthatswana en kan dus nie elke week 'n kopie van VWB in die hande kry nie. Ongelukkig gebeur dit elke keer dat die kopie wat ek wel kry, kru taal bevat.

'n Debat is juis nou aan die gang oor Afrikaans; die waarde van ons taal, die mooiheid daarvan ensovoorts, maar dit word nie altyd gebruik nie. As Afrikaans dan so 'n ryk taal is (wat ek glo), waarom word woorde soos "bliksems" en "snotneus" (Brolloks, VWB, 14-20 Mei 1993) dan gebruik? Is dit regtig nodig? Of is dit deel van Alternatiewe Afrikaans? Indien wel, dan wonder ek of ek laasgenoemde nog moet steun. Die feit dat rubriekskrywers van VWB sulke taal gebruik, moedig briëfskrywers ook aan om dieselfde soort kru taal te gebruik (VWB 7-13 Mei 1993).

Ek geniet VWB geweldig baie en oorweeg dit sterk om daarop in te teken. Die enigste probleem is die kru taalgebruik wat van tyd tot tyd voorkom.

Asseblief, verbeter julle taal en moenie lesers daarmee afskrik nie.

(Nou verskyn die woorde "bliksems" en "snotneus" weer in VWB. Ons hoop nie dit skrik u af nie - Red.)

PROOI VAN DIE BROEDERBOND

DR PF ERASMUS VAN KENMARE SKRYF

My eerste raaiskoot is natuurlik dat u nie my brief sal plaas nie. Die rede waarom die pers, die sg waghond van die underdog, nooit die aandag aan my saak gegee het wat dit verdien nie, weet ek nie.

Dalk is dit ook een van die talle geheime van die AB, en bestem om vir ewig 'n geheim te bly. Die goeie ou AB se verskuilde agenda lui mos: "Moet nóóit die ander kant aanhoor nie."

Ek was eenmaal onder meer deur die AB-beheerde Toring van Babel daarvan aangekla dat ek 'n ateïs sou wees. As ek dit was omdat ek nie aan 'n Broederbondgod wou glo nie (daardie ou met die Bloedrivierbaard wat 'n AB-lid is, 'n Landbanklening het waarmee hy sy Merc gekoop het, in die Vrystaat met mielies boer, 'n Nat is en verkiesings met fondse uit die Begroting vir Korruptsie beveg), is ek dit nie meer nie. Sien, onlangse gebeure moet enige regdenkende mens van minstens één ewigheid oortuig: die ewigheid wat die AB vir hom en al sy selfverkose Afrikanerengeltjies geskep het. Ek wonder soms hoeveel van die AB se 20 000 lede sit in saktekussingposte in die skaduwee van die Toring van Babel - die Boerhemel-op-die-koppie.

Gestel Hitler het op sy gat in Kemptonpark kom sit en ewe vroom aan die Geallieerdes vertel: "Ek het net goed bedoel met Nazisme. As ek foute gemaak het, is ek jammer. Verkies my weer tot leier van Duitsland en lid van die Europese Gemeenskap."

Max du Preez, nou skryf jou vriende van oudsher oor 'n soortgelyke situasie in "Die Waarheid" hoe onregmatig aggressief sommige paneellede sodanige benadering in 'n soortgelyke situasie in ons ou landjie met té groot afkeur en aggressiwiteit begroet. Seg "Die Waarheid", die paneellede moes ook vooraf gekeur gewees het. Maar wie moes die paneellede gekeur het? Hitler? Rommel? Of dalk 'n paneel van oorlewende voormalige Staatspresident? Wat 'n mooie Afrikanergedagte!

Die bottom line is dit: Loop ons op geen Nürembergverhoor af vir 50 jaar van Apartheidsmisdade nie? Gaan ons wolf in skaapklere (of Nat-in-Anner-Kleure) in 'n sogenaamde nuwe Suid-Afrika toelaat? Wat gaan dan sodanig nuut wees aan hierdie Suid-Afrika?

Natuurlik is jy en Hennie Serfontein reg as julle in julle se baarde brom: "Hierdie ou se moer pluk net omdat hy 'n verbitterde man is." Ek is verbitterd. Ek is 'n lewende prooi van die Broederbond. Die ergste van alles is dat ek deur 'n verbitterde ou Broederbonder met 'n seer toon gewaarsku is dat ek 'n gemerkte man was. Ek is gewaarsku dat een van die ouens met wie daar volgens "Die Waarheid" nicer te werk gegaan moes gewees het, my bloed soek omdat hy my pos vir Broederbondvriende soek, want 'n voormalige staatspresident wat hom eensydig aangestel het, het gesê hy moet. Toevallig was daardie Broederbonders wat gehelp moes word, ook jagmaters van die verlede. En soos die aspirant toringwagter gewaarsku het, so het die Broederbondmeul gemaak. As so 'n man in Kemptonpark gaan sit en sê sorry vir sy foutjies, kan ek dié foutjie nie sluk nie.

Die destydse aanslag teen my tydens Operasie Poste vir Pêls het gepaard gegaan met die opdrag van 'n voormalige president (sy siel rus nog nie salig nie) dat die Toring van Babel geprivatiseer moet word, sodat dit in geval van 'n volksvreemde regering in die hande van goedgesindde Broederbonders kan bly. In die aanslag teen mense soos ek (en ek maak nie aanspraak dat ek die enigste was nie, daar was vele wat banger is as ek om nou al te praat) - en spesifiek in my geval - het die Toringbonders nou saamgewerk met AWB-lede binne Toringgeleedere - soos lidnummer 504549175014008, lid van die AWB se Burgerraad en amptenaar van die Toring van Babel (tot op hede nog) wat deur die Toring se Bestuurskomitee aangewys was om my amptelik namens hulle té vervolg, kan getuig.

Al wat ek en mense soos ek vra, is die geleentheid om onder omstandighede waar die mense wat nou "jammer" is oor vyftig jaar se foute, verhoor kan word in 'n klimaat wat nie deur Broederbonders beheer word nie. Of verhoor hulle nie. Herverhoor mense soos ek. Laat dié manne dan teen ons getuig, met hul sogenaamde troefkaarte en God weet wat nog, en hul onskuld nie met eensydige agterstories nie, maar voor almal bewys. Or forever hold their peace. In die ou klimaat was dit onmoontlik om "die stelsel" aan te vat en 'n regverdige verhoor te verwag. Alle pogings wat ek aangewend het om die voorgeskrewe pad te loop, is gekortwiek deur die optrede van 'n onsigbare Derde Mag - tot in die gange van die hoogste amptelike kwartiere. Verdien dit wragtig nie 'n ondersoek nie?

(Brief heelwat verkort - Red)

BESSIE HEAD:

die briljante verfstoteling

Een van Suid-Afrika se voorste skrywers, **Bessie Head**, is lewenslank deur haar geboorteland misken. **BEVERLEY MITCHELL** vertel die verhaal van dié merkwaardige vrou - wat op aandrang van haar wit grootouers in 'n hospitaal vir sielsiekes gebore moes word omdat haar pa swart was



Bessie Head

*I am Black
Okay?
Hot sun and the geographical set-up
Made me black;
And through my skin
A lot of things happen to me
THAT I DON'T LIKE.
And I wake each morning
Red murder in my eyes
'Cause some crook's robbed me again,
Taken what little I had right out of my hands
With the whole world standing by
And doing nothing...
Okay?*

DIT is baie moeilik om die verhaal van Bessie Head se lewe te begin. Haar lewe weerspieël baie van die tragiese eienskappe wat die Suid-Afrikaanse geskiedenis kenmerk.

Sy is in Pietermaritzburg se hospitaal vir sielsiekes gebore op 6 Julie, 1937. Die rede vir dié eienaardige geboorteplek was dat haar ma wit was en haar pa swart. Al wat sy van haar ma geërf het, was die naam Bessie Emery. En al wat sy van haar pa geërf het, is dat hy haar ma se familie se renperde opgepas het.

Haar ma se familie was gesiene renperdeienaars in Johannesburg. Toe dié familie ontdek dat hul dogter deur 'n swart man swanger gemaak is, het hulle haar gou kranksinnig laat verklaar, en haar na Natal toe laat verkas. Die geraamte in die kas moes so ver moontlik versteek word. Die ma is toe in die hospitaal opgeneem, waar sy die res van haar lewe deurgebring het.

Bessie het haar ma nooit geken nie. Die dag toe sy gebore is, stuur haar ma se familie haar na 'n weeshuis. Sy word eers deur 'n wit gesinaangeneem, maar toe haar vel begin verdonker, stuur hulle haar terug na die weeshuis. Uiteindelik vind die weeshuis 'n sogenaamde "kleurling"-pleegmoeder wat haar wou aanneem. Bessie het baie geheg geraak aan dié vrou en tot op dertienjarige ouderdom geglo dat sy haar regte moeder was. Haar pleegmoeder het drie pond 'n maand van die familie gekry om die kind te versorg. Elke maand het 'n welsynwerker na die huis gekom om te sê hoe gaan dit met Bessie.

OMDAT HAAR pleegmoeder bitter arm was, is Bessie op dertien jaar na 'n sendingweeshuis in Durban gestuur. Toe die eerste skoolvakansie aanbreek, vertel die prinsipaal Bessie dat haar pleegmoeder nie haar eie ma is nie, en dat sy nooit weer dié vrou moet sien nie. Bessie is verslae. Toe sy in tranes uitbars, neem die prinsipaal haar na Durban se landdroshof waar die magistraat aan die jong kind sê: "Jou ma was 'n wit vrou, hoor jy?"

Asof dit nie genoeg was nie, sê die prinsipaal toe hulle terugkeer na die skool aan Bessie: "Jou ma was kranksinnig. As jy nie oppas nie, gaan jy net so mal raak soos jou ma. Jou ma was 'n wit vrou. Hulle het haar opgesluit omdat sy 'n kind van 'n swart renperd-oppasser verwag het."

Dié woorde het die jong Bessie vir die res van haar lewe bygebly. Sy het altyd verwag dat sy eendag totaal mal sal word. Sy het vir haar eie skaduwee begin vlug.

Jare later vind sy uit dat haar ma voorsorgmaatreëls vir haar opvoeding getref het. In 'n patetiese brief wat haar ma in die hospitaal geskryf het, stipuleer sy dat Bessie 'n opvoeding moet kry, en dat geld vir hierdie opvoeding gebêre moet word. Haar ma is in 1943 in die hospitaal oorlede.

Weens haar onvermoë om bande met enige mens aan te knoop, was Bessie 'n baie eensame mens. "Ek het nie 'n enkele familielid op aarde nie, geen lang of oeroue familieboom om op terug te val nie, geen verband met 'n oorerwing van temperament of onstabieleit, of die vingernael van 'n ouma-grootjie nie. Ek was altyd net ek, met geen verwysingsraamwerk buite myself nie," het sy op 'n keer gesê.

'N PAAR JAAR LANK lewe sy aan die rand van die Suid-Afrikaanse samelewing. Sy voel sy kan by geen gemeenskap inpas nie. In 1958 besoek sy Kaapstad vir die eerste keer en in 1960 gaan woon sy daar. In 1962 trou sy met die joernalis Harold Head - 'n week nadat sy hom ontmoet het.

Die huwelik het nooit 'n kans gekry om te werk nie. 'n Maand ná die troue vertel Bessie se buurvrou haar dat Harold ontroou is. Sy het hom by 'n buurvrou gesien slaap en hy het selfs met haar vatterig begin word. Mettertyd kom Bessie agter dat baie vroue kla oor haar man se molestie. Na 'n jaar neem sy hulle enigste kind, Howard, verlaat die huis - en keer nooit weer terug nie.

Voordat sy Kaap toe verhuis het, het Bessie vir die *Golden City Post* (later word dit net die *Post*) geskryf. Dié nuusblad was 'n publikasie van die *Drum*-uitgewers. Sy het ook berigte en stories aan The New African gestuur waar sy skrywers soos Arthur Maimane, Todd Matshikiza, Can Themba, Lewis Nkosi en Es'kia Mphahlele leer ken het.

Hoewel haar tydgenote baie politieke geskryf het, het Bessie al in die jare sestig van hulle verskil. Die gedig "I am Black" is een van die enigste politieke werke wat sy geskryf het. Sy was dus altyd op die sykant van die *Drum*-wêreld. Al het sy drie-en-'n-half jaar in Distrik Ses gewoon, was haar skryfwerk nooit deel van dié kultuur - soos die werk van Richard Rive of James

Matthews - nie. Een rede is dat sy nooit Afrikaans - die taal van die sogenaamde 'Kaapse Kleurling' - leer praat het nie.

Bessie het vas geglo dat sy oor die gewone mens moet skryf. "Die enorme lyding wat swart mense ervaar in Suid-Afrika... het in my 'n eerbied vir die gewone mens ontwikkel," het sy gesê. Haar werk is dus as persoonlik en apolities gesien.

IN DIE VROEË SESTIGERJARE het die vuus van onderdrukking hard toegeslaan. Baie van Bessie se kollegas het in ballingskap gegaan. Haar minagting van die Suid-Afrikaanse regering lei haar daartoe om ook die land te verlaat. In 1964 doen sy aansoek om 'n paspoort. Sy wou na Botswana gaan, waar sy 'n onderwyspos gekry het. Maar omdat die regering haar as 'n politieke skrywer beskou het - vanweë haar verbandskap met die *Drum*-skrywers - is sy 'n paspoort geweier.

Sy is so vasbeslote om Suid-Afrika te verlaat dat sy op 'n uitgangsvizum na Botswana vertrek. In Maart 1964 neem sy ballingskap aan in die dorpie Serowe. Sy kon dus nooit weer na Suid-Afrika terugkeer nie. Dit het haar goed gepas en sy het wortel geskiet in haar nuwe omgewing.

Serowe se inwoners het haar nooit as lid van hul gemeenskap aanvaar nie. Sy het altyd soos 'n buitestaander gevoel. Sy het probeer om haarself en haar kind tuis te maak en het in 'n twee-kamer woonhuis sonder elektrisiteit of watertoevoer gewoon. Die dorpenaars het dié jong kleurling vrou as mal beskou. Die plaaslike mans het haar as 'n "eksotiese vrug" behandel. Baie van hulle het haar probeer dwing om seks met hulle te hê. As 'n enkelouer het sy maar swaar gekry in 'n gemeenskap wat dié soort gedrag as onnatuurlik beskou het.

HAAR ERVARINGE in Botswana lei daartoe dat sy in 1969 'n senu-ineenstorting deurgaen. Sy word in die psigiatrisiese hospitaal in Gaborone opgeneem en toe sy ontslaan word, is sy 'n nuwe mens - sterker en met meer selfvertroue.

In 1967 - voor die senu-ineenstorting - is haar eerste boek, *When Rain Clouds Gather* gepubliseer. In 1970 het sy heeltemal herstel en in 1971 publiseer sy haar tweede roman, *Mani*. In 1973 verskyn haar bekendste boek, *A Question of Power*. Dié outobiografiese roman vertel die verhaal van 'n vrou wat sukkel om haar identiteit te aanvaar en vertel ook hoe sy deur mans misbruik is. Die roman kan amper as 'n reiniging beskou word en dui 'n belangrike verandering in haar benadering aan. In 1977 doen sy aansoek om burgerskap van Botswana. Dié aansoek word eers geweier, maar in 1977 word sy as burger aanvaar.

Ná *A Question of Power* begin sy die lewens van Serowe se inwoners ondersoek in 'n reeks boeke: 'n bundel kortverhale, *The Collector of Treasures* (1977), 'n sosiale geskiedenis, *Serowe: Village of the Rain Wind* (1981), en die historiese roman *A Bewitched Crossroad* (1984).

Sy sterf op die jong ouderdom van 49 in 1986 aan hepatitis. Haar seun, Howard, woon nou nog in Botswana. Ná haar dood geniet haar werk wêreldwyd groot erkenning en in Serowe is 'n vaste tentoonstelling van haar manuskripte en boeke te sien. Haar boeke is in verkeie Europese tale vertaal en sy word vereer as een van Afrika se vernaamste vroue skrywers. Dit is ironies dat haar werk maar eers die laaste paar jaar erkenning in haar geboorteland gekry het, en tot vandag toe weet min mense dat Bessie Head eintlik Suid-Afrikaans was. Dit is ook tragies dat haar lyding onder apartheid, die omstandighede van haar geboorte, al die redes waarom sy die land verwerp het, nooit reggestel is in haar leeftyd nie. Dat Suid-Afrikans haar nooit om verskoning gevra het vir die swaar lewe wat sy moes lei.

FYNPROE MET NETTIE PIKEUR

Skep salige sussende rys en onthou ons oosterse erfenis

Rys van die aandete, heerlike rys... só moes die seeskilpad in *Alice in Wonderland* eintlik gesing het, pleks van sop. Want rys is deesdae een van die lekkerste bykosse, noudat jy heel paar soorte kan koop en dit nogal van belasting kwytgskeld is.

Van al die smake uit die Ooste wat ons ons eie gemaak het, hou rys seker nog die langste. Ons hou van rys, anders as die Ingilse en Amerikaners. En dit lyk my al hoe meer mense begin kieskeurig raak oor rys: kyk maar in die supermark hoeveel soorte daar nou te kry is.

Onthou altyd as jy die menigtes moet kosgee dat rys vir min geld ver sal rek om geregte af te rond, meer te maak en beter te laat smaak ook. En is die verskeidenheid nie wonderlik nie... Vroeër dae toe ek en ons oorle pa en Henry Nolte die enigstes was wat van basmati-rys geweet het. Nou kan jy dié kardamom-gegeurde rys by omtrent enige supermark koop, en as dit nie daar is nie, vervang jy dit met Thai-rys, net so heerlik, hoewel anders van geur en tekstuur.

Watter soorte rys kry ons deesdae en hoe gebruik jy hulle? Mies Pikeur is alte lief vir lysies maak en afsonderlike punte onder subheads en so aan te maak. Dis 'n manier om die chaos van die lewe onder beheer probeer hou, sê die amateur-terapeut wat oor my skouer kyk. Toemaar, antwoord ek snedig, jy mag maar sê die chaos van MY lewe, loop speel in die veld.

* Basmati. Dié fyn langwerpige ryskorrels word in die voetheuwels van die Himalaya-gebergte gekweek en die beste soorte word verouder. Vroeër dae kon net ryk mense dit bekostig, en die regering het dit begin uitvoer om geld te maak. Die rys neig om klonte te kook. Spoel die stysel eers van die rou rys af as jy lossere korrels wil hê, en kook dan so: Gooi 2 koppies water op 1 koppie rys, plus 'n knippie sout en kook vinnig op tot dit borrel. Draai die hitte laag, hou goed dop tot die oppervlakte gaatjies maak, en maak dan die pot toe met 'n vadoek en styfpassende deksel. Draai die hitte heeltemal af en stoom verder gaar.

Vanweë sy fyn geur is basmati die wonderlikste rys om by kerriegeregte te bedien, veral dié wat bietjie souserig is, sodat die klonterige rys vastigheid daaraan gee.

Onthou, as jy dié rys by 'n groothandelaar soos Atlas in Kaapstad se Waalstraat koop (hulle voer dit in mudsakke in), is die rys soms nie heeltemal skoon nie. Gooi jou kooksel rys op 'n doek uit en haal enige stowwerige stukkie en klein swart klippies uit die rys. Vryf sommer die rys dan in die doek tussen jou vingers om van die stysel af te kry.

* Amerikaanse langkorrelrys. Die tekstuur is harder, en dit kook los. Ons verkies dié rys by geregte soos bobotie, want dis lossere en effens meer crunchy. Voeg 'n halwe teelepel borrie by die kookwater om geelrys te maak. Maar pasop vir borrie - meer as 'n halwe teelepel maak jou gereg bitter, en dit gee niks meer geur nie. As jy werklik 'n geelrys met geur wil maak, koop peperduur regte saffraan en los die draadjies in water op.

* Arborio. Dié duurrys word uit Italië ingevoer, waar dit in die Po-vallei gekweek word. Die korrels is rond en baie styselagtig. Dis die beste soort om vir risotto's te gebruik, want met die lang, stadige kook stel die rys stadig sy stysel vry, wat met die water meng om 'n romerige tekstuur te vorm. Maar jy moet dit baie lank en stadig kook om dit so te kry.

Arborio smaak wonderlik by seekos, en 'n ou standby in ons huis is 'n koppievol arborio gemeng met 'n sakkievol marinaramix, of mossels as iemand gaan uithaal het. Anders maak jy 'n gewone risotto met olyfolie, wyn, saffraan en Parmesan, en eet dit net so op sy eie.

Jy kan Arborio ook gewoonweg in water kook, en kry 'n smaaklike rys, maar persoonlik verkies ek dit met geurmiddels by.

* Plastiek-rys. Dis die een wat op TV geadverteer word, en die een waarby hulle speserye en goed voeg om aan restaurante en unsuspecting customers te verkansel. G'n kok met selfrespek sal aan dié rys raak nie, veral noudat ander soorte omtrent dieselfde kos.

* Bruinrys. Ek's jammer, maar hier staan lesers voor 'n onwrikbare vooroordeel: Ons Pikeurs eet nie bruinrys nie. Die fiemie lê in die klewerigheid, die telang kook, en die baie wat altyd oorbly. Daar hang ook 'n ongesonde soort gesondheidsbewustheid oor bruinrys, en ons eet nie rys om sy voedingswaarde nie. Sela.

Hulle sê dié gereg hieronder is Armeens, en ek stry nie. Dit lyk soos 'n variant van 'n basiese ryspotgereg van oor die hele wêreld, en is heerlik.

LAM-EN-RYSPOT

Sny sowat 1 kg lamskouer in blokkies, rol in meel en braai in 'n kwartkoppie olyfolie bruin in 'n swaarboompot. Haal uit, en gooi 1 koppie langkorrelrys onder in dieselfde pot. Braai tot deurskynend, en plaas die vleis en gooi 1 groot opgesnyde ui bo-op. Gooi 2 liter stock (gebruik liever hoender as bees) en 'n halwe koppie witwyn bo-oor, geur met tiemie, sout en peper, maak dig toe en bak die pot in die oond vir sowat 2 uur teen lae hitte.

HAM MET ROOM EN RYS

'n Eenvoudige en vinnige gereg vir middagete. Sny 6 dik skywe gaar ham (self gekook, of bedel by die delikatesse), strooi 2 lepels bruinsuiker oor elke sny en geur met paprika. Plaas in 'n vlak oondskottel en gooi 250 ml dik room bo-oor. Bak sowat 30 minute tot die suiker gesmelt is. Bedien met gekookte rys van jou keuse. En met 'n piesangslai, as jy wil.

Rysgeregte het talle verskillende name van oor die hele wêreld: risotto, pilaf, brejani, paella... Hier's 'n Griekse een.

PILAF MET GROENTE


In 'n groot pot smelt jy 2 lepels botter en braai 'n gekapte ui daarin. Voeg by gekapte knoffel, sampioene en tamaties en ryke hoeveelhede. Jy kan ook stukkie wors byvoeg. Voeg rys by - nie te veel nie, sowat driekwart koppie, want dit kook hoog op. Voeg by stock, 'n bietjie wyn en speserye soos oreganum na smaak, en maak dig toe om vir 20 minute te kook.

Braai intussen 'n halwe koppie rosyne in botter, en voeg by die pilaf saam met 'n handvol eertjies. Kook nog 20 minute tot die rys gaar is. Skep op met jogurt.

Jy kan amandels ook bo-oor strooi, maar dis lekkerder om hulle vooraf te kou, met 'n glasvol retsina.

Sfuzy's

SEAFOOD RESTAURANT
Seekosrestaurant
MILPARK
TEL 7265803 / 7268406



Foto's: SALLY SHORKEND

venstersnavryheid

DAAR is baie pynlike beelde op die huidige tentoonstelling in die Mark-kunssaal van kunswerke wat nege voormalige politieke gevangenes agter tralies gemaak het - beelde waarin persoonlike reaksies op geweld, ontbering en eensaamheid intiem onthul word.

Maar tog is dié tentoonstelling in die geheel nie swaarmoedig nie. Talle van die werke weerspieël die sintuiglike bekoring wat alledaagse voorwerpe - 'n plastiekbeker, 'n vuurhoutjiedosie, 'n enkele blom in die binneplaas van 'n tronk - kan inhou vir mense wat grootliks ontnem is van visuele stimulasie in 'n omgewing wat dag ná dag dieselfde bly.

Die werke deur Ben Martins Dikobe, Stephen Marais, Zongezile Mokgatlo, Siphon Solly Mokoena, Carl en Jansie Niehaus, Dieter en Ruth Gerhardt en Eric Magamana Lubisigee 'n boeiende spektrum van persoonlike perspektiewe op gevangenskap.

Daar is werke gelaai met 'n stemming van bittere tragedie (die collage van Dikobe), maar ook werke gevul met humor en selfspot (Jansie Niehaus se "In die knyp").


Veelseggend is die werke waarin eindelose ledige ure gevul is met herhalende handwerk: Marais se geometriese strukture wat aan mandala's herinner en pynlik presies met 'n liniaal getrek is, Mokgatlo se konstruksies van vuurhoutjies, en so meer.

Veelseggend van die statiese bestaan in die tronk is die dikwelse gebruik van bewaarders as modelle: mense wat ure lank stilsit sonder dat jy hulle hoef te betaal om vir jou te poseer.

Die tentoonstelling dwing jou onvermydelik tot weemoedige besinning oor ons verskeurde samelewing. Maar dit onderstreep ook dat 'n mens, al word jy van alle materiële plesiere en voorregte ontnem, steeds 'n ganse wêreld sinryk lewend kan hou in jou gemoed. - JOHANNES BRUWER



Carl Niehaus




"Selfportret III", 'n akrielskildery op papier deur Carl Niehaus. "Dit is al skets wat oorbly van 'n reeks tekeninge wat ek gemaak het van my weerkaatsing in die spieëltjie in my sel," sê Niehaus. "Die spieëltjie was op so 'n hoogte aan die muur geheg dat ek net die onderkant van my gesig kon sien as ek regop staan."

"Part-ners" deur Carl Niehaus. "Ek en Jansie is in die tronk getroud. Ek het dié skets gemaak as 'n trougeskenk vir haar op ons tweede huweliksgedenking," sê hy. "Ek het probeer om iets simbolies te sê oor hoe die tronk besig was om ons lewens uitmekaar te skeur, maar dat ons dit tog reggekry het om by mekaar te bly."

Carl en Jansie Niehaus is albei in Pretoria agter tralies gehou - Jansie sowat 'n kilometer van Carl in die vrouegevangenis.


Niehaus is twee jaar in 'n sel gehou met hortjies oor die vensters sodat hy nie kon uitkyk nie. Een van sy sketse, getitel "Bottled", toon 'n oog wat in 'n bottel verseël is. Heel party van sy kunswerke toon "fragmente" van die onsigbare wêreld buite die selmuur - die geometriese patrone van ligstrale wat inskyn in die tronk, 'n donderstorm met weerligstrale wat hy aanskou het die dag toe hy verskuif is na 'n sel sonder hortjies. Hy het op sy bed geklim en vasggenaai gestaan en uitkyk na die kolkende wolke en die ligflitse. Carl Niehaus is skuldig bevind aan hoogverraad, op 23 November 1983 tot 15 jaar tronkstraf gevonnissen en in Maart 1991 vrygelaat kragtens die Pretoria Minuut. Hy is nou Hoof van Mediaskakelwerk in die ANC se Departement Inligting en Publisiteit.




"In die knyp", 'n skildery deur Jansie Niehaus. "Ek het dikwels verveeld en verspot gevoel in die tronk," sê sy. "Toe ek dié skildery gemaak het, wou ek uiterste frustrasie uitdruk oor die beperkings van die omgewing en van myself."




Jansie Niehaus




Dié collage deur Ben Martins Dikobe, tans die SAKP se streeksekretaris vir Middel-Natal, is in Maart 1990 in die Johannesburgse Gevangenis gemaak nadat hy gehoor het van die slagting in Sebokeng, waar die polisie op 'n optog mense gevuur en nege doodgeskiet het. Dikobe het koerantberigte oor die slagting saamgevoeg met knipsels van die Sharpeville-slagting in 1961, waar 67 mense doodgeskiet is - 52 in die rug, volgens nadoodse ondersoek. Dikobe het homself met 'n mes gesny en die bloed oor die collage laat drup. Dikobe is in 1984 gevonnissen tot 10 jaar tronkstraf omdat hy MK-operasies in Natal uitgevoer het en omdat hy lid was van die ANC. Hy het 'n deel van sy vonnis op Robbeneiland uitgedien en die res in Johannesburg. Hy is einde 1990 vrygelaat en 'n bundel gedigte oor sy lewe in die tronk, *Prison Poems*, is in 1992 deur Ad Donker uitgegee. 'n Gedig in sy handskrif is deel van die collage.



"Breaking Loose" (1986), 'n skildery deur Eric Mangamana Lubisi. Lubisi is in 1976, die jaar van die Soweto-opstand, in Silverton in Pretoria aangehou. In 1985-86 is hy kragtens die Noodtoestand aangehou in Kameeldrift en in die Sentrale Gevangenis in Pretoria. Die skildery is gevul met simbole wat nie net na die gevangense se begeerte na vryheid verwys nie, maar ook na die bevrydingstryd.



'n Versameling sketse en verjaardagkaartjies wat Dieter Gerhardt as gevangene in Pretoria gemaak het vir sy seun, Gregory. Gregory het by pleegouers in Switserland gaan woon toe Gerhardt en sy vrou, Ruth, in 1983 tronk toe gestuur is weens hoogeverraad en spioenasie. Ruth Gerhardt, wat in die Vrouegevangenis in Pretoria opgesluit is, is in 1991 vrygelaat en haar man verlede jaar. Die lighartigheid van Gerhardt se sketse vir sy kind is opvallend - al verwysing na iemand wat "opgesluit" is, is die vrolike monnik wat in sy sel iets te drinken geniet. Die prentjie van die seeumeëue is deur Ruth Gerhardt gebruik as ontwerp vir 'n appliekwerk, wat ook op die tentoonstelling te sien is.



"Massacre" deur Stephen Marais. 'n Ry figure met hul hande omhoog word deur 'n sarsie koeëls afgemaak. Dié werk weerspieël die gewelddadigheid waarmee politieke optogte en betogings al so dikwels in ons geskiedenis onderdruk is. "Die skets is gegrond op Goya se bekende skildery oor 'n soortgelyke tema, 'Die teregstelling, 3 Mei, 1808'," sê Marais. Marais is 'n kunstenaar uit eie reg. Hy het van 1975 tot 1978 aan die Michaelis-Kunsskool van die Universiteit van Kaapstad gestudeer (totdat hy vir militêre diensplig opgeroep is). Hy het heelparty dekoratiewe ontwerpe gemaak (herhalende patrone wat die tyd omkry), maar ook sketse met 'n besonder ekspressiewe trek. Hy skilder en teken nog, maar word druk besig gehou deur die vertaalburo wat hy en sy vrou, Khethiwe (ook 'n voormalige politieke gevangene), gestig het. Marais het hom in 1983 by die ANC aangesluit en deelgeneem aan MK se geheime operasies. Hy is in Maart 1986 aangehou kragtens Artikel 29 van die Wet op Binnelandse Veiligheid, in Oktober daardie jaar skuldig bevind aan terrorisme en tot 10 jaar tronkstraf gevonnissen (op appèl verminder tot 7 jaar). Hy is in Februarie 1989 met Khethiwe getroud in die motorhawe van die gevangenis in Pretoria nadat hulle twee jaar gesukkel het om toestemming te kry. Hy is in Oktober 1990 vrygelaat.



Zongezile Mokgatle by 'n skip wat hy van vuurhoutjies gebou het in die tronk. "So 'n stuk werk vul omtrent 'n week en twee dae," sê hy vandag gelate. Mokgatle is in 1989 ter dood veroordeel saam met dertien ander mense wat in 'n omstrede verhoor aangekla is van moord op 'n township-polisieman tydens onluste. Die 14 het wyd bekend geword as die "Uppington Fourteen". Mokgatle is op 26 September 1992 vrygelaat.

'n anti-kind kultuur

THE BLACK CHILD IN CRISIS

A socio-educational perspective

Volume 1

Redakteur: J le Roux

BEVERLEY MITCHELL

THE BLACK CHILD IN CRISIS is die eerste publikasie in Suid-Afrika wat 'n maatskaplik-opvoedkundige perspektief bied op die krisis wat swart kinders tans ondervind - 'n krisis wat baie verder strek as die probleme met onderwys. Die akademië wat in dié bundel oplossings probeer vind, gaan van die standpunt uit dat kinders produkte van hul omstandighede is. Dit is 'n boek wat onderwysers, onderwysstudente, ouers en welsynwerkers gerus kan lees.

Op die huidige tydstip is dit vir baie Suid-Afrikaners moeilik om te verstaan wat nou juis die probleem met swart leerlinge is. Baie mense, veral witmense, raak omgekrap oor die skoolboikotte omdat hulle 'n negatiewe persepsie het van die swart jeug het as onregeerbaar, wild, woës, 'n bedreiging vir die samelewing. Hulle sê die kinders is lui en het eenvoudig nie lus om skool toe te gaan nie; hulle wil net boikot, toyi-toyi, betoog en hul eie skole aan die brand steek en hulle geniet dit om winkel- en motorvensters stukkend te gooi.

Wat in dié negatiewe beskouing oor die hoof gesien word, is die faktore wat leerlinge uiteindelik gebring het tot boikotaksies en aggressiewe protes. *The Black Child in Crisis* ondersoek dié faktore.

'n Baie somber prentjie word geskets van die omstandighede en omgewing waarin swart kinders grootword. Van kleins af bevind swart kinders hulle in 'n nadelige posisie. Die omgewing waarin hulle grootword, is gevul met krisis op krisis. Dink maar aan die omstandighede van 'n jong kind in Natal, wat daagliks met die geweld moet saamleef. Dié kind sal vanselfsprekend nooit 'n normale lewe kan lei nie. Die oplossing vereis baie meer as net korttermyn-maatreëls, sê die boek.

'N ANTI-KIND KULTUUR word in Suid-Afrika en ook wêreldwyd gevind, word in die boek gesê. Dr ME Smith en prof J le Roux haal aan uit V Packard se boek *Our Endangered Children*: "Ons het 'n anti-kind kultuur ontwikkel wat ons kinders met 'n koue, harde wêreld buite die huis

konfronteer, en binne die huis het veranderinge in die struktuur en opset van die gesinslewe 'n diepgaande uitwerking en dikwels slegte gevolge op kinders se welsyn gehad."

Die norme van die uitgebreide tradisionele gesin - wat oumas, oupas, ooms, tantes, niggies en neefs ook omvat het - is deur die afskaffing van instromingsbeheer getref. Dié gesinstruktuur - wat op die platteland 'n veilige hawe aan kinders bied - is in die stede afgebreek. Ná die afskaffing van instromingsbeheer het duisende swart gesinne na die stede verhuis om werk te soek want die lewe op die platteland word geknel deur armoede, honger en siekte.

Met hulle aankoms in die stede vind baie van dié gesinne dat die stad geen uitkoms bied nie. Hulle kan nie 'n huis bekom nie, en van werk is daar byna geen sprake nie.


In dié omstandighede ervaar duisende swart kinders die moedeloosheid, die tragedie van werkloosheid. In die plakkerskampe waar baie gesinne hulle vestig, is daar geen ontspanningsgeriewe wat die jong kinders besig kan hou nie. Daar is ook geen sanitêre geriewe of voldoende watertoevoer nie: 'n sukkelbestaan.

Maar 'n gesin bly nie in afsondering nie, wys die boek uit. Die gesin vorm deel van 'n ingewikkelde sosiale, ekonomiese en kulturele omgewing. En dit is in die belang van die hele samelewing dat alle gesinne 'n kans gegee moet word om hulle regmatige maatskaplike rol uit te leef.

Die tragiese werklikheid is dat dit vir 'n menigte Suid-Afrikaners, veral in die swart gemeenskap, amper onmoontlik is om 'n kind 'n goeie opvoeding te gee - veral in die belangrike vormingsjare wanneer kinders die meeste aandag nodig het. Die eerste ses jaar is die belangrikste in 'n kind se ontwikkeling.

Een van die medewerkers aan die boek, E Atmore, haal lord Henry Brougham se stelling in 1923 aan: "...die waarheid is dat hy (die kind) in werklikheid veel meer voor dié ouderdom van ses leer as wat hy in die res van sy lewe sal leer. Sy belangstelling word maklik gewek, sy geheue is goed, slegte gewoontes is nog nie gevorm nie, en sy oordeel is nog nie deur onredelike neigings verdraai nie."

Maar in dié belangrike lewensjare kry talle swart kinders nie die nodige aandag nie omdat hulle ouers eenvoudig te hard moet werk om aan die lewe te bly. Nie net pa's nie, maar ook ma's moet dikwels ver van die huis af werk en baie ouers bly nie saam met hul kinders nie. Talle swart mans



werk as trekarbeiders en bly in stedelike gebiede ver van hul gesinne.

Talle swart kinders word dus alleen gelos, of onder die toesig van 'n oma of ou familielid. Pa en ma is nie daar om as rolmodelle te dien nie.

Dié kinders wat wel by hul ouers bly, verkeer dikwels ook in 'n nadelige posisie. Baie van hul ouers is ongeletterd en kan hulle nie voorberei op die skooljare nie. Na skatting is byna 11 miljoen Suid-Afrikaners in ongeletterd - 6 miljoen van hulle vroue.

EN DAN IS DAAR die duisende straatkinders. Die boek onderstreep die erns van dié probleem, wat baie mense ongelukkig koud laat. As daar nie gesamentlik en daadwerklik opgetree word om die probleem van straatkinders op te los nie, gaan dit verreikende en skadelike gevolge vir die hele samelewing inhou.

Baie straatkinders voel verstote, talle hardloop weg van die politieke geweld wat hul gemeenskappe teister met die hoop dat die stad hulle 'n veilige hawe sal bied.

Om net aalmoese uit te deel aan dié kinders help nie juis nie. Die meeste mense hoop die probleem sal eenvoudig net verdwyn - maar dit word al hoe erger, wys die boek uit. Landwyd is daar al sowat 9 000 straatkinders. Hulle ouderdomme wissel van sewe tot agtien jaar, die meeste is tussen dertien en sestien jaar oud. Die meeste kinders wat van die huis af wegloop, doen dit op 13-jarige ouderdom.

Die meeste van dié hawelose kinders is seuns - meisies is 'n minderheid. Kort voor lank word die kinders die stedelike aasvreters wat deesdae 'n kenmerk van Suid-Afrikaanse stede geword het.

DIE SWART JEUG wat wel skool toe gaan, is ook in 'n groot mate benadeel. Hulle klaskamers is oorbevolk, talle leerlinge het nie toegang tot handboeke nie, sommige het nie eens 'n skoolgebou nie, en baie van hul onderwysers is nie voldoende opgelei nie. In dié omgewing voel swart kinders maklik vervreemd. Die straat daar buite lyk meer aantreklik.

Volgens statistieke in die boek verlaat sowat 'n kwart van die swart kinders wat vir die eerste keer skool toe gaan, al teen Graad 2 (Sub B) weer die skool. Baie van hulle keer nooit weer terug skool toe nie en word deel van die duisende werklose jong mense. Dit vererger die reeds knellende probleem van ongeletterdheid.

Taalgebruik lewer ook groot probleme op vir swart leerlinge. Die meeste swart leerlinge word in Engels onderrig, terwyl Engels dikwels maar hul derde of vierde taal is. By die huis kan hulle nie oefen om Engels te praat nie, want hul ouers of oppassers verstaan dit nie. Omdat 'n taal net vlot gebruik word as dit daagliks ge oefen word, is dit vanselfsprekend dat kinders in dié posisie maar swak sal vaar op skool. Onderwysers moet meer ag slaan op dié probleem, word in die boek aanbeveel.

Die enigste manier om die huidige krisis op te los is 'n opvoedkundige benadering wat kennis neem van al die struikelblokke wat swart kinders in hul lewensomstandighede ondervind, is die slotsom waartoe die skrywers kom.

Die oplossing lê dus nie net in 'n verandering van die onderwysstelsel nie, maar in 'n holistiese benadering van die erflating van apartheid op alle vlakke - maatskaplik, ekonomies, politiek en kultureel.

H O N D

In tye soos dié wil almal graag hoor wat die digter sê



nege landskappe van ons tye bemaak aan 'n beminde Breyten Breytenbach


Dié nuwe werk van Breyten Breytenbach verskyn einde-Mei by HOND/INTAKA. Moenie dat hierdie omvangryke bundel (200 bladsye) jou verbygaan nie. Bestel nou!

By jou boekwinkel: R69,99

Bestel regstreeks by HOND — en kry 10% afslag

nege landskappe van ons tye bemaak aan 'n beminde
Breyten Breytenbach

R63,00 BTW en posgeld ingesluit



Maak tjeks en posorders uit aan HOND BK en stuur aan Posbus 208 Groenkloof 0027
Laat twee weke toe vir aflewering

Lucky Dube has come a long way from hometown of Ermelo. Since then he has released no less than twelve records and has embarked on four international tours - to great acclaim. His latest record, *Victims*, promises to boost him to new heights in popularity. **CHRISTI VANDER WESTHUIZEN** catches up with him just before he leaves for his fifth American tour

victims: My new LP is about people being victims of certain situations. You find that sometimes we become victims of situations that we didn't get ourselves into but that the people in power got us into. And there is nothing we can do about it.

politics: I don't understand politics. I don't know anything about politics. All I know is truth. So that is what my music is based on: truth and people.

hearts: A lot of people tried to create a united music culture in the past. Some of them did it successfully and some didn't. Maybe it wasn't from their hearts. Maybe we can do the very same thing but do it in such way that it's from the bottom of our hearts - not just to please people out there.

acceptance: Having these overseas groups coming to South Africa is great. Because South Africa has been isolated from a lot of things that were happening and now that these groups from overseas have eventually come to South Africa it shows that South Africa is being accepted again by the world. The problem was being isolated: it wasn't a good thing for us as musicians. When those guys from out there come to South Africa we can learn from them, we can share ideas and so on.

workshops: I don't actually know what happens in a workshop 'cause I've never been to one. But I don't think workshops as such would work for me. The way they perform, the way they do their show and all that comes with the show - that's what musicians would want to see. Especially if they come here and there are engineers that would set up these workshops where they tell us about this and this latest technology. That would work.

creativity: I don't think people get encouraged to do music. I don't think anyone can groom a person musically. I think music is a natural thing. It's something that comes up within yourself. It's not your mother or your brother that can decide and say "you know, you could do well in music".

inspiration: I get my inspiration from my personal experience in life and people around me.

the suffering artist: Most of the creative musicians are people that have suffered a lot. During their childhood, people that have just had no good time at all. Not only musicians but people like poets and all that. Maybe suffering makes people aware of things around them and yet, when everything is cool you don't care about anybody, you don't care about life. All you care about is yourself, what you have and a good time. That's maybe what happens. When you suffer you try everytime to know what's going on.

real life music: The things I write about are things that people relate to easily. Not imaginary stuff. The things I write about are happening in real life.

idols: I think Peter Tosh was actually the person that really inspired me. His music still lives in me. He's still alive with me. And he's the greatest.

slaves' reggae: Reggae started in Africa a long time ago during the times of slavery because that's what all the songs are about: slavery. The slaves were people from Africa. They were taken to places all over the world. Reggae was popularised in Jamaica.

danzer: We had a show in Durban, I think it was at the Village Green. A lot of people thought it was strange that we were sharing the stage with Anton Goosen. It would be Lucky Dube and Chicco or Brenda. We talked after the show and said one day we should do something together. That show went down very well - everybody was just happy about it. And then finally we got the chance to do that song together.

white noise: Music is music to me. Music is not white. Music is not black. It's only the people that make it black or make it white because of this apartheid thing that has been implanted in our minds. Some people find it very strange that I listen to Bruce Hornsby and the Range. I listen to Bruce Springsteen. And the Dolly Partons and all of them.

the world: The response overseas is great. That's why I keep going to those places. We get letters from Germany, Australia, just all over the world. That shows us the people like what we do.

religion: I just know and believe there is God. I don't have to belong to any church - the important person is God. That is another form of apartheid. If you go to the NG Kerk and I go to an Apostolic Church we won't like each other because you're NG and I'm Apostolic or whatever. That still causes separation. We believe in all these churches and not in God himself, the star of the show here.

dreams: My dream is what every South African has: my dream is to see South Africa getting back to normal and being accepted in the world as a country - and not as what people accept as South Africa now. If you go overseas and say you're from South Africa all they talk about is "why are you guys killing each other there?". "And what's this apartheid thing?" and we say "no, we're surviving". We have nothing to talk about except that the fighting is still going on. My biggest dream is to talk about my country and never be shy about it.

americans: This American journalist said to me "aren't you uncomfortable wearing clothes?" And I didn't know what he was talking about. "I mean, aren't you used to wearing skins?" he asked.



Lucky live



folk love

SA LOVE/ SA UTHANDO/ SA LERATO/ SA LIEFDE is a brand new musical of mostly historic local love songs due to open for preview on June 4 at the Market Theatre. The show will also be filmed as a pilot for a new women's programme to be screened on TSS. Further sponsorship for the project has come from Perm, marking their first involvement in arts funding.

Featuring in the show are Jennifer Ferguson, Sophie Mgcina, Felicia Marion (who previously sang with the group Joy), Michele Maxwell, Tonia Selley and newcomer Gloria Bosman (who's young and bilingual, plays piano, guitar and even writes her own stuff). Some of the musos leading the backing are Barney Rachabane on sax and Andre Abrahamse on bass.

Christo Leach, producer and director has been working on the proposal with Jennifer Ferguson for over a year now, spurred on by their ideal to "collect the greatest South African love songs of all time".

The songs were selected after extensive research and date back to as early as

Princess Magogo. Ferguson describes them as "the love songs of the people - not in a schmaltzy sense, it can be a loss of love, it can be a very abstract love. It's the underlying affirmation that is love. A lot of it is very despairing. If you look at the black stuff that's been done over the past 20 years, you find a very different sense of life to what whities have been writing. And love also deals with despair and alienation - that's the real disease of this place. We like to think of the songs as folk - as in the songs of the people."

SA Love, the proposed TV show, is a series about women in Southern Africa. "We'd hopefully be facilitating satellite link-ups with other women on the continent, concentrating on women's lives," says Ferguson, "It's not feminist in an exclusive sense, but rather about the female component of life. Through song, literature, documentary, interviews... focussing on enlightenment and empowerment. We're working closely with men as well, but are examining women."

- CHARL BLIGNAUT

Klipoog oor die week se tv

would you like to hasten to add?

IF Klipoog hasn't said very much about Ms Felicia Mabuza-Suttle, or rather, about CCV's Sunday night talk show *Top Level*, it's certainly not Ms Mabuza-Suttle's fault. No. It's for two very simple reasons.

First, for a while Klipoog in fact did not realize that *Top Level* is a talk show - that is to say a programme in which a carefully selected variety of knowledgeable or otherwise eminently suitable guests are invited to briefly but clearly air their views and briskly debate topical issues in a manner which is both informative and entertaining.

Instead, Klipoog had somehow gathered the impression that it was a late-night cabaret slot. (Klipoog didn't really stop to think about the programme title but figured *Top Level* must be one of those revolving restaurants perched on top of a skyscraper or a tower somewhere.)

What gave rise to this ridiculous notion is hard to say. But in retrospect Klipoog dimly remembers switching on one Sunday night and seeing a glamorous-looking lady darting down the aisle, microphone in hand, stopping in front of a sea of gazes expectantly fixed on her, and announcing in a commanding voice: "Yes, I'm the result of Affirmative Action! But baby, do I know my job? Yes! You bet! I know my job!"

The thunderous applause, enraptured cheers and jubilant foot-stomping which immediately broke the audience's expectant hush strengthened Klipoog's impression that this was the title of a hit song about to be rendered. As Klipoog wasn't really feeling the need for light musical entertainment, Klipoog decided to switch off and call it a day.

OF COURSE it didn't take long for Klipoog's misconception to be cleared up. One can hardly escape those publicity flashes, especially as they are delivered in a commanding voice, so Klipoog started tuning in from time to time to catch the drift.

The second simple reason why Klipoog has tended not to say much about Ms Felicia Mabuza-Suttle's show is that Klipoog is usually left speechless by it (as are some of the studio guests, Klipoog notices with empathy). It's hard to know what to say when half of Klipoog is struck dumb with admiration and the other half is struck dumb with irritation.

On the one hand Klipoog often admires the gusto, verve, chutzpah and sheer showwomanship with which Ms Mabuza-Suttle electrifies her atmosphere. On the other hand these are the exact same qualities which often irritate Klipoog into skipping her atmosphere for the next Sunday or two until the memory has abated.

Klipoog always comes back in the end, for Klipoog loves adventure and one of Ms Mabuza-Suttle's most endearing qualities is that she takes unexpected turns. Where else, for instance, could Klipoog have met Credo Mutwa?

And sometimes, when the dice fall right and powerful convictions (and powerful emotions) are stimulated in the studio guests by Ms Mabuza-Suttle's powerful prodding, one gets a really rousing debate.

But sometimes, as was the case with last Sunday's programme on the status of women and their rights, one feels that sparing the prod would not have spoiled the discussion but merely allowed it.

ONE OF THE FEW qualities which Klipoog adores less in Ms Mabuza-Suttle is that she hastens to add. This would not be so exasperating if she hastened to add to what she has said. But when she hastens to add it's usually to add to something that one of the studio guests was about to say.

It's not so bad when Ms Felicia Mabuza-Suttle hastens to add what she feels the studio guest should have said or should in fact be about to say. What gives Klipoog that sinking feeling is when what she is hastening to add is A Few Fitting Verses by A Famous Poet or an Uplifting Aphorism.

Or a Male Fascist Quote On Women by Napoleon - which she hastened to add last Sunday night before the show had even started. This left everybody slightly bemused, but the idea was apparently to see whether the stereotypical view South African males have of women have changed at all from the stereotypical view held by self-crowned European emperors two centuries ago. Which was actually not such a bad question to pose, because in the end it seemed to transpire that it hadn't.

Klipoog says "seemed", for the problem with *Top Level* is often that one is left feeling a bit unsure about what Ms Felicia Mabuza-Suttle had really intended her guests to say but didn't quite manage to prod them into.

Still, let Klipoog hasten to add that Klipoog will be watching again at some stage in the near future - because love her or hate her, life might lose some of its sharpness without the cutting edge of Ms Felicia Mabuza-Suttle's voice.

ON THE OTHER HAND

SOME time ago Klipoog bemoaned the stodginess of *Collage* and expressed the hope that the TSS programme *Art Works* would put some zing and zest back into culture.

It certainly has, but now fickle Klipoog is wondering whether it shouldn't put some more culture back into the zest and zing.

Klipoog is not referring to the zesty zing of the presenters and the optical illusions of the setting, which Klipoog finds quite refreshing, but to the zingy zest with which some of the inserts zip through their subjects.

The insert, for instance, on the multi-cultural kids celebrating the first anniversary of the ANC's Children's Charter in the Kruger Park conveyed little more than a string of bright and breezy slogans, interspersed with glimpses of glitterati and pop stars who support the cause of children. Some serious reflection on the sufferings of children might have spoiled the mood of buoyant idealism, but could have underscored the reality of their needs.

And though Klipoog appreciated the interview with Carl Niehaus on the exhibition of political prisoners' art at the Market Gallery, it would have meant much more if a few examples of the work had been shown.

But Klipoog especially enjoyed the insert on kiddy commercials and the one on the Dance Factory in Johannesburg, which not only teaches kids dancing skills but obviously helps to keep their spirits free in the bleak city environment.

All in all, Klipoog prefers *Art Works* to *Collage*, but perhaps there is space for an arts programme striking some happy medium between the two extremes.

MARKET THEATRE

832-1641

DAVID KRAMER AND TALIEP PETERSEN'S
FAIRYLAND
ONS IS READY VIRRIE JO'BURG
DIRECT FROM A 2 YEAR SELLOUT SEASON
IN CAPE TOWN
ENDS 28 MAY

LAAGER THEATRE 832 1641

VRYGROND - AMSTEL AWARD WINNING
PLAY '92
"VRYGROND IS FULL-BLOODED
THEATRE ..." - *STAR*
WRITTEN AND DIRECTED BY CHARLES
FOURIE
WITH CHRIS GXALABA, NATIE RULA, RICK
RUDOLPH, VICKY KENTE, TINA JAXA AND
WILLEM VAN DER WALT
ENDS 22 MAY

UPSTAIRS THEATRE 832 1641

SILENT MOVIE
WITH SEPUTLA SEBODI, LEILA
HENRIQUES AND RICHARD CARTER
CONCEIVED AND DIRECTED BY BARNEY
SIMON
"THIS IS THE MAGIC OUR THEATRE NEEDS"
BARRY RONGE
ENDS 29 MAY

KIPPIS

KIPPIE'S THE HOTTEST JAZZ SPOT IN
JOHANNESBURG!!!

WEEKEND DOUBLE BILL
FOR SOMETHING DIFFERENT JOIN MEGAN
KRUSKAL, LYNNE MAREE AND BO
PETERSEN IN *EROS DOES EROTICA*.
ENDS 22 MAY
AND
BARNEY RACHABANE WILL APPEAR LIVE
THIS WEEKEND.
DON TSHOMELA LIVE FROM TUES 25 MAY -
SAT 5 JUNE.

FLEA MARKET

SPEND YOUR SATURDAYS AT THE ORIGINAL
JOHANNESBURG FLEA MARKET
WHERE YOU CAN ENJOY LIVE ENTERTAINMENT
WHILE YOU BROWSE BARGAIN
HUNT IN OUR EXCITING SELECTION OF
STORES.

GRAMADOELAS RESTAURANT

SERVING AN ASSORTMENT OF
DELECTABLE, SPICY, AROMATIC DISHES
FROM THE WHOLE AFRICAN CONTINENT.
NOW OPEN ON MONDAYS AND CLOSED
ON SUNDAYS.
PHONE: 838 6960

MARKET THEATRE GALLERIES

AN EXHIBITION OF POLITICAL PRISONERS'
ART
A GROUP OF EX-POLITICAL PRISONERS
WHO, DURING THEIR INCARCERATION IN
VARIOUS PRISONS THROUGHOUT SOUTH
AFRICA, DID ART WORK.
FROM SUN 23 MAY - THURS 10 JUNE.

dead beneath the roses

Jean Genet's play, *The Maids*, is due to preview at the Market Theatre from 3 June with an all male cast. In the play two sisters, Claire and Solange, take turns at impersonating their mistress in a ritual game that culminates in symbolic murder. **CHARL BLIGNAUT** and photographer **SALLY SHORKEND** watched a rehearsal of the scene where the sisters have poisoned Madame's tea



1. Saint Genet (1910 - 1986). During long spells in French prisons for theft, Genet became a leading novelist, poet and playwright. Raw eroticism and political fervour eventually caused the likes of Sartre and Cocteau to rally for his release from an impending death sentence. In 1986 it was discovered that he later moved with the PLO, claiming a fondness for the soldiers' struggle.



2. Matthew Krouse is Madame: "She is the Everymadame". Krouse has the dubious pleasure of being the most banned writer/actor on the local stage in the 1980s. When he's not Madame, he's head of promotions and distribution at Cosaw.




3. Robert Whitehead is Solange: "The most supreme fantasy in her miserable, miserable life is that she is going to become the most fabulous murderess in all of France, be sent to a penal colony and be abused by guards and prisoners alike." Whitehead has been seen in some of the country's leading stage roles.



4. Robert Colman is Claire: "She's a bit thick, but very sweet. She's the miserable, innocent younger sister who also has wild murderous fantasies, but ends up doing herself in instead." Colman is a well-known Jo'burg actor, community theatre teacher and improvisaire.




5. Vanessa Cooke is the director: "I'd say we're having fun." Cooke is an award winning actress and director. She has opted for the all male cast to highlight the play's pathos and comedy - and anyway, this is the way Genet claimed he wanted to see the play staged.



6. Madame: (Having just returned from visiting Monsieur in prison) I've been trailing through corridors all night long... (She sees the flowers) Such horrible gladioli, such a sickly pink, and mimosa!

8. Solange: Madame should have some tea because of the cold.




Madame: [Laughing] You're trying to kill me with your tea and your flowers. You're too much for me, Solange. One day I'll be found dead beneath the roses!



10. Claire: I read True Detective, I know these things.



7. Claire: (Having just received a gift of clothes from the distraught Madame) It's so beautiful, I'll never dare wear it.



9. Claire: Isn't Madame satisfied with our work?

Madame: But I am, Claire. Delighted. In seventh heaven.



Fiona Ramsay as Leslie and Graham Hopkins as Graham in *Talking Heads*

vox humana

British playwright Alan Bennett's series of monologues, *Talking Heads*, opened at the Rosebank Theatre this week for its pre-Grahamstown run.

CHARL BLIGNAUT reviews

LESLIE is the bimbo brunt of sexist exploitation and joking asides, acting her heart out in a Mediterranean B-Grade film. Her grand finale is killing her lover with a harpoon gun, her ticket is screwing the film crew. Graham is middle-aged and living with his 72-year-old mother. They do the daily tea routine and he has an interest in period architecture. When mother is reunited with a former lover, she starts living it up and Graham starts losing it. Susan is the vicar's atheist wife who has turned to alcohol to save herself from the church routine, flower arrangements and a gaggle of geriatric parishioners. She finds herself involved in a sacred affair with her Indian liquor seller. He's 26 and beautiful, and persuades her to join the AA.

The author of these three monologues, Alan Bennett, debuted as a promisingly brilliant young writer at the age of 25 with his 1960 revue *Beyond the Fringe*. His subsequent works, including *Forty Years On*, *Habeus Corpus*, *Enjoy*, *Kafka's Dick* and *The Madness of George III*, have proven him to be one of Britain's most remarkable contemporary playwrights, with an acute ear for the comic ironies and mundane intrigues of everyday life and everyday language. Performed by some of Britain's most noted stage actors, his monologues and duologues written for TV and then transferred to the stage, are now being showcased by Fiona Ramsay and Graham Hopkins at the Rosebank Theatre. They call themselves the Troupe Theatre Company and are the first local company to persuade Bennett to have his work staged in South Africa.

THE PLAY IS a typical example of what we've missed out on during the trying years of Britain's equity ban. Bennett's writing is clever, razor sharp, achingly funny and manages to elevate the mundane into a series of bungling human adventures. Each of us has a story to tell. His characters are often unaware of their own ironies and, although they purge their own existence, remain trapped inside their social inadequacies.

Ramsay and Hopkins do the script ample justice in three of the most remarkable performances that this reviewer has yet seen them give. Ramsay's Leslie is a comic gem, Hopkins' Graham oozes confused pathos and then Ramsay comes along as Susan and does all that and more. The actors have directed one another to perfection, producing one of the funniest, saddest, most human and infinitely superior productions to be seen on the Jo'burg stage so far this year. They prove that strong theatre needn't be plagued by a lack of budget and that actors are quite capable of handling their own productions. It's going to be encores all the way to Grahamstown.

* The Rosebank Theatre is under new management and have announced that Terence Shank will be staging David Mamet's mind-blowing *Oleanna* later this year. They also have an art film society going.

the return of paul slabolepszy

Playwright Paul Slabolepszy was one of two South Africans recently selected to take part in a USIS cultural exchange. He has just returned from a month long tour of America's theatres. **CHARL BLIGNAUT** speaks to him

THEATRE workers from 17 countries as far afield as Russia and South Africa recently banded together for an American theatre tour after being selected as outstanding achievers by the United States Information Service. The group included directors, producers, playwrights and even a critic. The other South African selected was Cape Town community theatre worker Dumile Magodla. He and Slabolepszy joined in the multi-regional tour to "learn about American theatre and trade ideas with workers from across the world."


The highlight of the tour for Slabolepszy was attending the Humana Festival in Louisville, Kentucky - a gathering that has consistently premiered the great modern American plays. "Like *Agnes of God* and *Extremities*," says Slabolepszy, who also had the opportunity of staging a one-off performance of his highly successful one-hander *The Return of Elvis du Pisanie* at the University of North Western, where playwright Deon Opperman is completing his studies. Then on through Houston, Pittsburgh, Washington, New York.

Slabolepszy says we can learn a lot from the Americans, their theatre is totally organised, with each community receiving funds from big business and establishing their own networks. Their theatre is more diverse and manages to cater for all marginal groups.

And his own work? "The only South African playwright they know is Athol Fugard. They wouldn't believe me when I told them I had written 16 plays - or else it was kind of, 'What have you done since *Saturday Night at the Palace*?'"

But that could all be changing. "A company in Washington has expressed interest in doing *Mool Street Moves*. I'm trying to arrange that South African actors do the play there. The Americans are looking for new plays all the time - they seem to be losing most of their playwrights to television and film."

Slabolepszy has also confirmed that he's working on a new play. It's a seven-hander, and that's about all he's telling for the time being.



bende en diamanté

Susan Danford, Stephen Jennings en David Butler in *Truk se verhoogweergawe* van F Scott Fitzgerald se roman *The Great Gatsby*. Die opvoering het dié week in die Alexander-teater in Braamfontein geopen. Craig Freimond behartig die regie van 'n verhaal wat hom in die twintigerjare in Amerika afspeel. Tot 30 Junie.



volksverhale by truk

Nomshe Nkonyeni in *Truk se Kweku Ananse*, wat van 8 Junie tot 3 Julie in die Adcock-Ingram by die Windybrow te sien is. Die produksie bestaan uit 'n reeks Ananse-stories (Ananse is 'n bekende figuur in Afrika se volksverhale) vir die verhoog verwerk deur Walter Chakela. Peter Se-Puma behartig die regie.

Toegegooi onder die covers

PHILIP MOOLMAN is nie net 'n *Egoli*-ster nie - hy sing ook. En aangesien hy eerstens 'n akteur is, het hy 'n verrassende aanvoeling vir teatraliteit wat hy op akrobatiese wyse uiteef.

Tog is hy nie swak nie: sy repertoire doen gestand aan die titel van die vertoning: mens word letterlik toegegooi onder die covers - die vertoning moet in dié lig gesien word. So hoor mens dan Bowie, Cocker, Fairground Attraction, Doors, Midler, Elton John (soos gedoen deur Sinéad O'Connor soos gedoen deur Moolman) en uhhh... Neil Diamond...

Under the Covers is humoristies (weliswaar met tye effens verspot) en vermaaklik. Moolman is 'n poseur by uitstek en ook bietjie van 'n dandy - daar is genadiglik geen teken van Boere-machismo hier nie.

- CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN

* *Under the Covers* is nog vanaand by die After Dark-restaurant in Queenstraat, Pretoria te sien



Ed Harris is Moss

Al Pacino is Ricky Roma

hond eet hond

Dis nie die blink kant van die kapitalisme wat bo gehou word in **Glengarry Glen Ross** nie, skryf **CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN**

GLENGARRY GLEN ROSS is nie 'n mooi film nie. Ook nie 'n maklike film nie. Dit handel oor vier verkoopsmanne wat nie na wens presteer nie. Op een reënerige aand word hulle onverhoeds gekonfronteer deur 'n verkoopsman van die hoofkantoor wat wel presteer.

Alec Baldwin beïndruk as die arrogante kapitalis. Rooi sportmotor, goue Rolex, swart gestreepte snyerspak - al wat hy nog kort, is 'n dik sigaar. Met groot vertoon en heelwat beledigings stel hy die ultimatum: of hulle begin ernstig geld maak of hulle word afgedank. Natuurlik is daar 'n wortel voor die neus: 'n Cadillac vir die een wat die meeste verkoop.

Die besigheid is eiendom en die doelwit is om mense te oorreed om dit te koop - soos die gladdie kapitalis dit stel: "to get them to sign on the line that is dotted". Kapitalisme in volle swang: om aanvraag te skep waar dit nie bestaan nie.

Elke verkoopsman kry 'n paar leidrade: die name en telefoonnommers van mense wat onnosel genoeg was om êrens in die dowwe verlede te kenne te gee dat hulle in eiendom belangstel.

So nou het jy 'n afgeremde ou man (Jack Lemmon) wat gesprekke soos volg oor die telefoon voer: "Onthou jy my, meneer so-en-so, ek het verlede jaar met jou gepraat. Jy het nou die gelukkige geleentheid om uiters gewilde eiendom te bekom. Ek is vanaand toevallig in dié dorp, maar ek moet ongelukkig die twaalfuur-vlug terugneem so kan ek jou en jou vrou nou kom sien." Want sien, vroulied moet ook teken. (Dis die enigste plek waar vroue in dié film ter sprake gebring word.)

Ons geagte verkoopsmanne het een groot probleem: die leidrade wat hulle opvolg, is al maande oud. Wat beteken dat die voornemende kopers lankal nie meer voornemend is nie.

IN DIE KLUIS van die maatskappy is daar vars leidrade: nuwe name van niksvermoedende swape. Die Glengarry-leidrade. Ons bedremmelde verkoopsmanne weet hul kans om eiendom te verkansel is uiters gering met die leidrade wat hulle het.

Moss (Ed Harris) raak opstandig. En met reg ook: van menswaardigheid is daar geen sprake in dié besigheid nie. Shelley "Machine" Levine (Lemmon) se dogter is dodelik siek. Hy het lanklaas iets verkoop en besef die wanhopigheid van sy situasie.

Hy verneder homself herhaaldelik om Williamson, die hoof van die kantoor, te oortuig (deur omkoperij) om hom die Glengarry-leidrade te gee. Williamson, 'n swakkeling wat slegs deur nepotistiese ingryping sy pos gekry het, verlustig hom in sy predikament - die ou gesegde "power corrupts, and absolute power corrupts absolutely" neem naarmakende afmetings aan.

Jack Lemmon is aangrypend as die patetiese Levine. Levine se karakter illustreer sieklik dat desperate mense desperate dinge doen.

Moss probeer George (Alan Arkin) oorreed om hom te help om die leidrade te steel en aan 'n teenstander in die bedryf te verkoop. Die wisselwerking tussen die twee (en tussen die vierde verkoopsman, Ricky, en 'n moontlike slagoffer) is interessant: George is een van daai mense wat doodgepraat word - hy kry slegs 'n spreekbeurt as hy Moss se woorde beaam.

'n Karakter in Graham Greene se *The Comedians* sê daar's twee soorte mense: die toffs en die tarts. Die toffs het 'n vaste werk en gereelde inkomste; die tarts maak hier en daar 'n sent. Hulle is slinks en gladbekkig: soos die slymerige Ricky Roma gespeel deur Al Pacino. Hy gee 'n nuwe betekenis aan "to think on your feet" - en praat 'n toff met gemak 'n gat in die kop.

Wat Roma in sy geldgierige naïwiteit nie besef nie, is dat die wanhoop wat Levine nou lewensmoeg maak, oor 'n paar jaar syne sal wees. Want die rotresies het geen agting vir ouderdom nie - daar's 'n klein Roma wat net wag om hom te vervang.

NUWE VRYSTELLING



STER-KINEKOR

Altyd beter op die groot skerm

DANNY AIELLO ROBERT DE NIRO MARTIN LANDAU ELI WALLACH ROBERT WUHL

Elke mens het 'n hartstog... elke hartstog het 'n prys



MISTRESS

...WANT ONS HET ALMAL 'N MEESTERES

J & M ENTERTAINMENT Aanbieder TRIBECA PRODUCTIONS en MEIR TEPER Bied aan: 'N BARRY PRIMUS Regieprent 'MISTRESS'
Spelers in Alfabetiese volgorde DANNY AIELLO · ROBERT DE NIRO · MARTIN LANDAU · ELI WALLACH en ROBERT WUHL
Musiek GALT MacDERMOT Fotografie SVEN KIRSTEN Produksieontwerp PHIL PETERS Redigering STEVEN WEISBERG
Kostuumontwerp SUSAN NININGER Story BARRY PRIMUS Draalboek BARRY PRIMUS En J.F. LAWTON
Vervaardigers MEIR TEPER, ROBERT DE NIRO, BERTIL OHLSSON, RUTH CHARNY Regie BARRY PRIMUS

BEGIN VRYDAG 28 MEI BY DIE VOLGENDE STER-KINEKOR TEATERS:
SANDTON · NORTHCLIFF · FOURWAYS MALL · THE MALL ROSEBANK
EASTGATE · BROOKLYN · TREMLOODS

16

So eg, so reg! Sien dit eerste by Ster-Kinekor.



Bill Murray as Milo en Robert De Niro as Mad Dog

mal hond se blaf erger as sy byt

CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN
resenseer John McNaughton se
Mad Dog and Glory

WAYNE DOBIE is 'n teruggetrokke polisieman met die hoogs ironiese bynaam Mad Dog - want dít is hy nie (miskien wel 'n mak hond). Hy is 'n polisiefotograaf: snags neem hy foto's van moordtonele wat hy na die tyd raam en in sy woonstel hang. Hy is 'n stowwerige kêrel: sy dasse is te breed en sy hare te plat.

Bedags loer hy sy bure se amoreuse bedrywighede af. Nie omdat hy 'n voyeur is nie (eksotiese afwykings is nie sy styl nie) - nee, eerder omdat hy eensaam is en 'n hoogs eentonige lewe lei. Tot hy Milo die mobster se lewe red. Wel, soort van red.

Hy is geen rowwe jack wat skelms op heldhaftige en dramatiese wyse agternasit en vaskeer om dan in hul verskrikte gesigte "don't even breathe!" te bulder nie. Hy gee hulle eerder vriendelik aanwysings na die naaste nooduitgang.

Milo is sosiaal wanaangepas - hy weet dit want dit word al hoe duideliker in sy sielkundige terapieessies. Sy lyfwag Harold is 'n sensitiewe vent wat voordat hy iemand platslaan eers na sy welstand verneem.

Wayne se verfynde side kick Mike intimideer gespieerde kaalkop-bullebakke met finesse. Ná die tyd sê hy vir Wayne "no guts, no glory". Vir die lafhartige Wayne is dit waar - tot Glory in sy lewe verskyn. Deur 'n reeks tipiese underworld gebeure het sy Milo se eiendom geword. En hulle raak verlief toe Milo haar vir Wayne "leen" vir een week.

Robert De Niro kwyt hom uitstekend van sy taak as die angstige, introvertiese anti-held. Sy absolute ongemak met die wêreld en mense maak die kyker krielwrig. Ook Uma Thurman as die jong Glory wat alles gelate aanvaar, slaag. Bill Murray as die eksentrieke Milo oortuig ten volle.

Mad Dog and Glory is nie net 'n film vir mens-sku mense nie; mense met gebalanseerde selfbeelde sal dit ook geniet - al is dit net om vir die mak inkenniges daar buite te lag.

sins of the father

MARIANNE FOURIE reviews *Waterland*

JEREMY IRONS plays John Crick, an English history teacher in Pittsburgh, USA, who is in danger of losing his job. History is no longer a practical subject because it does not prepare pupils for their future careers. Crick maintains that it teaches people about the human spirit. In class he keeps the teenagers interested with accounts from his past. He introduces them to the fens of England and tells his family's story. The tale unfolds against the backdrop of the two world wars.

In an attempt to explain the significance of the study of history, he shows how one event brings about another. This chain of cause and effect leads one to understand why his wife, after stealing a baby from a supermarket, leaves him. From an incestuous union between Crick's mother and insane grandfather, John's mentally retarded brother is born. The secret is kept for a while and Crick's father acts as father to the disabled Dick.

The sins of the father are visited on his son: a murder occurs, followed by a suicide and an abortion. Crick's history is dark and desolate, as the fens on which he lives. The fens are the waterland of the title, marshy land unnaturally won from the sea.

Crick's account is achronological, as are the events. One moment the past, then the present, and, in some scenes, past and present simultaneously, portray the haunting quality of Crick's memories.

A REBELLIOUS student in Crick's class, Matthew Price (Ethan Hawke), questions the relevance of history. Later, when Crick asks him why he stays after school for extra mathematics and not for history, Price replies that Maths makes sense. History does not. For what did the world experience two world wars?

During a speech before the whole school Crick explains why he chose history as subject. History is nothing but a story we tell to distance ourselves from the horrors of life. Crick was in Germany after the Second World War and witnessed the removal of the bodies of children and babies from the rubble. The only way he could watch was by telling himself that he was seeing history. But it's more difficult to distance oneself from one's own history.

Crick leaves America to follow his wife Mary to England. Their story is not resolved because, as Crick points out, one can never know how one's own story will end. There is no triumph in this film but also no ultimate defeat.

The over-all acting is good, and Sinead Cusack, Iron's real life wife, is highly convincing as Mary Crick struggling to keep her sanity.

WHAT IS UNCERTAIN, is the lesson Tom Crick wishes to teach to his class. With Tom and Mary, youthful curiosity went wrong. Some of their actions had terrible consequences, but the conditions in which they lived and played differ completely from Crick's pupils' circumstances. It seems he shows them how past events have shaped his present life and how what they do in the present will influence their future.

However, one is at times left with the impression that particular occurrences are inevitable, as though some fatal cloud darkens the lives of the main characters. The film has a taste of Greek tragedy about it. One thing is certain: no one can escape from the past.



Albert Finney as paps

wat 'n huis is sonder 'n ma

RICH IN LOVE, die jongste film van die span wat vir *Driving Miss Daisy* verantwoordelik was, is nou te sien. Dit gaan oor 'n gesin wat in 'n laat stadium skielik moederloos raak: ma het groener weivelde gaan opsoek.

Die sewentienjarige Lucille (Kathryn Erbe) kom huis toe om te ontdek dat sy die nuwe vrou in die huis is. Sy moet haar ongelukkige pa (Albert Finney) paai en die pot aan die kook hou. Ouer suster Rae (Suzy Amis) en manlief Billy (Kyle McLachlan) help nie juis nie.

Dié verandering beteken aanpassing: paps ontdek sy twee dogters opnuut en Lucille slaag net-net daarin om haar amper verlore jeug te herwin.

Die vervaardigers Richard D Zanuck en Lini Fini Zanuck het weer die regisseur Bruce Berford en die draaiboekskrywer Alfred Uhry ingespan om dié gesinsdrama op die wye doek te kry.



Jeremy Irons doing his tweed thing



Robert Wuhl is Marvin Landisman, 'n gefrustreerde skrywer-regisseur, in *Mistress*. Landisman kry nie sy draaiboek verkoop nie. George (Eli Wallach) en Carmine (Danny Aiello) is geïnteresseerd om sy film te finansier - omdat hulle rolle vir hul minnarese daarin wil hê. Evan (Robert De Niro) stel ook belang - as hy 'n rol vir sy minnares kan kry. Die gevolg is dat Landisman se oorspronklike draaiboek onherkenbaar verander moet word.

Earthlings tree Sondag 30 Mei en Sondag 6 Junie om 9 uur by Tandoor in Rockeystraat, Teoville op. Dis 'n unieke musikale ervaring wat nie misgeloop moet word as jy die ritme in jou wil ontdek nie.

vryekeuse films

ROLPRENTE SONDER STERRE IS NOG NIE BEOORDEEL NIE; HIERDIE IS NIE 'N VERGELYKENDE SKAAL NIE; DIT IS ONMOONTLIK OM ROLPRENTE IN VERSKILLENDE GENRES MET MEKAAR TE VERGELYK



Robert Sean Leonard en Christian Bale in *Swing Kids*

- ***** VOORTREFLIK
- ***** STERK AANBEVEEL
- *** SIEN GERUS
- ** SO-SO
- * VERMY AS JY NUGTER IS

GROUNDHOG DAY

'n Romantiese komedie oor 'n TV-weervoorspeller.

MISTRESS

Sien bladsy 36

RICH IN LOVE

Sien bladsy 37

**** WATERLAND

Sien bladsy 36

**** GLENGARRY GLEN ROSS

Sien bladsy 36

*** MAD DOG AND GLORY

Sien bladsy 36

SWING KIDS

Robert Sean Leonard van *Dead Poets Society*-faam is in 'n minder belowende rol te sien in dié film. Hy speel Peter Muller, 'n getroue volgeling van die swing-musiekkultuur. Ongelukkig word hy vasgevang in die Hitler-jeugbeweging. Die twee gaan nie lekker saam nie en hy word gedwing om sy swing-aktiwiteite onder die donker bedekking van die nag te beoefen. Christian Bale en Tushka Bergen is twee van sy swingende vriende; Kenneth Branagh is 'n bose Nazi en Barbara Hershey is Frau Muller.

**** VALMONT

Milos Forman se Marquise de Merteuil en Vicomte de Valmont is mense met binnestes. Sexual conquest laat hulle nog krul van lekkerkry - maar sonder dat mens daai sinistere gevoel kry soos met Stephen Frears se weergawe van Laclos se *Les Liaisons Dangereuses*. Forman kyk na die verlies van onskuld; Madame de Tourvel se oorgawe aan Valmont om sy eie begeerte na die verkryging van die verbode te bevredig; Cécile de Volanges se oorgawe aan Valmont om Merteuil se wraakgierigheid te bevredig. Aan die einde word dit duidelik: Valmont is slegs 'n handlangster van Merteuil - 'n noodsaaklike onderdeel in haar boosaardige plan.

Die film kon eintlik Merteuil geheet het. CHRISTIAN DER WESTHUIZEN

**** TOYS

The Zevo toy factory is reminiscent of Willy Wonka's chocolate factory. In both strange designs abound. This isn't Disney: production designer Ferdinando Scarfotti borrowed imagery from modern art: Surrealism, Dada, Futurism and Constructivism. The real and the fantastic are combined to create a good, entertaining tale. Paradise lost and regained. Robin Williams and Joan Cusack are excellent as Leslie and Alsatia Zevo, the quirky brother and sister. MARIANNEFOURIE

**** RAISING CAIN

De Palma's horror is bred from the "usual" and that's what makes his latest film so powerful. His camera is again inspired by the kind of voyeurism exploited by Hitchcock. And, as with Hitchcock, the physical is exposed behind glass in full view - it's what lies beneath it that concerns the filmmaker. CHARL BLIGNAUT

*** SINGLES

Cameron Crowe het vier mooi post-brat packers vir die hoofrolle gekies: Bridget Fonda en Matt Dillon as twee neo-hippies; Campbell Scott (die man met die spastiese ken) en Kyra Sedgwick as twee neo-yuppies. Hul seksuele tref-en-trap probeerslae sorg vir heelparty komiese situasies. Ongelukkig vat Crowe dit te ver met afgesaagde tonele waar ornamente wild op tafeltjies begin wikkel om seks te suggereer. *Singles* is 'n vlekkelose 90s-film; die karakters is sensitief, sag en ordentlik. As komedie slaag die film, maar as kroniek van 'n generasie haal dit nie die paal nie. CvdW

** SOMMERSBY

Sommersby is die Amerikaanse weergawe van die Franse kunsveld *The Return of Martin Guerre*. Regisseur Jon Amiel het die verhaal veramerikaniseer met voorspelbare Hollywood-truiks maar die oorspronklike einde behou. Die gevolg is 'n aanloop tot 'n Robin Hood Prince of Thieves-einde - in stede daarvan kry jy 'n hoogs teleurstellende óngelukkige einde. Geen pyl deurklief die galgou nie, ek's bevrees. Beuselagtige statements oor rassisme word gemaak (die irriterende

James Earl Jones duik al weer op as die token swart "verrassing"). Jodie Foster en Richard Gere moet dié powerestorie probeer red - maar die draaiboek verhoed enige kreatiwiteit. CvdW

** USED PEOPLE

A blend of the bland and the garish: this film relies heavily on clichés. Pearl's (Shirley MacLaine) moderately charming suitor Joe (Marcello Mastroianni) brings about radical transformations in the Berman family's lives. His rather uninspiring personality, however, does not justify the influence he has. One constantly has the feeling that one has seen some aspects of character and situations before in better productions. And, like Joe, one never doubts how the film will end. MARIANNEFOURIE

* HISTORY OF THE WORLD PART 1

Urinering, winde opbring en uitlaat, speeksel, vroue se borste, ereksies... Mel Brooks, die skrywer, vervaardiger en regisseur van dié film, word bekoor deur gemeenplase en vulgariteite - en glo dat dit op sigself ongelooflike komiese waarde het. CvdW

NERIA

'n Zimbabwiese film oor 'n vrou se stryd om haar kinders te behou.

**** BLADE RUNNER

Ridley Scott se troebel toekomsvisie van die Los Angeles van 2021 is al in 1981 gesien - in effens gewysigde vorm, egter. Die veranderinge was gering maar tog ingrypend: 'n sonsondergang-einde en voice-overs (só is alle misterie fluks uit die weg geruim) is bygevoeg om die kyk makliker te maak. Nou sien ons die film soos Scott dit beoog het: onrusbarend met 'n dowwe son en baie skadu's. Die karakters voel soos hulle omgewing: die dialoog is geforseerd en hortend. Dis 'n speurverhaal wat afspeel in 'n wêreld van namaaksels. Jy ril, maar nie van spanning nie - eerder oor die onontkombare gevoel van wanhoop en vervreemding wat tussen die neonborde in die smetterige lug hang. CvdW

*** CANDYMAN

The Candyman's come to find you and for two hours you're going to find yourself slouched uncool and tense in your seat. Director Bernard Rose doesn't look for horror in all the usual places, but sets up every single frame - from the conventional to the psychotic - to test your nerves. Add to that the scariest voice since Freddy and the best overhead photography in ages and the result is one of the most taut, terrifying and simply narrated horrors to hit the circuit since the good old days of the first *Psycho*, *Halloween* or *Texas Chainsaw Massacre*. CHARL BLIGNAUT

**** ROSENCRANTZ AND GUILDENSTERN ARE DEAD

Tom Stoppard plaas twee mindere karakters in Shakespeare se Hamlet in die middelpunt van komiese gebeure in dié film. 'n Verwarrende wisselwerking van illusie en werklikheid en vlugge tongwerk boei die kyker end uit. Gary Oldman en Tim Roth beïndruk as die spraakgierige verblufte. CvdW

** INTO THE WEST

Skobbejakke, stommerikke, twee klein seuntjies en hul liefde vir 'n groot, wit perd - die bestanddele van menige kinderverhaal. En dis wat *Into The West* is: 'n film wat kinders sal geniet. Dis slegs 'n fraai verhaal - die regisseur, Mike Newell, het tevergeefs tips by *Time of the Gypsies* probeer vang. 'n Afgeremde Gabriel Byrne kan as die pa platgeslaan deur die dood van sy vrou gesien word. Ellen Barkin (sans sexy broekies en blonde hare à la Sista) is die ridder-sonder die wit perd. CvdW

*** MALCOLM X

Using Malcolm X's life story as a route-map to upward



Bill Murray en Andie MacDowell in *Groundhog Day*



Formanse Valmont met Colin Firth in die hoofrol

mobility, Spike Lee, the director, is shamelessly didactic. Milestones in his life are included in the film not merely to teach us about one man's trip from the gutter to the political podium, but to make us better people. The inoffensive, baby-faced character in the film is someone with whom our grandmothers could identify. - ANDREA VINASSA

****** BITTER MOON**

Bitter Moon handel oor psigologiese sado-masochisme en Polanski is een van die min regisseurs wat eerlik kan wees oor hoe mense mekaar in verhoudings behandel. Dié briljante (en baie tacky) prent lewer verontrustende kommentaar op die liefde, verhoudings, die huwelik en die ineenstrengeling van obsessie en oortreding. Polanski se karakters is wreed en geneig tot groteske gedrag wanneer hulle nie meer deur romantiese liefde beskerm word nie. Daar is heelparty skitterende wraaktonele waaruit die kyker perverse genot kan put. AV

****** DAMAGE**

Roman Polanski het in Bitter Moon die misterie rondom seksuele obsessie lelik gedekonstrueer. Hy het Romantiese Liefde 'n knou gegee. Louis Malle het die saak in Damage reggestel. Vir geen rede raak 'n anaal-retentiewe Britse parlementslid verlief op sy seun se verloofde. Die onbeheerbare, irrasionale, geheimsinnige ondiër - Romantiese Liefde - dwing hom in haar arms in en 'n moralistiese god ruk die groot vinger uit. Uitmuntende dekor tips. AV

***** AFTER LOVE**

Skynbaar het Diane Kurys nie die amptelike handboek van die feminisme geraadpleeg toe sy dié subtiel ontstellende prent gemaak het nie. After Love handel oor die ding waaroor Camille Paglia so bulder: die risiko's verbonde aan vryheid. Lola se lewe is 'n vervelige, morsige affêre, soos die lewe mos maar is. Dinge werk net nie uit nie. Lola vermoed sy gaan nooit kinders hê nie. Sy is dertig jaar oud en woon in 'n chic woonstel saam met David - dis haar woonstel, hy is die gas. Sy het pas vir Tom ontmoet. Sy is verlief op twee mans.

Probleem is David en Tom is getroud. Om dit erger te maak het hul elkeen kinders. 'n Moderne emosionele mallermeule, die nasleep van die seksuele revolusie en vroue se ekonomiese onafhanklikheid. 'n Fatalistiese en melankoliese prent. AV

****** ACCIDENTAL HERO**

Stephen Frears, die gevaarlike Britse regisseur van Dangerous Liaisons en The Grifters, het 'n ding vir liefdesdriehoeke en amorele karakters. Accidental Hero is geen uitsondering nie. Die drie hoofkarakters in dié uiters intelligente komedie aanklag teen die (Amerikaanse) media is Dustin Hoffman, 'n laekrimineel, Geena Davis, 'n briljante televisie-joernalis en Andy Garcia, 'n homeless liegbek met 'n mooi gesiggie. Accidental Hero is 'n skitterende verhandeling oor die aard van moraliteit, maar Frears slaag daarin om nooit te moraliseer nie. Dit wil gedoen word. AV

SCHOOL TIES

In die klas van Dead Poets' Society.

***** SALT ON OUR SKIN**

Dalk 'n ongemaklike prent vir feministe wat eenvoudige, helder antwoorde soek. Waaragtig roerende tranetrekker oor 'n liefdesverhouding oor die klasgrens heen. Greta Scacchi (nie my gunsteling-aktrise nie) is 'n snobistiese kosmopolitiese vrou wat verlief raak op Vincent D'Onofrio se Skotse visserman. Sy wil nie trou nie want sy sien geen toekoms vir 'n verhouding sonder gelykheid. Hoewel hulle op verskillende kontinente woon, kom gelykheid saam met die jare. AV

**** FOREVER YOUNG**

Mel Gibson leef vir ewig danksy moderne tegnologie en medisyne, maar dis geen rede om die prent te sien nie. AV

FERN GULLY

Dis 'n omgewingsvriendelike animasie-prent oor die vernietiging van die laaste reënwood. Die stemme van Tim Curry, Samantha Mathis en Robin Williams kan gehoor word, asook Johnny Clegg se Life is a Magic Thing, Joseph Tshabalala se Bamnqobile en Tim Curry se Toxic Love.

**** SNEAKERS**

Net omdat hierdie 'n polities korrekte riller is, beteken



Bridget Fonda as 'n neo-hippie in Singles



Jesesi Mungoshi en Tsitsi Nyamukapa in Neria

dit nie dis merkwaardig nie. Robert Redford en Sidney Poitier speel lefties van die sixties wat afgepers word sodat hulle 'n raaisel kan oplos. Dan Akroyd is snaaks al speel hy 'n ernstige rol. Ben Kingsley is die boef. River Phoenix-fans kan gerus gaan inloer. Die akteurs is hot, maar middelmatigheid voer hier die botoon. AV

***** LORENZO'S OIL**

In 1984 moes Michaela en Augusto Odone aanskou hoe hulle 5-jarige seun die slagoffer word van 'n seldsame siekte, Adrenoleukodistrofie. Hierdie is die ware verhaal van twee ouers se stryd om 'n geneesmiddel te soek. Daar is 'n lang lys redes om nie die prent te sien nie: dis 'n neerbuigende, langdradige, oor-verduidelikende mediese riller wat in-zoem op elke verwoestende stadium van Lorenzo Odone se fisieke agteruitgang. Daar is egte baie redes om dit wel te sien: dis 'n waagstuk wat 'n gesofistikeerde aanslag op die selfvoldaanheid van die mediese establishment lanseer. AV

***** SCENT OF A WOMAN**

Pacino se Frank Slade is een van daai epiese kragtoervertolkings wat Dustin Hoffman in Rain Man en Daniel Day-Lewis in My Left Foot gegee het. Dis 'n solo-vertoning met 'n heat-seeking Oscar misstie. Deur die verknorsing van die knorrige afgetrede weermag-offisier spreek die prent ontroerend oor eensaamheid en vervreemding. Die draaiboek is aanvanklik amusant en welgeskape (en gegrond op 'n toneelstuk) maar naderhand rafel dit lelik uit en die perd van slimhede word holrug gery. Die klimaks is so reg uit die Hollywood-handboek van Integriteit en Etiek. Sien dit, geniet Al in sy liriese, boosaardige, komiese, growwe, romantiese glorie, en probeer die pretensie ignoreer. AV

**** BODY OF EVIDENCE**

Madonna se jongste prent is een van die "vuurwarm" prente waarin Hollywood die laaste tyd voorgee om geen doekies om seks te draai nie. Maar in werklikheid is die prent so preuts soos 'n Victoriaanse tante. Dis nie seks wat ingespan word om jou te prikkel nie, dis rykdom. PAT DOWELL (In These Times.)

WELKOM BY DIE TOEKOMS!

WVE

R5,00 weekblad



sit die
VONKEL
terug in jou lewe

wie't gesê **goeie joernalistiek** moet **vervelig** wees?

Op Vrydag 25 Junie publiseer ons Vrye Weekblad die Tydskrif. Dit gaan 'n nuustydskrif wees, maar nie sons Time of Newsweek nie. Eerder soos Paris Match of Vrij Nederland of soortgelyke Europese tydskrifte: ondersoekende joernalistiek; mense; politiek; sport; vermaak; kuns; lewenstyle; boeke; groen kwessies; kos en wyn; gesondheid; satire en humor; reis - alles in kleur en lewendig en goed geskryf. En ons gaan 'n afdeling met internasionale artikels hê wat enige mededinger na 'n vervelige traktaatjie sal laat lyk. Lesers wat op VWB ingeteken is, sal die tydskrif vir dieselfde tydperk waarvoor hulle betaal het, ontvang. Met die eerste uitgawe van die tydskrif sal ons 'n spesiale aanbod aankondig vir voornemende intekenare.

MERK VRYDAG 25 JUNIE SOLANK IN JOU DAGBOEK.